

366

GEESTELIKE GEDIGTE

In

DAGBOEK FORMAAT

(Hesed Gadol - Genade in oorvloed)



Joas Natan

Gedruk en Gepubliseer in Suid-Afrika in 2020

Teksredigeerder: A. Oosthuizen.

**Skrifaaanhalings is uit die Bybel, 1983 vertaling, of waar dit anders
aangedui word.**

Kopiereg:

Alle regte word voorbehou. Hierdie publikasie mag nie gereproduseer word op enige manier, elektronies of meganies, ingesluit fotokopiëring, opnames of in enige vorm in 'n bewaring- en herwinningsstelsel sonder die uitdruklike vergunning van die skrywer nie.

Vir Gratis E-Boeke: www.joasnatan.co.za

Free E-Books: www.joasnatan.co.za

Voorwoord: 3 Junie 2022

Hierdie bundel is saamgestel uit gedigte wat geskryf is in die tydperk 2015 tot 2022.. Die skrywer het in 2021 tagtig jaar oud geword. Die konteks van die skrywe blyk duidelik uit die baie gedigte wat met die Groot Oorgang vanuit die tydelike na die permanensie van die hemelse te make het. Dalk is daar ook 'n ondertoon van sinisme en selfs swartgalligheid teenwoordig gesien teen die lewensagtergrond van die skrywer; as sielkundige het hy dikwels met die afgestroopte skyn van menswees te doen gehad. In sy eie worsteling met die lewe is hy ook gestroop van alles wat nie wesentlik is nie. Al wat oorgebly het is die alles van God. Goddank !!!!!

Aanvanklik was daar drie digbundels: 1.Hesed Gadol, 2.Hesed Gadol Twee en 3.Hesed Gadol Drie. Daar is na oorweging besluit om die drie digbundels saam te voeg in dagboekformaat. Daar is min dagboeke wat saamgestel is uit gedigte en daarom is die werk uniek. Die gedigte sal in groeperings van 6 aangebied word met die sewende dag 'n rusdag vir besinning oor die vorige 6 dae se gedigte. "Hesed Gadol" beteken "oorvloedige genade". Mag hierdie digbundel jou voortdurend herinner aan ons Hemelse Vader se oorvloedige genade oor ons.

Die digter gebruik die skuilnaam: Joas Natan. Joas beteken:" van die Here ontvang" en Natan beteken:" het van die Here ontvang". Die skrywer het maar net opgeteken wat hy van die Here ontvang het. Al die eer aan ons Hemelse Vader. Vandaar ook die feit dat die bundel gratis beskikbaar is.

Inhoudsopgawe

| | |
|-------------------------|------------|
| Kopiereg | 2 |
| Voorwoord..... | 3 |
| 1 Januarie | 5 |
| 1 Februarie..... | 39 |
| 1 Maart..... | 70 |
| 1 April..... | 103 |
| 1 Mei..... | 135 |
| 1 Junie..... | 169 |
| 1 Julie..... | 199 |
| 1 Augustus..... | 230 |
| 1 September..... | 261 |
| 1 Oktober..... | 292 |
| 1 November..... | 323 |
| 1 Desember..... | 355 |

1 Januarie

Redding

(Lukas 12: 57-58)

Wat is reg om te doen,
die hel sy mag te ontdoen?

Weet wie jou teenstander is:

Soms jou gewete beslis.

Hoe skik jy met hom?

Wanneer jy erken jou woord en daad is dom.

Voor watter Regter wil hy jou sleep?

Voor God wat alles weet.

Wie is die polisie wat jou begelei,

wat jou na die hel toe lei?

Satansleuens!

Wat is die tronk?

‘n Helse plek waar smartvuur nooit ontlont.

Daar sal jy die laaste sent betaal,

wat die hel van jou kan verhaal.

Weet jy nou wat reg is om te doen?

Ek bid, laat jouself met God versoen,

terwyl jy nog op die lewenspad loop,

voor jy gaan lê in die grondsloot.

2 Januarie

Jesusdoop

(Lukas: 12:50)

Staan jou doop sentraal?

Dink dan nog 'n maal.

Jou doop is net 'n heenwysing,
na Jesus se doop en lofprijsing.

Alle doop wys heen na Hom,
wat op die bestemde tyd sou kom.

Sy doop is met Gees en vuur,
toe Hy die hel moes verduur,

aan die kruis op Golgota,

toe Hy verklaar:

“ Daar is 'n doop waarmee ek gedoop moet word”

Here, wat 'n prys vir ons heelword.

Toe U ook moes sê:

“Dit sal My in beslag neem”

Here, om my van die sonde te vervreem

U het verklaar dat U dit moes doen:

“Tot alles afgehandel is.”

Dank God dat U ook kon roep:

“ Dit is volbring!”

-en so Heer, siele in te bring

3 Januarie

Jou Verste

Jy weet van jou naaste.

Ken jy ook jou verste?

Hy wat ver van jou, verby beweeg,
jou nie opmerk, afgesluit en lewensleeg.

Wat het jy met hom te doen,
hy wat nie met jou versoen?

Hy wat ander plekke kyk,
om tog net nie te sien hoe jy lyk.

Is dit van hom wat Jesus sê:

“Jou slang, jou dwaas, wat na die hel toe haas?”

Jesus bind ons aan ons naaste,
met liefde ook hier ter plaatse.

Selfs al is ons naaste vir ons die laaste,
hy wat ons aanrand, ons vrede verpand

in ons binnekring, indring,
moet ons hom voor Jesus bring.

"Gaan weg my verste, ek ken jou nie,

wil jou nie help nie.

jy bestaan nie.

Net God weet van jou;"

Tog sal Hy sal jou verantwoordelik hou,

soos die priester en profeet, ryk en uitgevreet,
maar in wese arm,blind en aardsgesind.

Geniet jy maar net jou saligweet,
Jesus het jou, o slagoffer, nie vergeet.

Hy is by jou , --- in jou,
jou liefste naaste Naaste, vir ewig trou.

Hy sal jou as pand behou
en as Sy kind beskou.

4 Januarie

Dwaas

(Lukas 12:13-34)

O dwase dwaas, luister tog nou.

Sien jouself, dompel jou in rou.

Ken jy die Jesusstorie,
die ryk dwaas en sy glorie?

Hy was reeds ryk gewees,
maar het God nie gevrees.

Hy, in sy sekuriteit se soek;
laat sy besittings hom versoek,
om daarop te leun en op te pot.

Hy het van God vergeet,
gedink dat hy als weet,
min wetende van die doodsweet.

Spoedig word sy lewe opgeskort,
toe hy met leë hande voor God moet staan

met geen skat wat nou vir hom bestaan.

toe sy rykdom in armoede vergaan.

Toe dit ewig tel, was hy in die hel,

waar hy satan kon vertel
van alles wat hy moes los,
en hoe duur die hel hom kos.

5 Januarie

My Naaste

(Lukas 10:25 tot 38)

O Here, was ek ook wetgeleerde?
Kom ek ook in my arrogansie,voor U, Elegansie?
Moes U ook my aan self openbaar,
toe ek voor U kom,-so onklaar?
Wie is U, so vol liefde en genade,
om my te maak, U gade,
ek die bruid-, vir my niks toegesluit?
Het U my die slagoffer laat word,
langs die pad uitgestort,
ontneem van kleed en eer,
my so te breek, my Heer?
Om my klein te maak,
my grootheidswaan te skaad.
My voorberei om kind te word,
afhanklik, vertrouend, aanvaardend,ingekort.
Wou U my so voorberei,
om in my kleine swakheid,my naaste te ontdek,
hom toe te laat, my aan te raak,
met liefde te versorg, my nader te bring aan U, my Borg?
Moes ek so leer om my van self te keer,
U te ontdek, ek, die gek,
om U te vind
die naaste Naaste,
hier ter plaatse?

6 Januarie

Kan Homoseksueel.....

mooi, goed, reg en rein wees?

Ja, alleen in die verdorwe mens se gees.

Ja, wanneer jy redeneer op die vlak van 'n bees,
gelei en beheer deur die vlees.

So kan die kerk 'n mens verlei,
en help om die hel in te gly.

Satan se mag en krag,
lê in die leuen waarop die kerk steun;
meer nog, in die verleiding van denke,
in mensgewillige luister na satan's wenke,

om sonde dood te dink,
so die helse drank in te skink.

So die gewete verwoes,
tot jy leeg en sleg van God wegkoes.

en nie eers weet,
jy het God vergeet,
en is oppad,
na die helse stad,
op die glybaan van die leuen,
dit waarop die hel steun.

Dankie God vir U lig, U waarheid, vir die klaarheid.

7 Januarie

Rusdag

Die sewende dag, die rusdag

Om die vorige 6 te bedink

Om iets te vind

Wat God uitsonderlik vir jou inskink.

8 Januarie

Gees of Vlees

Liggaam, kan ek jou verlaat,
Jy, verpersoonliking van die kwaad?
Alleen kan ek jou vermy,
wanneer ek van die wêreld af wegbly,
dan bly jy, o liggaam, nie,meer by my.
Dan kom die blye dag waarvoor ek lankal wag,
dat ek van hier vertrek,
weg van die aardse drek.
om julle, heidene, te ontvlug,
by Hom aan te kom met 'n sug.
So, julle agter te laat,
doen nou maar julle vleeskwaad.

Goddank, dan breek ek ook,
met die bande van die liggaamsdood.
Ook jy, o liggaam, bly hier agter,
jou roep word al hoe sagter,
tot ek jou nie meer hoor,
slegs die engele koor.

Verby, o krag wat in my opstoot,
vleeslike drange,doodsgesange,
vergeefse stryd, tydens aardse verblyf.
Ek kan jou net ontvlug,
in die liggaamsdoodsug,
wanneer ek jou agterlaat, jou verlaat.
Dankie Heer, vir die geesmens,
by U te wees my lewenswens.

9 Januarie

Gees of Vlees 2

Ek moet oor wat binne is,
my geeswêreld,
beslis;
my geeslewe oordeel en vermaan,
dikwels met 'n traan.
Sy bloed was alle sonde af,
verbrand dit soos kaf.
Spoedig sal ek die lyf verlaat,
en aardse sondes my nie meer skaad.
Om by Hom in te woon,
heilig voor Sy troon.
Dankie, dankie Heer,
U my groot Verweer,
teen satan`s aanslag, vel en sleg,
wat my met skuld wil verdelg.
Om liggaamsonde te vermy,
om die aardse mens te vermy,
sal jy hier jou ry moes kry.
Weet God oordeel wat buite is,
jou liggaamsdop
bestem vir dood en grond.
Jou gees, my broer, ewig in die hemel te wees,
ewig te fees saam met Sy Gees.

10 Januarie

Lig

Goddelike Lig-
stralend vanuit U gesig,
tot U in my kom woon, U, o Lig,
die wêreld te verlig.
Dankie Gees van God, Lig van God,
vir U vrug, U ewige Lig.
Al wat U van my vra,
is om U Lig te dra,
dit te laat skyn,
op my staander, vir U afgesonder, rein.
Hier is ek, o God, staander vir U genot.
Ek begeer, my Heer,
dat U my sal keer om hierdie lig
deur swarthondkos te ontwig,
wanneer ek die sondehond voer
in plaas van hom te moer.
Oppas vir die donker,
daar waar geen lig meer flonker.
Here, sal U deur my die withond voer,
selfs waar satan U werk afloer.
Mag hy blind word van die lig,
wat nooit sy siel sal verlig.
Here, wees U die Lig,
die donker wêreld te verlig.
Weerkaats Heer, U Lig,
ook vanaf my gesig.
dat ander U sal sien en eer,
my wonderlike Heer.
dat ek nooit sal word leeg van U Olie
Here, gee tog my lamp olie.

11 Januarie

Is dood die sin van alles?

Voor Adamsval het dood geen sin,
in dood alleen word sondestraf volbring.
God het gesê ons sal sterf, die hel vererf,
dat sonde vir ons die dood verwerf.

Sedert dood sterf als, buiten God,
onderwerp aan die doodslot.

Kyk om jou heen, herken jy dood, hoor jy die ween?

Die groen blaar vandag, word kompos oornag.

Ook jy, jongman, is deel van hierdie plan.

Ook jy word uitgewis, al veg jy so al jy kan.

Alleen in doodsaanvaarding, kom die rus,

nie meer veg, al het jy vir die lewe lus.

In die aanvaarding van die dood van self,

begin jy die ware lewe delf.

Gee oor, moenie veg,

begin stap, die ewige lewensweg.

In jou dood kan jy weer gebore word, tot nuwe lewe, sonder dood,

wanneer jou dood in Sy lewe word ontbloot.

Dood het dan geen sin!

Die lewe het vir jou begin.

Dankie dat U die lewe is, vir ons geskenk gewis.

Dankie dat ons nie meer hoef te stry, in die lewe te bly.

Ja, Here, U alleen is lewe.

Tog word elke dag iets nuuts gebore, dalk 'n mens, uitverkore,

of 'n blom, 'n saad, 'n blaar,

om tog maar weer net dood te baar.

Om ons te herinner,

alleen Jesus kan ons ewige sondelot verhinder;

deur ons dood, afgesterf, verlos van die helse erf,

wanneer ons in Hom die lewe vererf.

12 Januarie

Jou Uitspraak

(Lukas 12:8)

Verloën jy God, vergeet jy Sy gebod?

Spreek jy jou vir Hom uit,

of bêre jy Hom onder 'n kluit?

Wees eerlik met jouself, o mens.

Dit is my wens, dat jy jouself sal sien,

hoe jy jouself dien;

toe jy jil en juig oor 'n voertuig,

of toe jy stilbly, skeinheilig ingetoë,

toe ander spot oor God se onvermoë.

Weet, o mens, God sien alles raak,

ook wanneer jy galbraak

oor jou lot, beskik deur God,

vir toets en vorming, jou die hemel in te bring.

Waarom Hom nie glo vir Sy belofte van Bo,

dat Hy sal getuig van jou,

soos jy Hom voor die mense ophou?

Weet ook dat Hy jou in die hemel ontken,

wanneer jy Hom deur woord en daad, voor mense skaad.

13 Januarie

U Kom

Niks kan vergelyk met U wat ons kom haal,
geen strandhuis geen meubelwa,
geen strand met wit sand,
wanneer U ons in die wolk opneem,
en ons so vir ewig seën,
met U teenwoordigheid in ewigheid

Maak my dan so los.

Laat die aarde my nie die hemel kos.

Ek rig my oog op U.

Laat my gees na U opstu.

Dat ek sal wees,

by die fokuspunt van my gees.

Terwyl die vlees hier wag,

vir die opstandingsdag.

Ek met U feesvier Heer,

dat niks my van U keer,

om ewig by U te wees.

Kom, kom, o Heilige Gees

14 Januarie

Rusdag

Waaroor kon jy lag?

Of huil jy in jou mou,

vol berou

ou pronkpou?

15 Januarie

H₂O

Klei, deur stof en water gebore,
vir die lewe uitverkore,
word die elemente van stof
deur water opgepof.

So bring die water stof tot klei,
en suurstof bring die asem by.

Voor die klei kan word,
‘n kleipot bruikbaar afgerond,
op die pottebakkerswiel so rond,
moet die klei nog bak,
deur die lewe se ongemak.

Aan die einde van die tyd,

Sal die pot so verslyt,
en dan stukkend val, soms sag, soms met ‘n knal.

So word stof deur water tot lewe gedoop,
bring dit so die voorspel van die ewige hoop.

En jy, kleimens,
verstaan jy iets hiervan, of worstel jy nog, so al jy kan?

16 Januarie

Doop

Onthou jy lank terug,
toe jy gerus het langs jou ma se rug,
in die watersak, voor jy afsak,
en gebore word- in die lewe uitgestort?

Onthou jy die vrees, die koud,
toe jy uit die water kom met 'n klap op die boud?
Toe jy moes asemhaal, die lug jou longe intrek,
sodat jy nie soos 'n dier sou vrek?

Verstaan jy nou die genot, veilig by jou God

Wanneer jy veilig voel in jou huis:
Luisterend na die reën se gedruis.,
wetende in Hom is alles veilig en plus?

Maak die doop nou sin,
jou dompeling die water in,
jou geboorte, toe Hy jou uit die water lig,
en Sy asem in jou blaas?
is jy nog steeds dankbaar verbaas,
oor die nuwe lewe in jou ingeplaas?

17 Januarie

Kapernaum
(Lukas 4:33. Blyplek van Nahum)

Weet jy wie Jesus is?
Kan **die** kennis jou red uit satan se lis?
Weet jy van Kapernaum se duiwel?
Ook hy wou Jesus gesel,
met sy verklaring dat hy weet ,
en nie kan vergeet,
dat Jesus die Heilige is,
Wie red van die helse lot.

Nee, alleen die aanvaarding van God,
van Sy verlossingsplan,
alleen bekering van,
jou eie sondeplan,
alleen die vat van Sy genade,
om jou te ontdaan van die helse skade, dit kan.
Vergeet satan se leuen, dat jy op hom kan steun,
Om jou ryk te maak,
jou die koning te maak van kwaad.

Wie wil jy glo-wie wil jy aanvaar?
Weet dat die satan se boot na die hel toe vaar.
Klim soos Petrus uit jou boot.
Hou jou oog op Hom so Groot.
Al moet jy soms 'n bietjie sink,
Sy hand sal keer dat jy verdrink,
in sonde wegsink.

18 Januarie

Neuronbane

*Ou gevestigde neuronbaan,
vir genot en sondebestaan.
Geskep vir die mens,
die een, met 'n onuitputlike sondewens.
Slegs Jesusdood kon die verslawing breek,
die swarthondkosgee onderbreek.
Hy, die hond, gevoed deur sleg en vuil,
wat in die denker se gedagtes skuil*

*Goddank, Hy kom die doodsiklus breek,
wanneer Hy die nuwe dag laat aanbreek,
en so die ou neuronbane uitvee.*

*Alleen kan die nuwe bane bly,
wanneer die withond koskry.*

Daarvoor gee God raad:

“Kry klaar met die gedagtekwaad.”

*Hy sê: “Bedink wat is mooi en goed,
laat dit die withond voed.”*

Rig jou gedagtes op Hom .

volg waar Hy jou laat kom.

Bly op die smal pad,

moenie loer na die breë weg,

wat uitloop op die helse sleg.

Onthou een ding bo alles, mens:

“Jy is dood vir die sondewens.

Jy is nuut gemaak,

volgens God se heilige smaak.

Afgesonder vir Hom, en Hom alleen

Moenie meer op satan se leuens steun.

Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe. (Rom. 6:11)

Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is, watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees- daarop moet julle julle gedagtes rig. (Fil.4:8)

Hoe lank hink julle op twee gedagtes?

(1 Kon. 18:21)

Die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge. Die wat geestelik is, geestelike dinge. (Rom. 8:5)

Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en die Voleinder van die geloof. (Hebr.12:2)

19 Januarie

Skaapwagter

Oppassers van die offerskaap by Betlehem
eretitel van nederigheid vir jul bestem.

Uitverkorenes om Hom te sien en dien,
Met lofsang vir hul Heer, want Hy sou Self word,

offerlam, sonder eer omgord,
Hy wat kom om nederig te dien,
soos jy Hom hier in die krip sien;
sonder klere, sonder huis,
sonder aansien in die dierehuis.

Wondermens waarom so laag kom buk?
--- Geen mens uit te sluit van die ewige geluk?

Geen armer mens, geen nederiger begin,
so sluit U alle mense in.

Wil jy nie ook maar nou
jou ewige lot, kom behou?

Kom dan met jou sondeberou,
aanvaar Sy trou,

Sy liefdesoffer.

Pak solank jou koffer,
vir jou reis, na die hemelpaleis.

20 Januarie

**Christusfees
(Paasfees-Christus se geboortefees)**

Jaaroud lam,
volgens God se plan, 'n ram.
Gebore op Paasfeesnag 'n jaar later geslag, op Paasfeesdag.
Een jaar oud, beste vleis, beste prys, vlekkeloos getooi.
Was ook Hy, lam van God, gebore in die nag?
Is ook Sy lewe later verkrag, op die Paasfeesnag?
Toe Hy getooi in rooi aan die kruis word ontplooi?
Was Sy geboortedag, herdenk op twaalf,
met Sy bar-mitzva op Paasdag in Jerusalem?

Paasfees in Egipte waar als begin,
'n Nuwe tydperk word ingebring.
Eerste maand en eerste dag
verlossing uit die slawedag,
soos ons Heer se geboorte die sondeslaaf se vryheid brag
in 'n krip in Betlehem- die paasfeesnag.
Lam se geboorte is goed maar dit kan nie van sonde behoed.
Alleen die sterf, die bloed, bring enige goed.
Dus gedenk Sy kom, maar weet gewis
Sy dood alleen kan sonde uitwis.
Geboorte en dood word in Paasfees ontbloot.
Is die datum vir ons duidelik gegee,
al wil die wêreld dit met kersfees weggee?
Stille nag, Heilige nag, nag van God se krag
Oor die bese, bese mag,
kan net Paasfees wees!

21 Januarie

Rusdag

Rusdag weereens!

Bedink onthou

wat Hy hierdie week vir jou ontvou.

22 Januarie

Van Beloof tot Geloof

(Gal.3)

Here, U het so baie beloof.

Hoe kom ek van U beloof

tot my geloof?

Hoe kan ek dit my eie maak

my lewenstaak,

my bestemming bepaal

vir die hier en hiernamaal?

Geloof is 'n genadegawe van God;

'n present- nie gebod.

Wat breek dan U belofte oop,

my te bring by ewige hoop?

Waarheid net waarheid- ewige klaarheid.

Dit wat die vader van die leuen

by Adam en Eva, vervreem, steel, wegneem.

In plaas van geloof kom toe vrees.

Net Waarheid maak ons vry,

vir ewig bly.

Net die waarheid van ons Heer,

wat ons uit die Evangelie leer.

Dit bring U Gees, sonder vrees, in ons menswees;

Liefde, vrede en vreugde, is nou ons deel.

Satan kan dit nooit weer steel.

23 Januarie

Aanbidding

(Efes.1)

Voor U te staan,
met U Seun se liefde aangedaan,
toegedek, sonder vlek,
sonder smet, net met Sy liefde bedek.

Dank God en Koning,
U wat woon in u Erewoning,
en in my maak U inwoning,
vanwaar U my beheer, my Heer.

Ek bring U 'n dankgedig,
om U my God, op te lig,
U te verhoog tot waar U is,
vêr bo my vergesig,
verhoog, verhewe bo my denke,
alles van U, hemelse geskenke;

dit trek my op,
U verhoog my wese, Heer,
U wat my denke beHEER,
met U Goddelikheid.
U Goddelikheid laat my stil en klein,
woordeloos voor U, so rein.

24 Januarie

Deurbraak

(Op vleuels van die wind. Mat.6:33-34)

Wind van God, Ruach, Heilige Gees,

U oorwin my vlees,

U spreek U waarheid in,

diep binne in my in.

Toe ek U vra vir 'n deurbraak,
vir hierdie “ding” wat so baie saakmaak,

het ek fouteer, my Heer,

toe die doending U plek neem, o Heer.

Ek moes U eers bly soek,

voordat U luister na my versoek:

Die diens, die boek, die blog,

dit het geneem U plek, my God.

Dank dat U my beskerm het,

van die selfdoenwet.

U sê ek moet net vandag leef,

dan sal ek nooit vir môre beef.

So kies ek U dan nou

vir vandag se krag,

in U krag, iets vir U vermag.

Altyd U, bo alles Heer;

weer en weer en weer 'n keer.

25 Januarie

Voël

(Vir Janfrederik)

Jy met jou ingeboude huis,
sonder deur of kluis,
sonder klere of kombes,
koue kan die lewe nie uit jou pers.

Water maak jou nie nat,
jy trek net jou veertjies plat.

So min wat jou pla,
altyd God se genade wat jou dra.

Waar kry jy jou kos,
wanneer jy jou takkie los?

Voël, jy is God se preek,
vir ons wat sonder insig spreek:

Van soeke na 'n huis,
paleis, 'n kluis,
gefokus op klere,
slegs pronkende vere.

Soekend na gerief,
altyd deur" te min" gegrief.

Voortdurend gepla,
in 'n soeke na
meer en meer,
om die self te verheer

Vergewe tog Heer.
Maak my U voël, o Heer.

26 Januarie

Dood

Is dit waar van jou,ou dood:
Stop jy alles,
verwoes jy alles ,
sluit jy die lewe af?
Geen bewustheid , geen beweging,
verrot vergaan,
bly niks dan meer bestaan?
Is jy finaal,
my uit die lewe uit te haal?

Goddank, dit is nie waar;
Dood,, met my speel jy nie klaar.
Jy kan maar die doodsriël dans,
en glo ek het geen kans.
Die waarheid is:
Jou mag` s gebreek,
God trek vir jou mag `n streep.
Jesus het jou, ou dood, oorwin,
toe God Hom uit die graf uit bring;
lewendig, opgewek,
jy kon Hom nie toedek.
Hy leef, Hy leef, en ek in Hom.
Nooit kan jy my laat omkom.
Ek sterf nie meer-
stap net oor-
Wag! Ek hoor reeds die engelekoor.

27 Januarie

Redding

Waarom wil jy dit nie vat,
die groot geskenk in Hom- die skat?

Hy gee dit verniet vir jou,
om in jou hande vas te hou.

Moet dit nie afwys,
vir 'n aardse paradys.

Hoor tog nou!!!

van die groot geskenk vir jou.

Maak jou oop,
kom eet die hemelbrood.
Wat is dan tog die geskenk,
aan my so onbekend?

Luister nou mooi,
laat Sy Woord in jou ontplooi:

Geloof is God's geskenk aan jou!

Jy kan dit vat en jou eie maak.

Weet dat God nooit lieg,
kom nou met jou sondebieg.

Glo dan dat Hy lewe
God se Seun aan ons gegewe,
Hom laat opstaan uit die dood,
Sy liefde so aan ons ontbloot.

Dit is vir jou,- Hy is getrou.

28 Januarie

Rusdag

Vierde dag van rus

Met Sy genade gekus

Dankie Heer,

Wat het U my die week geleer?

29 Januarie

Redding 2

Om Hom te vertrou,
op Hom te bou:
die fondasie van ons huis,
sekuur soos 'n kluis.
Wie vertrou op die wet,
bid 'n vergeefse gebed;
nooit kan jy self red,
die sonde is te diep gebed.
Jou wese is verrot,
gedoem sonder God.
In die aflê van die self,
begin jy Sy genade delf.
Erken jou onvermoë voor Hom,
bely jou sonde om
jouself te probeer red,
deur die onderhouding van die wet.
Daar is net een manier,
hoe jy die dier kan keer:
Deur aan jouself te sterf,
weg te breek van die doodsverderf,
deur oor te gee aan Hom,
Hy wat in jou met genade kom,
die aanvaarding van Sy offer vir jou,
jou te red van die hel se klou.
Net Jesus, net Hy alleen,
kan jou sonde wegneem,
jou rein voor Hom te stel,
daar waar die eie ek nie tel.

30 Januarie

Hemelwoorde:

Hemelwoorde,
hemelse akkoorde,
deur 'n pen gekomponeer,
om U, my God, te eer.

Here, om U te glo,
kom net van Bo.

U, wat al hierdie dinge doen,
my met U te versoen.

Here, U gee die krag,
U almag vir vandag,
uit te gaan, U wil te doen,
ander met U te versoen.

31 Januarie

80

Bloedsweet

Knus in jou greep,
om hier te kom was bloedsweet.

Tog was ek gedra,
al is ek nou vol kla;
asof dit ek was, uit pas,
wie worstel met pyn,
terwyl Hy dit laat verdwyn.

Ek nou kan ek weet:
Dit was net Sy bloedsweet.
So deur Sy bloedsweet sal ek kom,
tot by Hom.

Nou is dit ander Arms wat wag,
ewige Arms met groot krag,
uitgestrek na my en jou,
ja, Hy kom ook vir jou.

Om ons te dra,
na Hom toe deur te dra.
Kom gou Heer, ek sal nie meer probeer keer.

Tagtig jaar

en nou maak ek klaar.

Wonderlike lewe gehad,
min lê God in die lat,
my te vorm en te keer,
die lewenslesse te leer.
Nou is die oorstap naby,
toegang tot die hemelpoort te kry.
My God my hart bars oop,
U goedheid duur gekoop-
op Golgota :
U bloed my sonde gesloop,
U seën ingepomp,
maak my geestelik vet en rond.
Tog innerlik verskeur;
wou nog 'n rukkie deur die lewe beur,
die sondemag versteur.
In my wese voel ek aan;
pylvak ingegaan.
soos ek U volg.
Sien U reeds staan:
Arms uitgestrek,
in liefde om my toe te dek,
altyd verlos van die aardse drek.
Dankie Heer, aan U al die eer.

1 Februarie

Skaap

Kom soos 'n skaap:

Stom,

sonder praat.

Verstaan nie die taal,

wat deur die kop maal.

Stil te word voor U,

U wie my doel vernu.

Oorgegee, onderwerp, ingeperk,

binne U wil versterk.

Onverstaanbare Here,

soekend na U vrede.

Gee my tog vandag 'n siel,

Speek, geruk uit die spin van die lewenswiel,

Spinnend na die hel,

tot ek van U vertel.

Gee tog so sin aan hierdie dag,

deur U Goddelike krag en mag.

Ek gee oor aan U wil,

vergewe my mensegril.

Neem alles Heer, vir U eer;

ook die siel vandag, toegevoeg deur U almag.

2 Februarie

Die Skepping

U het als gemaak,
volmaak volgens U smaak.
U het ons als laat geniet,
U skepping- tot in die verste verskiet.
Tog was die skepping onklaar,
sonder 'n mens gebaar,
om te geniet en te bewerk,
U Goddelikheid te versterk.
Jammer die mens misluk,
verwoes so God se geluk.
Al wat nog bly,
is 'n wete so bly:
Als sal vergaan,
pad vir nuwe Jerusalem te baan.
Dan sal alles van hier en nou,
vergete wees- so gou,
sal U heiligheid
word die ware werklikheid.
Skepping sal dan nie meer dien
ons U grootheid te laat sien.
Nie meer net 'n skaduing,
alles is dan in U volbring.
Kom gou Heer! Ons wag op U ons Heer.

3 Februarie

Rusdag

Alweer,

Wat het tydspoed omgekeer,

so versnel

dat dit jou beknel?

4 Februarie

Alles

Wil jy als verstaan?
Weet dan jy moet vergaan,
dat jou selfwees sal taan,
tot niks van jou meer bestaan.

Satan belieg die mens,
in die skep van 'n grootheidswens;
te wees sy eie sondegod –wat 'n lot.
Goddank ons Heer, het gekeer;
Hy, die Heer, in Sy regverdigheid
wil die doodstraf nie omkeer:

Een moet boet!
Daar is net Een goed;
Sy eie kind moet sterf-
vir ons die ewige heil verwerf.

Om in hierdie heil te deel,
moet mens soos God beveel,
aan homself sterf,
deel word van Jesus se verderf.

Alleen so kan die mens weer gebore word;
herleef deur water en doop, van sondeself gesloop.

Tog steeds soek mens deur ken en leer
uit te styg bo sy Heer.
Gou vergeet hy wie God verkies:
Die swakkes, ongeleer,
net die wat in afhanklikheid na Hom keer;
Die wat hulleself verloor,
deel te word van die hemelkoor.

5 Februarie

Nuwe Skuldgevoel

U het my hier kom omwoel.

Nou nie meer sondeskuld,

net U heilige liefdesgeduld

dring my om te doen,

dit waarvoor U my versoen:

U liefde uit te leef,

sodat ons, die sondaars, nie meer beef

voor die vrees van die hel

vir sondes, deur U ingestel.

Nee Heer, U het dit uitgewis,

U liefde is die rede –gewis,

Vrygespreek, U liefdespreek:

ewig vrygespreek,

vir die wat glo In U daarbo.

Goddank vir U plan,

wat sonde uit my lewe ban.

6 Februarie

Woorde - Hemelse akkoorde

Ek, moordenaar van God's Seun;
woorde wat in my gewete dreun.

Die vloek van my sonde
is my dood.

Daarvoor kom die Hemelbrood-,
Jesus Seun van God,
my te verlos van my honger sondelot.

Met Hom te doen soos ons wil,
selfs te dood in 'n sondegril.

So offer ons Hom,
sodat ons nie self hoef om te kom,
in 'n Helse vuur, wat ewig duur.

In Sy bloed en dood,
het ons straf uitgeloop.

Nou sit Hy by God,
opgestaan uit die aardse grot.

Ons skuld is betaal,
Hy het ons uit die dood gehaal.

Ek leef in Hom –
spoedig sal Hy vir my kom.

Dankie Here-lof en ere.

7 Februarie

Kruisdood

U bloed, wat my, die grond, deurweek,
my oopbreek,
my sonde ontbloot,
voor U so groot.
Tussen U en my,
die skuldbrief aan U Vader toegewy;
my skuld toegesmeer, bestaan nie meer,
onleesbaar in bloed gehul,
die hel is nou 'n ronde nul.
Skuldbrief ongelees,
verwyder is alle vrees
vir die slag van die sondebees.
Hy geoffer vir ons, o God,
misterie van my liefdeslot,
my toegeval deur God.
Is 'n ewigheid voldoende,
U te loof, my Beminde?
Dankie, DankU, DankU.
U het my duur gekoop,
my God, my ewige Hoop.

8 Februarie

Kroonblaar

Toe U kon kies tussen nul en 'n miljoen
die kroonblare van die blom:
Waarom het U die Vinka vier,
die Jasmyn vyf,
die Aronskelk met een,
geseën?

U Goddelike rede vir mens verbloem?
My begrip is min,
as ek U Goddelikheid probeer indring;
van die kroonblaar tot die hemelgewelf,
dwaas kan ek U wysheid nie deurdelf.
As ek verstom voor die kroonblaar staan
begin my eie grootheid taan;
hoe kan ek voor U grootheid bestaan?
In my mensheid ken ek net straf en hel,
tot U Gees my van iets meer vertel:

U het U liefde kom bewys,
toe U my sonde uitwys,
my geknak het, o Gees,
my gedompel het in helse vrees,
tot ek U liefde kon ontdek,
liefde vir my, 'n mensedrek.

Hoe kon U, JesusHeer, dit doen,
my so met U versoen?

In my plek die hel verduur,
in die smart van die helse vuur,
geoffer aan die kruis - U altaar - die brandebaar.

9 Februarie

Onbeperktheid

Ek, ingeperkte mens,
wat is my diepste wens?

Om U te kan bedink,
U grootheid in my te laat insink.

U, onbeperkte Wese,
Bron van sondaarsvrese.

U is nie tydsgebonde,
U denke is totaal onsonde.

U kan en mag en wil,
U almag vervul.

U ken alles, weet alles, verstaan alles-

U is alles.

Hoe kan ons U Gees begryp,
wanneer ons na insig gryp?

Wat weet ons van geloof en krag,
van alles wat U vermag?

Ons, haatlike mens,
kan maar net vir U liefde wens.

Spoedig is ons tyd verby,
het ons lewens verbygegly.

Verstommend Heer,
U onbeperktheid oor my omgekeer,
my toe te vou - U te onthou.

10 Februarie

Rusdag

Sewende rusdag van die jaar.

Moet ons vandag dubbel baljaar?

Want Sy rus en vrede kry nooit klaar.

11 Februarie

Doop, redding en geboorte

Wie kon die voorhangsel laat skeur,
van binne deur die maagdevlies beur?
Daar is net Een, ja, **Hy** alleen.
Vroëer is Adamsy oopgeskeur,
vir 'n vrou om deur te beur.
So sou ook ek en jy deur die skeur in Jesussy,
die ewige lewe verkry.
So word ons weer gebore,
vir die lewe uitverkore;
deur die geboorteskeur die ewige lewe ingebour,
toe Hy, my Hoop,
my in die Allerheiligste vasknoop.
Ook ek kon deur die breekwater gaan.
Om in die doop gebore te word,
met die maagdelike waterstort.
Soos toe al van Egipte
uitgewis , dood, lê op die strand.
So bly satan sonder krag,
Op die helse doodstrand bly hy lê en wag.
Nie een Egiptenaar, uit sondeland, bly lewe;
alle satansbande verbreek,
om nooit weer Godskind met die leuen dood te steek.
Satanskrag finaal verbreek, al wat oorbly van sy mag,
is die leuens waarmee hy bly verkrag.
Vir ons bly die
finale lossingsbaan deur die dooie see vir ons gebaan;
soos Israel deur die see, gered, deur water heen,
Daarom sal ons nooit, nooit weer ween.
My God my hart juig in U,
U het my bevry! My Hoop! -- in U gedoop

12 Februarie

U Wil

Jy sê jy soek Sy wil

en nie jou eie gril.

Is dit waar,

is Sy wil nou opgeklaar?

Wees tog eerlik mens;

by wie soek jy jou wens?

Is dit diep in jou verberg,

dit waarmee jy jou begeertes terg?

Gaan dit net oor jou, jou ou pronkpou?

Soek jy waarlik Sy wil;

om Sy Naamsontwil?

Op wie en wat steun jy- jou wil te bevry?

Haat jy ook onsekerheid?

Is dit waarom jy jou vergryp aan sekuriteit?

Waarom rus jy nie in Hom?

Waarom nie wag op Hom?

Waarom nie vertrou op Hom:

jou lewe op te bou,

te bestuur en te beheer?

Hy wil so graag, ons liewe Heer.

-Vertrou en wag,

Hy sal voorsien in Sy Almag.

13 Februarie

Menswil

Hoe sal ek U **wil** kroon met myselfloën.

Die mens wil weet sodat hy van U kan vergeet.

Wees stil en weet: Hy wat alles weet,

sal nie van jou vergeet.

Die detail van Sy lewensplan, vir jou beplan,

word voltrek sonder dat jy dit kan beperk.

Hy bepaal wat jy moet weet en waarvan jy moet vergeet.

O God, bepaal my koers, ek wag op U.

Spaar my van eewilligheid.

14 Februarie

Goed en Kwaad

Stryd tussen goed en kwaad,
sal dit aanhou om die mens te skaad
met smaad?

Die mens se geskiedenis begin
met kwaad wat die paradys indring.

Sedertdien, duur voort, die stryd en nood en dood.

Tot U Lig die wêreld verlig
en Jesus kom,

ons kom red vir Hom.

Tog duur die stryd nog voort,
vir hul wat nie aan Hom behoort.

Ons, gereddes van God,
deel nie meer hul lot.

Ons het Sy Gees ontvang
en is nie meer bang

vir hom, die ou slang;

hy, wat ons probeer verlei,
saam met hom in die hel te ly.

Jesus tree vir ons in,
aan die regterhand van die Vader ingebring.

Nooit kan ons, ons kindskap verbeur,

Jesus het ons vir Hom gekeur.

Dank God, dankie Heer, weer 'n keer.

15 Februarie

Sinvinding

(*Jes.55, Fil.4, Rom.8:28*)

Ewige vreugdelot
slegs in U, my God.
Omdat U vir my is,
die ewige lewenslus.
In my wete van U trou,
soos U alles bou en onderhou.

Ek weet, o Heer, U laat alles ten goede meewerk.

U het my geroep, nie versoek,
om U lief te hê,
my vreugde in U te belê.
Dankie vir U verbond met my gesluit,
'n ewige verbond, my God, gesluit:
Dat U troue liefde aan my betoon,
vir ewig by U in te woon.
Dankie dat U my in eer herstel,
in die eer wat by U tel.
Van my eie onvolkome,
waarin U, U krag vertoon,
en my as instrument beloon.
Dankie dat U Woord,
nooit onverrigtersake woeker voort.

Dankie vir U Goddelike plan,
Vêr verhewe bo wat ek kan.

16 Februarie

Die seën van die Here

Die seën van die Here, laat dit geluk,

Sy afwesigheid laat dit misluk.

Hoe kan jy sonder Hom,

wil jy so omkom, so dom?

Hy wil en kan en sal help,

die wat nie hulself behelp,

die wat in afhanklikheid roep:

“ Sal U my tog behoed,

en my dra as ek vra.”

Ek vertrou U, Heer

en vertrou op U, my Heer.

Ek hou aan U vas, my Heer,

help my tog nog ook hierdie keer.

Geen my krag vir hierdie dag.

Laat tog nooit los my hand,

ek is immers aan U verpand.

My niks kom gee ek U, o Heer,

sal U my teen die lewe verweer.

Hier is ek Heer,

maak my tot seën en nie tot seer, deur U wonderliefde, Heer.

17 Februarie

Rusdag

Rusdag, Vreugdedag,

weklank deur die lewe verkrag.

Al wat my deurdra is U krag.

18 Februarie

Onvoltooid

Die pyn van onvoltooidheid,

het my lewe aangegryp.

Die tyd is so min,

om nou met iets nuuts te begin.

Moeg gesukkel, uitgebrand,

net U laat my lewenslig nog brand.

Soveel om nog te doen,

ander met U te versoen.

Ek kan nie meer,

genadig sal U my krag vermeer,

dit beheer -

volbring U krag in my swakheid, Heer,

sodat ek tot U eer te kan sing:

"waarlik voltooidheid is volbring."

19 Februarie

Die seën van die Here

Die seën van die Here, laat dit geluk,

Sy afwesigheid laat dit misluk.

Hoe kan jy sonder Hom,

wil jy so omkom, so dom?

Hy wil en kan en sal help,

die wat nie hulself behelp,

die wat in afhanklikheid roep:

“ Sal U my tog behoed,

en my dra as ek vra.”

Ek vertrou U, Heer

en vertrou op U, my Heer.

Ek hou aan U vas, my Heer,

help my tog nog ook hierdie keer.

Geen my krag vir hierdie dag.

Laat tog nooit los my hand,

ek is immers aan U verpand.

My niks kom gee ek U, o Heer,

sal U my teen die lewe verweer.

Hier is ek Heer,

maak my tot seën en nie tot seer, deur U wonderliefde, Heer.

20 Februarie

Evaskind

(van Gen.3 - Jes.5:20 - Open.)

Soek jy nog steeds na ken,
sonder God se wysheidsrem?
In nabootsing van God se wysheidsken,
deur alles te probeer ken,
al weet jy dit is satansdoodslem,
nie teen jou keel
maar teen jou verstand as geheel.

Luister jy nog na satansleuens,
voorspel tot die eindtyd,
satanslinksheid onbeperk,
wanneer satan jou verlei deur hoerery;
begeerte gebore uit onvergenoegdheid,
ondankbaarheid, soeke na eie grootheid,
dryfveer van die laaste eeu.

Altyd weer die kennis wat ontplof,
Goddelike wysheid ingeplof.

In die soeke na sin
in materie en empirie,
in selfprobeer,
die ophef van die eie ek,

pogings om God te hou vir die gek.
Waar is die eenvoud van geloof,
die redding soos deur God beloof,
waarom die lewe weggee, dit so dom weggee?

Adamsonde,,naakthied ontbloot,met velle bedek deur 'n dier se dood,
met bloed gepaard,
God se raad vir die kwaad.

Tog sal die verleiding bly in **sien is glo**,
die wegtrek van die kleed, die oorsaak van so baie sondeleed,
geprikkel deur begeer in pornokleed.
Soos die wet die sonde drang versterk,
wil ook die klere die begeerte werk.

Deur onverstaanbaarheid,
word die mens se kennisdrang versterk.
Nog steeds die mens wat God wil wees,
deur sy begeerte na allesweet.
So word verlei die mens,
dat hy later sy verstand verwens.
Dit wat hom inlei in, die verderf in,
waar alles sleg word reg,
die verstand die reg verkneg,
waar sleg word goed,
en goed word sleg, vir jou intelligente sondekneg.

21 Februarie

Wedergeboorte

(Joh. 3:1-21)

Baarmoeder vasgegryp
vir wedergeboorte onryp.

Wil in duisternis bly,
van die ligdag onbevry.

Sal nie in donker die Lig kan sien,
die Lig wat jou geboorte dien.

Laat jou greep maar gaan,
die Lig het jou geboorteweg gebaan.

Nou kan jy gebore word:

Oë oop!

Sondenag van die hel, gesloop,
toe jy gebore word,
die eerste keer die Lig aanskou,
waar Hy vir jou wag, buite die sondenag.

So kom die skeiding, die Lig van bevryding,

toe jy uitglip en die Lig aanskou,
en weet dit is Hy,-,ewig aan Hom toevertrou.

Nie meer baarmoedervasgegryp,
in liefde vir die sondedonker.

Nou spartelend na lig, na Sy ewige Aangesig,

om Hom te aanskou,
nooit weer geteister deur geweteberou.

22 Februarie

Nederige

(Mat.11:28)

My nederige Heer,
aan U sagmoedigheid is daar geen keer.

Is dit wat U verhewe God maak,
om die minste te wees in enige saak?

Hoe kan U dit vermag,

U met eindelose krag?

Om as Goddelikheid te kom,

in 'n krip te lê, as waskom?

U, die ewige Lewe,

vrywillig aan die dood oorgegewe.

Waar is daar iets mooier Heer,

die liefde wat U hart omkeer?

Hoe kon U dit doen,

om my met U te versoen?

Ja, ja, Heer ek kom,

om in die rus in U te blom.

U weet ek is leeg-uitgeput,

van alles wat ek besit.

U ken die laste- my oorlaai,

U uitnodiging sal ek nooit versmaai.

Laat U sagte juk op my druk-

as herinnering

aan die juk- deur U gedra,

vir my op Golgota.

23 Februarie

Die Berg, die see en die blom

Wat sien jy vleesoog,
iets van die aarde of iets van Omhoog,
sintuiglike oog,
sien jy ooit iets van Omhoog?
Bly die singenot,
altyd verhewe bo jou God,
wanneer jy die berg sien,
so mooi deur die see bedien?
Dink jy ooit aan Hom,
Hy wat altyd eerste moet kom?
Bly sintuiglike genot altyd jou eerste god
of kan jy deur die skeppingwonder van 'n blom,
God se lig in jou siel laat kom,
wanneer jy die fyn kantrantjie merk,
die Goddelike detail van 'n blom, so fyn uitgewerk?
Kyk ou vleesoog,
verby die hemelboog,
soek na Hom wat skep, wat jy kan sien,
Hy wat Sy Vader so bedien?
Kyk tog verby die afgodgod,
ja, die god van singenot,
tot jy ontdek die vreugde van die Skeppingsgod.

24 Februarie

Rusdag

Sewende dag.

Verdien jy hierdie dag?

Het jy gearbei vir die rusdag

deur Sy genade aan jou toebedag?

25 Februarie

Weerstand

U skep die atmosfeer, o Heer.
In elke molekule weerstand ingebou.
Om sonstraal te ombou,
die donker te verlig
wanneer weerstand word die lig,
wat buiteruimtedonker verlig.
So kan die sonnestraal oorgaan in lig
Deur atmosfeerweerstand verdig
tot lewegewende lig.
Al is jy naby die son,
Lig kan net deur weerstand kom
soos die Wolframdraad die donker skaad.
So werk dit ook in jou en my;
Goddelike genadestraal kan net deur ons sondeweerstand lig versprei.
Bied jy ook weerstand teen die sleg,
dit wat 'n mens verkneg?
Word jy so deel van Sy Goddelike atmosfeer
wat die Son se strale absorbeer,
wat die sondewêreld verlig,
wanneer jou molekules gloei,
as Sy heilige son deur jou selle vloei?-
Jou weerstand teen die kwaad.

Sal sondaars deur jou sondeweerstand,
die lig sien sien wat verlig
tot 'n heilige wete, 'n vergesig,
wanneer die heiligheid jou deurbreek,
soos die oggendlig die duisternis,
en ander honger na jou lig,
nou nie meer vir hul 'n vergesig?
In hul wete van die oorsprong van die Lig,
Wat deur sondeweerstand kom tot lig van insig;

Die Lig was altyd daar, maar:
Iemand moes met bloed weerstand bied,
sodat die genadestraal van lig die sondeweerstand,
sou omvorm tot vergifnislig.

26 Februarie

Judas

Is begeer en onvergenoeg, broers?
Hoe naby is “wil hê” aan om verkeerd te sê,
wanneer ek meer soek van dit buite God se boek,
en nie meer luister wat Hy sê?
Net wil geniet en begeer,
sonder Hom, my Heer.
Dan is ek oorryp,
gereed vir satan se gryp.
So word ek weggevoer,
deur my begeertes aangeroer.
Eva, oermoeder, waarom dit aan my gedoen,
my deur u begeertes verdoem?
Here, toets U ons, maak U ons los,
van die lewensgemors.
Berei U ons voor,
vir die hemelkoor,
vir nie meer kla en vra,
tevrede; prys en lof vir U aan te dra?
U is bo alles Heer.
Rig my blik na U gesig.

27 Februarie

Hemel

Sielsiek of geessiek mens,
waarom soos God te wees, wens?
Waarom soek na die salige woning,
waar God nooit word erekoning?
Jy, so verknog aan nou, jou menspou,
aan die hierplesier, gerief en sekuriteit.

Dan wil jy nog meer begeer,
jou van vergenoegdheid weggekeer.

So soek jy vir wat nie bestaan,
‘n hemel hier op aarde gebaan.

Waarom nie tevrede wees
en God alles laat wees,
jou oë op Hom hou,

Hom, op wie jy kan vertrou?

Vergeet die ongerief,
laat dit nooit jou siel deurklief.

Die oornagbly is haas verby,
moet tog nie hierdie lewe liefkry.

Span jou in, strek na voor
daar wag die hemelkoor.

Alles is spoedig hier verby,
dan sal jy die hemel kry.

28 Februarie

Speel jy God, o mens?

Wanneer jy die oordeel uit God's hande ruk,
jou siel in die verderf inpluk?

Ken jy alles van jou skuldenaar,
hom van wie jy sê, hy maak jou naar?

Ken jy sy grootword,
pyn en trane gestort?

Weet jy van sy siekte, leed en nood,
soos sy gebrek aan brood,
sy troostelose uitsig,
dit wat hom ontstig?

Kan jy alles in berekening bring,
of net God se oordeel verwing,
met jou onvolledig beeld
van jou buurman se leed?

Alleen God weet alles,
Alleen Hy kan oordeel oor alles.

Kyk jy maar na jouself
beoordeel jy maar liewer jou eie verderf,
voor die graf jou verswelg.

God wat alles weet,
gaan spoedig ook jou dade meet.

29 Februarie

Naelstring geloof

Naelstring van die lewe,
geloof waarsonder ek behoort te bewe.

Al wat my aan U verbind,

U is my so goedgesind.

Wanneer selfvertroue hierdie band skaad,

van alles wat my kan baat,

ek net op myself aangewese is,

eintlik maar net mis,

want sonder U het ek my doel gemis.

Al wat my in U koninkryk kan kry,

is my swakheid, soos 'n kind bely.

Wanneer ek die naelstring sny

van wêreldguns te kry,

gestroop van wat my in U waarde gee,

word alles dan weggevee.

Dan bly net die mensedop,

gestroop van sy God;

groot in eiewaan,

maar die hemelweg bly ongebaan.

Tot jy weer van self gestroop,

voor Sy voete lê op 'n hoop,

en Hy Sy hand uitsteekom jou helse lot te breek.

1 Maart

Lewende verwagting

(Jes. 55: 12 en 13)

Dankie dat U, Gees,

my gees lig,

tot vlakke vêr bo my sig.

U lewe, waarlik Here!

Hoe kan 'n dooie god

in my gees spreek oor my lot,

met gedagtes bo my perk, van ingeperk?

Alleen U God kan vir my die rante laat huppel,

die bome laat handeklap?

vanweë U geheime aan my verklap.

Reeds nou huppel my gees op my weg na Hom,

wat spoedig my na Hom laat kom.

In verwondering oor Sy grootheid aan't kom.

Kom spoedig Heer.

Laat niks U koms keer.

Maak elkeen van ons

gereed vir U koms.

Laat niemand agter bly.

Maak ons tog almal vry,

vir ewig in U te bly

2 Maart

Rusdag

Rusdag, ek smag na jou,

om my toe te vou,

my so te herbou.

3 Maart

Redding

Waarom wil jy dit nie vat,
die groot geskenk in Hom- die skat?

Hy gee dit verniet vir jou,
om in jou hande vas te hou.

Moet dit nie afwys,
vir 'n aardse paradys.

Hoor tog nou!!!

van die groot geskenk vir jou.

Maak jou oop,
kom eet die hemelbrood.
Wat is dan tog die geskenk,
aan my so onbekend?

Luister nou mooi,
laat Sy Woord in jou ontplooi:

Geloof is God's geskenk aan jou!

Jy kan dit vat en jou eie maak.

Weet dat God nooit lieg,
kom nou met jou sondebieg.

Glo dan dat Hy lewe
God se Seun aan ons gegewe,
Hom laat opstaan uit die dood,

Sy liefde so aan ons ontbloot. **Dit is vir jou, Hy is getrou.**

4 Maart

Redding 2

Eers was daar Sy liefde toe Hy ons skep.
Toe laat Hy toe ons sondegebrek,
ons ewige dood, deur ons lewensverloop.
Toe die belofte van die offer,
Sy Seun, om ons die lewe in te ondersteun.
In die volheid van die tyd,
doen God gestand Sy besluit.
Ons Here Jesus kom om te betaal
vir ons lewens wat faal.
Hy gee genade vir kennis van Sy dade,
toe ons die evangelie hoor,
en Hom daarvoor prys in koor.
Genade, vry verniet, my deur God aangebied.
Maar eers moet ons beken
ons sondes voor Hom erken.
Dan kan ons na die vryspraak gryp,
dit in ons harte laat pryk.
Deur geloof, deur Hom gegee,
neem Hy ons na die hemel mee.
Dit is nou ons hoop:
ewig aan Hom verkoop.
Jesus het die prys betaal,
my as eiendom vir Hom kom haal.
Dankie, dankie Heer,

U het my sondeval gekeer.
My oë nou op U gehou,
U, so trou.
Nie net vir die ewigheid, maar ook nou,
sal U my behou.

5 Maart

Rusdag

Jy kan net een van die volgende twee wees:

Of jy hoop op Hom, die Here Jesus,

Of jy hoop op die mens en sy vermoëns.

6 Maart

Wind of God

(Mat. 14:22 - 33)

Wat sien jy my vriend,

God of wind?

Sien jy manifestasies,

menslike prestasies

of Goddelike relasies?

Kyk met jou geestes oog.

Dan sien jy Hom daar omhoog

in die lug en op die see.

Daar sal Hy jou ongeloof wegvee

tot ook jy Hom tegemoetloop

deur die onmoontlikheid van die doop,

toe jy in ongeloof sink

en net vir Hom om hulp wink

en skreeu: Red my Heer! Sal U my dood keer?

En Hy getrou soos Hy is,

Sy hand na jou toe uitstrek, gewis.

Om jou deur die water te red,

en jou te bring op 'n veilige plek-

styf jou hand in Syne geklem,

om so jou helse ondergang te tem.

Jou veilig in die boot te bring,

vanwaar jy vir ewig Sy heil besing

7 Maart

Digter

U wat my oplik Heer,
en as pen vereer.
Niks meer Heer,
net 'n penne-eer,
in U hand,
bruikbaar in bloed verpand.

8 Maart

Donkerkamer

Ken jy die donkerkamer,
die kamer van **nieweet**,
waar jy ronddool vol sweet,
waar jy tas en niks voel,
net doelloos rondwoel,
wanneer die moedeloosheid in jou woel?

Indien jy " **ja**" kan sê,
Wil ek jou as geesgenoot hê.
Dan weet jy van die vloek,
van die moedelose geroep:

Help my Heer!

Help my tog nog 'n keer.

Eva wou soos U wees,
deur als te weet.

U weet ek vra so min:
Gee my tog net koers, gee my 'n begin.
Red my uit die duister van die internet,
waar my siel besig is om uit te lek.

9 Maart

Rusdag

Kan jy iets bedink

Wat jy hierdie week vind.

Iets om aan vas te hou,

Weer en weer te kou?

10 Maart

Eensaam

(Mat. 16:24)

Is eensaam, saam met een,
net jyself, jou alleen?

Of

Is ek saam met een ander Een,
alleen ewig met Hom geseën?

Is dit wat Jesus ly, toe Hy moes roep:

“Waarom het U my verlaat,
My kaal aan hierdie paal versaak?”

Het Hy toe troos gevind,
toe Hy gedink het aan jou, Sy kind?

Dat jy deur Sy eensaamheid,
sou deel aan God se ewigheid,
nooit alleen te wees,

Hom met jou saam te dra in jou gees.

Tot jou gees een met Sy Gees word,
toe Hy Sy redding in jou hart uitstort.

Maak selfverloëning nou sin,
as jy dink, dis hier waar God begin?

In jou kruisdra en jou volg,
nooit weer wees jou eie borg.

Hy alleen het vir jou ingestaan,
toe Sy sweet word bloed en traan,
om die hemelweg vir jou te baan.

Hallel u Jahwe!

Halleluja!

U lyding is my bevryding.

11 Maart

Sesde Sintuig

*(Faith is the title deed of the things we hope for.
Faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses)*

Hebrew 11: 1 Amplified Bible

Begenadigde mens,
uit die oorfloed van God se goedheidspens,
het jy geloof ontvang?
Wees dan tog nou nie bang,
die geloofspad te stap,
op die lewenspad.
Wie is jy, wat het jy gedoen,
toe Hy jou met Hom versoen?
Geloof, genadegawe van God,
gratis uitgedeel- jou salige lot.
Wat jy moet doen, is om te vat,
Sy skat in jou hart te bevat,
te omhels, die wete van Sy genadespens.

Ek glo U is,
ja Here, U is gewis.
Dankie vir die loon;
U genade aan my betoon.
Dankie vir die eer,
geloofsheld deur U vereer.
Niks deur my gedoen-
Niks meer werd as 'n ou skoer,
deur U verkore; nie meer verlore.
Gesien deur die geestesoog,
geloofsintuig van omhoog.

12 Maart

Vrede van Geloofsvertroue

Hoe word geloof geoefen?

Kom dit deur beoefen?

Ek het my hand uitgesteek,
om in U Goddelikheid in te breek

met my vraag,

toe ek wou weet en verstaan,

om self my eie weg te baan.

Ek soek steeds in ongeoefende geloof:

om net U wil te kan ken,

om te weet watter pad U vir my uitpen.

U is my doel,

al is my geloof aan die verkoel.

U alleen bou die huis, tot ons van hier verhuis

en ek stil lê in die grafkluis.

Nou is dit nog “n weet nie waarheen ek moet gaan”,

nog steeds onge oefen op die lewensbaan.

Tog is U in U goedheid, Heer,

besig my te leer,

te oefen en te versterk,

juis deur my toekoms wete in te perk.

Dankie dat ek nie weet,

dat ek van myself moet vergeet,

dat geloof net word gebou,
deur blindelings te vertrou.
te weet U is in beheer,
nog 'n keer

Dankie vir U plan, U wil, U doel,
dat U my eie wil verkoel,
my koers en rigting gee,
my eiewilligheid wegvee.
Dankie Heer vir my” nie weet,
vir my vergeet,
van eie doel en plan,
vir my geloofsoefen soos U beplan.”

Kom moë en belaste,
bring My jou onsekere laste,
van nie weet,
toe jy in geloof geoefen,
die lewe blindelings beoefen.

13 Maart

Lust is passionate enjoyment or passionate desire.

Passionate is a strong feeling dominated by a lack of self-control.

(Oxford Dictionary)

Efesiërs 4:22

Here, ek het so hard probeer,
om hierdie sonde weg te redeneer.
Dankie dat U my keer en leer.
Dankie vir die waarheid my geleer:
“Trek die sonde uit, gooi dit weg.
Moet jou nie laat verkneg deur die sleg.
Trek skoon aan: die Bruilofskleed,
anders wag die helse leed.”

My God,
Wanneer gaan dit stop?
Goddank U het dit reeds gedoen,
my met U versoen,
toe Jesus sterf
en ek die lewe erf:
In Hom verlos
rein en skoon,
bestem vir Sy ewige kroon.

Al duur die stryd voort,
dit is soos dit hoort.
Aan ons beloof deur Hom:
Alleen deur stryd en pyn sal jy inkom,
deur die smal poort
beurend voort.

Onbegryplik Groot

Uit die oerbegin,
bring God die mens Sy koninkryk in.

U plan so groot,
laat my swak verstand ontbloom.

Nooit sal ek U kan begryp.

U wysheid sluit my uit.

U wat Almagtig is,
waarom het U sonde toegelaat,
mense hul dik laat vreet aan die kwaad?

Wat was U plan,
Here, met die maak van 'n man?

U het hom so goed gemaak,
hom laat heers oor die kwaad en al wat U maak,
na U beeld gevorm, rein en ongeskonde.

U wat alles weet,
waarom moes die mens boet deur sy sweet?

Waarom laat U toe satan toe,
na duisend jaar die mens te ploeg?
Is dit heiliging, ter voorbereiding?

Laat U ons ly,
ons so deur Jesus te bevry?
Is ons eenwording met Hom,
wanneer ons in die wêreld omkom.
Sodat ons weer gered kan word,
heilig, rein en sonder sondepyn?

14 Maart

Vrou

Jy is geen pronkpou.

Dalk is jou hande nie so mooi,

maar jy is van binne getooi.

Dankie vir die kykie in jou siel,

daar waar ek jou so verniel.

Dankie vir die vergifnis, vrou,

dat ek nie oor sondes hoef te rou.

Ek het jou lief,

my hartedief.

Reeds so lank saam,

steeds laggend op die lewensbaan.

Dankie, dankie Heer,

saam met haar te kon wees.

Wat 'n eer,

seën haar Heer, nog 'n keer.

15 Maart

Sodomie

Anti-sodomis,

vir wie dit nog sonde is.

Verguis, deur wêreld uitgewan,

soos net satan kan.

Deel van die Goddelike groep,

duidelik deur God geroep.

Bestem tot heiligheid,

vir hierdie sondige tyd.

“Gaan onder hulle uit”

Moenie soos ‘n uil,

sit op ‘n kluit.

Kies waar jy wil wees,

sonder vrees.

Wetend God is jou reg,

jy is geen sondekneg.

Juig oor jou behoedenis,

God sal jou nooit uitwis,

soos die sodomis,

gewis.

16 Maart

Rusdag

Dag van rus

Deur die Son gekus.

Vir ons voorberei.

Kom wees nou bly.

vir die week klaar gely.

17 Maart

Woorde - Heilige akkoorde

Ek wil so graag sterf,
saam met U opstaan uit die verderf.

Alleen in dood een met Hom,
om van die hel te ontkom.

Nie meer leef vir self,
ontsnap die helse verderf.

Gee oor aan Hom,
van Wie jou redding kom.

Elke dag weer sterf,
weer elke dag die hemel erf,
alleen in leef vir Hom,
deur Wie ons redding kom.

Gee oor, gee gehoor,
laat Hom jou red,
wie lewe in jou wek.

Sterf na vlees,
neem beheer, o Gees.

Dankie vir die einde van die sondenag,

vir die afbreek van alle eie krag,

vir 'n nuwe dag,

deur U bedag,

Heilig, Goddelike Krag.

18 Maart

Fenomenoloog

(met dank aan P.U. vir C.H.O.--1970-2020)

O fenomenoloog,
wanneer sal jou verdorwe verstand opdroog?
Wanneer sal jy kom tot geloof?
Hoe sal jy ontsnap van satan `s leuen
waarop jy so hard steun?
Weet jy nie die lewe is nie
in jou weet en verstaan nie?
Stuur tog jou hoë dunk na die maan,
sodat jy die waarheid kan verstaan.
Hoe kan jy jou losmaak van God,
om die fenomeen onbevange te betob,
los van vooroordeel en geloof,
wat jou van die ewige lewe beroof?
Jy kan Hom nie net bykrap,
om Hom dan weer uit te krap.
Hy is nie jou speelbal,
Hy is die God van die heelal.
Jy het Hom of jy het Hom nie.
Jy is nie God nie.
Fenomeen is nie God nie -
Dit is God se gebod - Hy alleen is God.
Nie jy, o fenomeen, sal my van God vervreem.
Sonder God is ek dood,
daarom dood ek jou, fenomeenidiot.

19 Maart

Geloof

O God, U ken die ongelooft,

wat my siel deurkloof,

wat my beroof

van alles deur U beloof.

Harde kern uit die hel gebore,

wat my maak verlore.

U kan hierdie harde neut kraak.

U kan dit stukkend maak.

Telkemaal,

wanneer my hart verhard, my verstand verhard,

in die soeke na rede, bewyse, logika.

en so die kern in my verhard,

tot my ewige smart.

Satan verlei, deur my na kennis te lei,

soos Eva is verlei,

20 Maart

Dankie

Dankie dat U in my leef.

Dat ek nie hoef te beef

van vrees

vir die eise van die dag.

Want U is my krag.

Alles behoort aan U,

die tyd, die krag, wat U vernu,

my wil, my verstand,

alles aan U verpand.

Ek lê my hand, in U hand.

Sal U my dra aan hierdie lewenskant,

tot U my kom haal,

vir die eerste en laaste maal.

Dankie dat U my God is,

dat ek aan U behoort, gewis.

Ek verlang na U my Heer.

Is dit dalk aan hierdie kant,

die laaste uitloop van die lewenssand?

21 Maart

Gedig

O gedig, lied van my siel,
wat in my dans 'n lewensriël,
wat opspring na omhoog,
my verplaas na die hemelboog.
Uitbrekende gees, reikend na bo,
daar rig ek my vertoë.
My siel diep uit my wese verhaal,
om U te eer en prys,
met gedagtes te diep vir my,
slegs van U verkry.
Oefen deur beoefen,
deugde van die gees,
in die tydvak van die vlees, van menswees.
Hemelse taal,
in gedigte verhaal.
Oop sluis vanuit my siel, vloeiend,
steeds teen die lewensgeruis stoeiend.

22 Maart

**Oumensvreugde:
Berusting.
2020**

Gemaklike berusting; die stryd is gestry.

Nou, aan die einde, bykans volledig gely.

Wat 'n seën is die ouderdom,

genot van die spoedige groot omkom.

Geen versugting meer oor die onvoltooi,

die Here het die lewe mooi geplooi.

Nog net die stille oorgawe,

'n vooruitsien na die hemelgawe.

Alles van die hier vervaag,

geen rede meer my lot te beklaag.

Die oornagbly in die lewenshut is haas verby.

Here, die lewe het so gou verbygegely.

U bly my hoop,

soos my lewensverwagting uitloop.

Nou bly nog net die groot verwagting,

spoedig Heer deur U bekragting.

Dankie dat geen band meer bind,

U maak my nou net Godsgesind.

Sal U my hande vat,

en saam met my die doodsvallei stap.

23 Maart

Rusdag

Ewige Rusdag voorsmaak.

Spoedig sonder maat.

Nou nog afgegrens

Spoedig onbegrens

24 Maart

Verdorwe mens

Waarom wil jy God wees,
oor jou eie lot in beheer wees,
die oersonde elke dag nastreef,
iemand en iets te wees?
God kan jou val slegs ondervang,
deur af te buig tot in die gestalte van 'n mens, na jou so bang,
nederig, afhanklik, arm, sonder aansien, net 'n swakke kind;
so alleen sal jy die Here vind.
Hy het net een wens: In liefde te dien en so
vir die mens se grootheidswaan te boet,
Sy lewe in te boet,
vir die sonde te vergoed.
In ons plek gestraf,
het Hy die hel kafgedraf.
In eenword met Sy lyding,
kom daar vir ons bevryding.
So kry nood en lyding sin,
om ons die hemel in te bring.
Wanneer ons in ons nood buig,
voor Hom van Sy Goddelikheid getuig.
In ons buigend neerkniel voor Hom,
ontvang ons Hom.
Nooit kan ons in ons grote self,
die ewige skat op ons knieë delf.
Alleen so na aan die grond
erken ons voor Hom: ons is onafgerond.
Ons, wat slegs waarde kry
in ons afhanklikheid, voor Hom te bely.
Alleen kan ons U ontmoet,
op die laagste punt van ons gemoed.

25 Maart

Digterlike Taal

Is dit hy wat die woorde uit sy hart haal,
verhaal in digterlike taal

vir ander, gratis sonder betaal?

Soekend na 'n siel, sy innerlike te hoor,
bo die roesemoes van die wêreldkoor.

Katarsis van sy siel, die digter se lewensriël.

Of is hy:

spreekgeïnhibeerd deur teleurstelling en verwerping,

skaam om sy gevoelens uit te haal, te verhaal?

Wil hy sê, maar deur 'n ander stem praat,
onbekend, anoniem –beskerm teen pyn en leed,
van ander se spot oor die geheime van sy siel.

Stel hy dan eerder sy gedagtes op digmaat,
met verskuilde simboliek,
as beskerming teen kritiek.

Wie kan sê hoe hy moet voel,
oor sy knoei en woel?

So kan hy speel met ander se gevoel;
opgeneem in sy storie met die hoop op eie glorie.

Is wat in sy siel opborrel,
krities bekorrel om net dit deur te laat,
wat hom nie weerloos laat,

slegs dit wat sy gevoelens baat?

Beskerm teen onbegrip, deur woordespel,
met sy verborge gevoelens, opgewel.

Is dit 'n magspel van ander dompel in die hel,
kry hy so sy wraak terug,
met 'n tevrede sug?

Of

Is dit nie een van die twee,
maar slegs 'n gawe deur God gegee?

26 Maart

Die Einde

Alles word gereduseer,
vereng, verklein ongekompliseer.

Lewensfasette word uitgeskud,
elementêrste bly geskut.

Die lewe spoed ten einde,
joune en myne.

Koorsagtig word gegryp,
na sin- voor alles doodryp.

Slegs die sinvolste bly,
sommiges sal dit al hier verkry.

Die visie word nou vertikaal,
deurlopend maal na maal.

Tot die oog vêrstaar,
in permanensie onverklaar.

Wat sal jy tog weet,
jy wat die Lewe wil vergeet?

Alles in jou uitgeruim,
tog bly die al maar net skyn.

Dalk verstar jou blik---
Oombliklik, as dit jou geluk.

27 Maart

Aardse Vreemdeling

Hemelboorling
ingebring
met genade toegespin.
In Jesus opgewek,
verlos van aardse drek.
Weg dan aardse drif,
reeds vir die hemel uitgesif.
Vrede van God,
grondslag van elke gebod.
Hoe kan ek U nie dank,
die hele dag lank,
vir die nuwe leef wat U geef?
Ja, satanis moet met reg beef,
nooit word sy sondes vergeef.
Bestem vir die hel,
waar elke sonde tel.
Jy het immers gekies,
jou vir God vervies.
Waarom is jy dan so dom,
Om vir ewig die hemel te ontkom?

U skep met woorde,
wonderlike akkoorde,
In my, geloof van omhoog,
toegang tot die hemelboog.
Nou nog ver soos by 'n ster,
spoedig Heer, by U my Heer.

28 Maart

Van Drie-Eenheid tot Vier-Eenheid

Uitgebreide Goddelikheid:

U was Drie

nou maak U dit Vier

Misterie van geheimenis,

U laat ons niks mis.

'n Nuwe lid word ingevoeg,

deur kindskap bygevoeg.

Tot 'n nuwe Eenheid Heer,

het U ons val gekeer.

U kinders duur gekoop,

U maak die hemel oop.

Geestelike eenwording,

Godskerk is ons begronding.

Deur liefde saamgebind,

elkeen deur U Gees gevind.

Boeties en sussies vir ons Heer,

so het Hy ons vereer.

'n Nuwe kind vir God,

wat 'n salige ewige lot,

dat U deur my spoel,

alles vir my goed bedoel.

Dankie dat U spoel my ook was,

tot lewe gewek uit dooie as.

Dankie God en Heer, weer en weer en weer 'n keer.

29 Maart

Hoop en Vreugde

Hooplose mens,
sonder enige goeie wens.
Waarom blok jy Sy genade?
Jou hooploosheid blyk,
uit jou vreugdelose kyk,
omdat alles vir jou so hooploos lyk.
Jy, selfde mens,
kan so maklik leef volgens Sy wens.
Sy kruis het alles gedoen,
om ons met Hom te versoen.
Vandaar ons hoop ,
selfs as die lewe leegloop,
van vreugde hier en nou-
Ons vreugde is op Hom gebou.
Selfs deur pyn en smart,
kan ons die onsienlike sien;
Ons hoop deur Hom verdien.
Ontbloot dus Sy genade,
in jou hoopvolle dae,
van Woord en Klank van Hoop-
Dit mag dalk net vir ander lewe koop.

30 Maart

Rusdag

Sewende dag

vir nuwe krag.

Bedink wat Hy gee,

neem die beste met jou mee.

31 Maart

Net drie Dinge

God het ons vir Hom gemaak,

vir 'n goeie saak.

Hy alleen is God;

in Hom is verseël ons lot.

Toe wil die mens self god wees,

Sy eie wil doen in die vlees.

So verloor hy toe God,

in die wil van eie kop en plesierig hoogskop.

Verlore, eiewillig mens.

Sterf in jou selfgerigte wens.

Net Jesus kan jou nog red;

bely en word bevry.

Net Sy bloed kan dit regkry.

1 April

Afgestorwe vriend

Dankie dat ek jou nog 'n slag kon sien,
toe ek jou kon bedien,
met gee en omgee.

Probeer het om 'n traan te vee.
'n Lewe so kort,
ja, nou is jy vort,
na daar waar ons graag wil wees,
in die teenwoordigheid van Sy Gees.

Al die pyn is nou verby,
al die stryd is klaar gestry.

Rus nou Jantjie----
nie meer baklei,
die lewe is klaar gely.

Wag daar vir ons,
op ons koms.

Spoedig, spoedig, sien ons jou weer,
permanent hierdie keer.

2 April

Oorstap

Suigkrag van die ewigheid,
vul my denke.

Daar wag die ewige geskenke

Van hulle reeds oorgestap;
wagtend vir my koms,

tans nog in die lewe ingeplons.

Voel jou lewenskrag uittap,
die grond in dring... die ewigheid in,
na waar hande wink en mense roep,
jou los te maak van aardse kwaad;
die roep van alles hier af te lê.

Hierdie lewe het net nie meer 'n sê.

Tevergeefse roep van," bly tog hier,

hier is vir jou 'n bier".

Nee, God wag reeds anderkant,
die wyn en brood is teen satanslis bestand.

Gedagtes kuier reeds so baie daar,
voel reeds daar ingebaar.

"Nog net 'n klein tydjie, hoor julle almal daar....

vee nog net die bywonershuisie,
vir oulaas, soekend na die houtkruisie.

3 April

Selfdood

Kan uit lewe, lewe begin lewe?

Lewe kom tog uit dood of niks?

Jesus kan net in my lewe,

as ek sterwend bewe;

die self ophou asemhaal, vir die laaste maal.

Deur water gebore word,

te ontvang wat in die sondelewe kort;

nuut asemhaal, 'n volle maal,

Sy Gees so ontvang.

Nie meer vir die dood bang.

Alles van die self opgee,

kan alleen die sondespore doodvee,

om nuwe spore te volg,

agter die Heer aan wat vir my sorg,

vir nou tot in ewigheid.

Is ek hiervoor bereid?

4 April

Ouderdom

Daar is nie omkeer,
oppad na ouderdom.

Hierteen het ons geen verweer.

Ons enigste troos:

“Nader aan U, o Heer”.

Gee tog dat niks my sal keer,
in my ouderdomsverweer.

Al maak dit hoe seer,

bly U tog in beheer.

Dankie Heer!

Amen.

5 April

Ouderdom 2

(vir die tagtigjariges; 23 Maart 2021)

Jy rem teen tyd,
al verskietend na die ewigheid.

Jy probeer orals keer,
probeer selfs die pas makeer.

Asof dit sou help,
armsalige pelp.

Die herfsboom kan tog nie lieg, hoogstens biegl:

“Jou tyd het aangebreek,
sien tog my blare is aan't verbleek.

Jy kan probeer om my te flous,
met aanplanting van lentebloem.

Al maak jy hoeveel somme,
en dophou die temperatuur,
sê ek nog nee, ek, die natuur.

Die tempmasjien sal nie saam lieg,

Jy kan maar net so wel biegl:

Waarlik die tyd het gevlieg.

My tyd is haas verby,
my Somerson het verbygegely.

Dit is hoe dit is!

Ek is besig met die afskeidskus."

Net aanvaarding bly nog oor,
dan sing jy in die hemelkoor.

Niks verder bly nog oor.”

Toe word die boom so mooi:

In doodsbruin getooi.

6 April

Rusdag

Oppas vir kladag,

vir rustende sugdag.

Bedink die goed en mooi

waarmee Hy jou die week tooi.

7 April

Afsterwe

Sou jy vannag nog sterf,
die lewenskoek, half geëet,
laat bederf?

Of

Sal jy Brood wil eet,
die lewe, want Hy het jou nie vergeet?

Waar jy nou wik en weeg,
bid ek, laat Hy jou vergeef.

Gee oor aan Hom,
Hy gaan spoedig vir jou kom.

Maak reg, berei jou voor,
Weldra sing jy in die hemelkoor.

Wat moet jy nog hier doen?
Laat jou tog met Hom versoen.

Spoedig sal Hy jou soen,
met 'n kus van sielerus-
ewig net van Hom bewus.

Of

.....

Too ghastly to contemplate!

8 April

Hemelmisterie

Hoe sal ek U hemel ken,
uit wat ek op aarde mee kon verken?

Hoe sal my sintuie van nou,
U hemel kan beskou?

Waar is dan hoor en sien en raak,
as ek in U hemelruim wegraak-
'n ander dimensie van ervaar?

Sal U dit tog opklaar.
sodat ek met geesoë kan kyk,
met geesgehoor sal vergelyk.

uit wat ek hier ken,
laat my tog iets van U hemel verken.

Wat sal my nouwerklikheid vervang,
daar waar U alleen alles kan?

Vervang tog my bang!

Sal 'n boom nog wees,
of word alles gees?

Sal ek net U kan ken,

U heiligheid beleef,

net deel wees van my eie koor,

niks anders hoor, net loof,

niks meer ontvang, net liefde gee,

daar waar die sonde is weggevee?

Net van Goddelikheid bewus, sonde ewig uitgewis.

9 April

Ont-ferm-ing

Toe die mens gesondig het,
vasgevang is in satan`s net,
het God Sy ferm wet gegee,
om die sonde weg te vee.

Sy ferm woorde van toet,
kon die mens nooit nadoet.

Mens was gedoem,
om nie met God te versoen.

Genadiglik was die offers daar,
om die mens te belowe:

Als is nie klaar.

Alles wys toe heen,
na God se groot Seën;

Hy, God se Seun,

wat die ferm wet sou vervreem,
die mens met genade sou seën.

Die ferm is uit die wet geneem,
toe Hy ons in Sy ont-ferm-ing seën,

toe U uit genade die wet ont-ferm
met genade as die kern,
ons siele te beskerm.

10 April

Ou Bome

(Vir ons, die tagtigjariges)

Hoor jy al die houtkapper
in jou bos,
om te kom vel, die groot kolos?

Kom tagtig jaar,
die lewe kry hom net nie klaar.

Tog sal hy val, met 'n knal.

Soms lyk hy uiterlik goed;

vol blare wat hom behoed,

maar binne opgebruik,

die asem vlak, die bene swak.

Nou hoor hy die Kapper kom,

nie net in sy bos,

maar in sy laan gekom.

Hy het sy doel gedien:

Aan sy medemens voorsien,

tot God's eer geleef.

Daarom hoef hy nie te beef.

Uit die grond gekom,

nou sal hy weer word waar hy het vandaan gekom.

11 April

Maria, Miriam, Mirjam

Geseënde naam

Mirjam, suster van Aäron en Moses

Profetes.

Mirjam, moeder van ons Heer,

Bygedra om ons sondeval te keer.

Mirjam Magdalena, van Magdala.

Mirjam, van Betanië, suster van opgewekte Lazarus,

wie aan die voete van Jesus rus.

Mirjam, suster van ons Heer se moeder.

Mirjam, moeder van Johannes Markus,

gasvrou van die Avondmaal.

Mirjam, sewe, van Rome,

Goeie vrou wat gemeente dien.

Maria, altyd net mooi en goed,

U wat die lewe vir ander versoet.

Dankie geseënde vrouens.

12 April

Maria Magdalena

(Mark.16, Luk8:2, Mat.27, Joh.19, Mark 16 en 20)

Mirjam van Magdala,
waarom was jy so lief vir Hom,
was dit toe sewe duiwels uit jou kom,
toe jy so naby aan Hom kon kom?
Vroeg die Sondagmôre,
toe jy Hom soek in Sy dood,
hopende Hy sal jou nooit verstoot.
So kom jy alleen in die nag,
die begin van die dag,
soekend na Sy reddingsmag.
Jy glo Hy is dood,
in die graf ingestoot.
Hoe hunker jou wese na Sy lyk,
net nog een laaste kyk.
Soos daglig breek Sy lig deur,
vroeg in die môre-uur,
toe Hy jou oë oopmaak,
jy Hom sien
en weet wat Hy vir jou verdien.
In Sy enkel roep, Mirjam!
het jy gesien wat Hy kan;
die dood oorwin!
Sy dood maak nou vir jou sin,
toe jy, “Rabboeni!”roep,
met ‘n oop en rein gemoed.
So word jy die eerste een,
wie Jesus red, uit die om jou heen.

13 April

Rusdag

Alweer,

so spoedig Heer.

Heenwys na die groot rus by U,

U, wat elke dag vernU.

14 April

Adama

Adama, o grondmens,
deurdrenk van Godsgees, is Sy wens.

Stiriel in jou sonde,
deurdrenk Sy Gees jou dooie wonde,
tot iewers word 'n saad gevind,
wat ontkiem tot Godskind.

Alleen in die dooie self,
in die adama van die grondmens,

kan lewe suiwer groei.

Alle lewe is net in Hom

vir Hom ,

vanwaar die volheid kom.

So bly die kruisig van die self,
die enigste waaruit die Lewe delf.

15 April

Kyk

Horisontale kyk om jouself te verryk.

Waarom nie opwaarts kyk en jou gees verryk?

Waarom altyd sekulêr beskou,

sonder enige aardse berou,

oor jou afgod van die self

waarin jy ronddelf?

Altyd die seek in die inligtingsboek;

altyd satan`s leuen najaag,

sonder God behaag

wanneer jy `die weet` najaag.

Slaan jou oë op, maak jouself leeg

soos jou gedagtes na God beweeg.

Wees klein soos jy is,

slegs `n spikketjie mis,

wat gou verdwyn in die eie klein

wanneer die Son van Geregtigheid skyn.

Ja, jy, o mensmis, verdwyn.

Wie weet, soos jou oog rig na omhoog,

sal jy Hom sien ,

Hy wat deur Sy bloed jou bedien.

Saam met Hom sweef;

Hom in Sy almag beleef.

Vir altyd by Hom wees,

nie meer in die vlees, net Gees.

16 April

Bruid

Is jy Sy bruid,
die een waarop Hy besluit?

Ken jy Hom,
jou ewige Bruidegom?

Weet jy van jouself,
wanneer jy in jou onheiligheid delf?

Weet jy van Vader en Seun,
of glo jy steeds satan se leuen?

Die tyd is min,
Vader het klaar besin.

Die huis is gebou,
die bruidegom wil nou trou.
Stil bly Hy op die Vader wag,

tot Vader sê Hy mag
Sy bruid gaan haal,
die eerste en laaste maal.

Hy kom met trompetgeskal,
die mense raak vreugdemal
van opwinding en vreug,
as hul sien die bruid se deug.

Rein en skoon aangetrek,
met die bruilofskleed bedek.
Skaam, ingetoë en mooi,
vir haar Bruidegom getooi.
Hy, die Bruidegom, het betaal,
nou sal Hy jou kom haal.
Wees jy net gereed,
werk elke dag aan jou bruilofskleed.
Wees rein vir Hom,
Hy wat spoedig vir jou kom,
op 'n drastoel na die Vaderhuis,
opgeraap vir jou, so kuis.
Daar wag die fees
vir sewejaar aangewees,
terwyl die wêreld ly,
swaar onder satan kry.
Geniet jou fees, o bruid,
lewe jou huwelik voluit.
Jou Bruidegom het duur betaal,
om jou uit die aardse hel te haal.
Mag Hy jou rein en ongeskonde vind,
nie net bruid maar ook kind.
Dankie dat U, my Bruidegom,
spoedig vir my, U bruid, gaan kom.

17 April

24 Uur Genade

U het die mens gemaak,
satan het hom mismaak.

U het lank terug geweet,
vir die mens sal U nog bloedsweet.

Dankie my God en Heer,
dat U my helse val keer.

Dankie vir hoop en vertrou,
dat U my laat geloof behou.

U sterke Hand,
my ewige pand,
deurboorde hand,
my ewige dank.

Laat die son nooit ondergaan,
voor ewige lof aan U Naam.

‘n Nuwe stem, ‘n nuwe lied,
elke volk sal U dit bied.

18 April

Pilatus

(Johannes 18 en 19)

Ek was so bang;
Hy was so anders as die slang,
in sy gewone gang.
Hy was nie misdadig en sleg,
Hy was sonder gebrek,
sag, mooi en nederig getooi.
My vrou het my gewaarsku: moet niks teen Hom doen,
hierdie Man het kom versoen.
Ek het Hom onskuldig gevind,
Hy was soos 'n reine kind.
het probeer sy straf te keer,
Hom vry te stel.
Maar die Jode het teen Hom getel,
geroep vir gesel en dood,
Hy was so verstoot.
Hulle wou Hom verwoes, vermoor,
tot Hy in Sy bloed sou smoor.
Al wat ek kon doen,
om my met Hom te versoen,
was die was van hande,
die afwas van my skande.
Ek het die Jode gevrees,
omdat ek voor die keiser beef.
Ek weet ek was verkeerd,
maar God wat alles weet,
weet ek wou Hom help.
Ek was so na aan glo,
In die God van Bo.
Helaas word ek helse-aas.

19 April

Wondervoël

Het jy, ou voëltjie, jou doel gedien,
soos God beplan en vir voorsien-
enkelbekwaam,
binne die raamwerk van God se plan?
Tog is die misterie van wat jy kan,
bo die begrip van die mens wat dink hy alles kan;.
Hoe vlieg jy sonder kompas,
telkens terug na waar jy was-
‘n duisend kilometers,
sonder die lesse van beterseters?
Hoe is in jou brein gegraveer,
die wete van kinderbeheer,
hulle te lei, te versorg,
soms beter as mensensorg?
Hoe kan jy so vredevol wees,
op die dak rustend sonder vrees;
op die dak, nie op ‘n tak,
misteriewese?
Hoe kan jy glo in Hom,
met so ‘n klein koppie - so dom?
Of is dit juis jou geheim,
met jou verstand so klein
hoef jy nie alles te weet, te verstaan?
Nooit sal jou weet jou geloof laat taan.
In jou, mooie ou voëltjie,
Is daar ‘n les vir ons:
Ons geloof in Hom opnuut te laat ontluik,
wanneer ons sien hoe Hy jou gebruik..
Dan bot Sy grootheid, krag en mag,
in ons stille wonder op wat nog wag.
Dankie voëltjie, sonder naam
vir God en my, so vernaam.

20 April

Rusdag

Heerlike dag.

Openbaring van U krag

Ons het geniet van U seën.

Waarheen wil U ons nou neem?

21 April

Helende Hande

Waarmee doen jy so baie kwaad,
is dit nie die hande wat ander aanraak?

Die kwaad wat aan jou kleef,
jou vir die sondenag laat beef,
as jy aanskou die sleg,
hoe dit ander se vrede bederf.

Hoe kry jy die hande weer skoon,
daar waar die sonde woon?

Geen kans, geen hoop,
jou sondelas word net te groot.

Daar is net Een sondewas
net bloed kan die sondevuil afwas.

Waar kom die reine bloed vandaan?
Net uit hande nog nooit kwaad gedaan.

Net twee hande kon dit doen,
my ewig met God versoen,
toe hul deurboor word aan die kruis,
my toegang gee tot God se huis.

22 April

Domme

Arme siel, waarom geen selfvertroue,
hoe kom jy deur die lewe behoue?

Waarom is jy so dom,
en sukkel jy om deur die lewe te kom?

Weet tog jy kan,
jy is mos 'n man,
selfgemaak, sonder ander se raat.

Hoe kan jy in jou eenvoud glo,
in 'n God daar bo,
wat jou help en lei?

Kom nou, hoor die waarheid van my:

**Daar is geen God, geen hel,
net jy wat tel.**

Jy bepaal jou lot, simpel sot.

Jy vrek soos 'n hond,
toegegooi met grond.

Kom tog by;

laat die wetenskap jou lei.

Is jy so bot dat jy glo in 'n god?

Kom tog nou eindelijk by.

Laat jou van die leuens bevry.

Hoe kan jy hoop en glo,
in" a pie in the sky", daarbo?

Of

Wysgeer

Jy, rasionele mens,
ken jy die grense van jou intellekspens?
Ken jy die einde van verstaan,
daar waar jou verstandsvermoë taan?
Of het die logika als oorbrug,
sodat jy nooit radeloos sug,
en altyd weer 'n antwoord het- om jou bas te red?
Weet jy hoe die sinaps vuur?
Ken jy die chemie en die elektroliet,
wanneer in jou brein 'n gedagte verskiet?
Kan jy jouself verklaar,
of hunker jy tog soms na die groot openbaar
van Wysheid groter as jyself,
daar waar jy nie durf dieper delf?
Kan ek my op jou gees beroep,
jy, verkneg deur die siel se roep?
Weet jy van jou gees,
daar diep verskuil in jou vlees?
Of leef jy sintuiglik soos in wêreldwees?
Kan jy uitreik na 'n Hoër doel,
of bly jy maal in die draaikolk van die verstandspoel?
Weet jy van die sintuie van siel en gees
of bly jy gewortel in jou vlees ?

23 April

Geheimenis

(Kol.1)

Eens het Hy Sy Seun sien ly,
tot Sy lewe was verby,
geskeur uit die Vaderhart,
met baie smart.

Vir jou en my
te bevry.

Ook jy weet hoe dit voel,
as die lewe jou hart omwoel.

Ook jy ken die leed
om 'n kind in die dood
nooit te vergeet.

Dalk is jy gekies vir leed,
hoe sal ons ooit weet.

Solank jy die hoop behou,
en vir ewig op Hom vertrou,
om jou gesin te verenig,
al word jou siel nou gestenig.

24 April

Gekruisig

Gekruisig maar nie dood,
ons Heiland aan die kruis ontbloot.
Vasgekap, ingeperk, immobiel,
so is dit met jou, my siel;
gekruisig maar nie dood,
alleen deur God, mens en self verstoot.

In selfverloën is die pyn,
in selfverloën geen drink van wyn,
van soek na selfgenot.

Alles net gefokus op my God.

Self is nou immobiel,
slegs God beweeg die lewenswiel.

Sy Gees dring ons tot goed,
wanneer die self word ingeboet,

van eie dink en doen en sê,

tot Sy Gees word in jou belê,

Met geloof kan jy liefde doen,

Want jy is nou met Hom versoen.

Genadig kom tog die sterf,

die einde van die helse swerf.

25 April

Dors

Was daar ooit so 'n dors?

Het Hy ooit Sy dors verklaar,

soos op die tyd,

toe Hy uitroep:

“Ek is dors ?”

Sy liggaam leeggebloei,

deur koors verskroei.

Die hande wat genees en seën,

nou slegs beweën.

Dit sal nie weer beweeg,

met spykers vasgekap,

Voete wat nie kan beweeg,

Vasgekap,

Met bloed wat spuit tot drup,

tot die laaste helse werk geluk,

en Hy moes uitroep:

“Dis volbring.”

Nooit sal pyn my weer verwring.

Dit was vir jou en my,

Om ons te bevry,

vir ewig Syne te wees, onbevrees.

26 April

Donker en lig

Diep in die donker sondeput,
tas jy rond sonder sien...
Jy dink dit moet so wees,
om voortdurend te leef in vrees.
Tot jou oog opwaarts gaan,
en jy Hom daar bo sien staan.
Skielik besef jy die donker van die nou,
van die helse onderbou.
Jou strewe styg na bo,
waar Hy wag vir die wat glo.
Jy sien Sy uitgestrekte hand, jou lewenspand.
Wanneer jou hand Syne omsluit,
kan Hy jou helse val begin stuit.
Stadig lig Hy jou uit,
niks kan nou Sy lig uitsluit.
Nooit laat jy Sy hand los, vir ewig verlos.
Lig, Lig, Lig straal uit Sy gesig.
Nooit weer dink aan die donker put,
waar satan wag vir siele - uitgeput.

27 April

Rusdag

Wat het jou aangegryp

in die week verby?

Wat kan jy vandag bedink

van die seën wat Hy vir jou skink?

28 April

Van dood tot lewe

Mens, kom tog tot stilstand,
word stil voor God,
bedink Sy gebod.

Fokus eers op op jou sonde,
nie net 'n sekonde,
tot dit jou siel deurtrek,
jy aan jou ou self vrêk.

Uit wanhoop oor jou boosheid,
laat Hy ontbloot jou broosheid,
jou doemwaardige slegte self,
nooit kan jy souself behelp.

In jou oomblik van nood,
begin die selfdood.

Dan word jy een met Hom,
waar Hy op Golgota kom,
om te sterf,
sodat jy kan leef,

Wanneer jy een met Hom , die hel ontkom,
om ewig te juig, en van Hom te getuig.

29 April

Adam en Eva

(Mat. 6: 31 tot 33

1 Tim. 6:5 tot 10)

Kon doen wat hulle wou,
kon eet, brou en bou,
solank hulle op God vertrou.

Hulle het alles besit;
buiten een vrug.

So word begeerte aangestig.

Deur 'n leuen verlei,
vir die hel toeberei.

Sedertdien probeer die mens besit,
om homself te kan aanbid.

Alles is net vir gebruik,
alleen so kan jy sonde stuit.

Tot jy oorstap
in jou ewige skat.

Alleen dan kan jy besit,
waarvoor jy bid.

Dan word Godsdien 'n wins,
selfgenoegdheid allermins,
tevrede met jou lot, volkome in God

30 April

Liggaam, siel en gees

(Mat. 5:3 en Fil. 4:8)

Rondomtalie van die dood,

gebore uit sielenood,

van angs en vrees,

van sonder God te wees.

Gedagtes van die siel,

dans die geesdoodsriël.

Verbonde aan die vlees,

so sonder gees.

Van dood tot dood-

van vlees tot siel, van siel tot vlees,

Ontsnap jy nooit die doodse riel.

Alleen wanneer die verstand oprig,

na die hemelse vergesig,

verbreek die band tussen gees en vlees,

word gedagtes verbind aan gees.

Dus, weet jy's niks,

sonder Sy vergiffenis, niksnuts.

Alleen jou afhanklikheid

breek jou geestelike kranklikheid.

Bedink goed, mooi en reg,

en breek so weg, o, sondekneg,

vir wandel op die smalle weg.

1 Mei

Lewenskaravaan
(Ou man verkoop karavaan)

Hartseer storie,
van verlore karavaanglorie.
So lank sy vakansiehuis,
nou moet hy verhuis.
Hy het lus om te huil,
want hy moet sy ou lewe verruil;
Eers was hy sterk,
met geleenthede onbeperk.
Nou is hy oud en swak,
met geleenthede ingeperk.
Die karavaan wat moet gaan,
neem sy jeug, sy lewe, saam.
Tot net bly 'n ou verrimpelde dop,
met weinig skop.
Gestroop van lus en wil,
die enigste doel om 'n gat te vul.

Tog is dit nie waar,
God is nog nie met hom klaar.
Die doel en sin verskil,
dit gaan nie meer oor eie wil.

Die tydjie oor,
moet hy luister om van God te hoor.
Spoedig sal hy in 'n oogknip,
oorstap na die huis van hemelse geluk.

2 Mei

Sondag

Die dag vir U eer,

my Heer.

Genees tog my week se moegheidseer.

Ruk my reg,

vir my, U kneg.

Wys my weer U weg

en bevry my van die sleg.

Heer, sal U my rus wees,

sal U my genees,

my in U heilig Heer,

soos die vorige keer.

Sluit my by U liefde in,

maak vandag vir my 'n nuwe begin,

van toewyding,

alles volgens U leiding.

Sal U my versterk,

vir 'n nuwe week se werk.

Die dag behoort aan U

DankU, dankU, dankU.

3 Mei

Geloof en Denke

Is jou geloof gebou,
op feite en onthou?

Dan sal jy van Mari wil weet,
en nooit die geskiedenis vergeet.
Voor Christus, vyftienhonderd jaar,
Was die Briewe van Mari al daar.

Waar Abraham se broer,
Nahor boer.

Rebekka sy kind, skoon van postuur,
vir Isak gekoop so duur.

Van Lot deur Amon, die Ammoniet,
uit Lot sou kom,
gebore uit sy dogter vir hom.

Deur God verkies,
as bloedlyn vir Sy Seun gekies.

Genoeg van 'n feit of twee,

Beredeneerd, o wee.

Dit bring geen geloof.

Altyd eers die geloof,

voor kennis die waarheid roof.

Wie eers wil weet,

kan van geloof vergeet.

Dank aan u vader van geloof,

Abraham deur God geloof.

So word ook ons Gods kind
aanneemlik vir Hom gevind.

4 Mei

Rusdag

Salige dag

na die week my verkrag.

Herinner my

aan die boodskappe U toegewy.

5 Mei

Nuwe Ou Geslag

Waar is die ou geslag,
met hulle huil en lag?

Skielik is hul plekke leeg,
uit ons lewens weggeveeg.

Wat 'n skok!

Waar is jul heen?

Ons was nog besig jul te beween.

Nou slaan die werklikheid met 'n hou;

ek en jy is nou in die voortou.

Niemand meer wat voor ons wag,

ons is nou die nuwe ou geslag.

Jul was soveel sekuriteit,

toe ons nog by jul kon pleit,

vir hulp en raat.

Nou is dit ons wat ander beraad.

ons verlang na jul.

Ons reeds vir die dood opgekrul,

wagtend vir die groot weersien,

julle wat reeds ons Here dien.

6 Mei

Van Lam tot Ram

(Gen. 22: 1-19)

Watter pyn het deur jou siel geklief,
Abraham toe jy kyk na jou seun so gelief?

Jy, met 'n mes in jou hand,
jou seun te maak vankant.

Met een wete in jou siel;
God het my nog altyd besiel,
met aanbidding vir Hom,
bo alles wat uit die wêreld kom.
“Kom dan nou lammetjie, lê stil,
dit is wat die Here wil”.

Nee, Abraham, stop jou hand,
wat die lam wil maak vankant.
Kyk om jou rond,
jou vertrou in God is tog begrond.
Hy weet nou jy kies Hom bo alles hier,
God wil Sy vreugde met jou vier.
Sien, daar staan die ram,
in die doringbos vasgevang.
Los die lam, vat die ram.

God gee ons die beeld,
van Sy leed;
Toe Hy Sy Lam moes gee,
sonder keer, onse Heer.
Enduit moes Hy aanskou,
die einde van Sy Kind so trou.
Is daar 'n groter liefde vir my en jou,
as 'n Vaderliefde so getrou?

7 Mei

Wolke

Ek slaan my oë op na die wolke.

Wanneer kom U, Redder van die volke?

Sal U my tog onthou,

wanneer U genade oor die aarde ontvou.

Soek nie na my verdienstelikheid,

my God, sien my deur U Seun se gehoorsaamheid.

Moet my tog nie vergeet,

onthou tog dat U van my weet.

Onthou U bloed, U pyn,

hoe U my koop vir ons samesyn.

Dit is my hoop;

Ek weet U het my duur gekoop,

om met U verenig te lewe,

daar waar ons nie meer vir die dood bewe.

U is goed en rein, o Heer,

raak my tog aan nog hierdie keer,

vir die vreugdemaal,

wanneer U my kom haal.

Nie meer met sonde gekleed,

afgegooi al die aardse leed,

vir U bruilofskleed.

8 Mei

Om te weet

(Gen 3, Ps. 127:2)

Mens, waarom swoeg jy om te weet,

waarom soveel sweet?

God gee dit aan Sy kind,

sonder sy swoeg om te vind-

in sy slaap, sonder maat.

Hoe lank nog Heer, voor ek leer,

voor U my lot omkeer?

Voor ek ontsnap van Eva`s vloek;

altyd vir die ken van sleg te soek,

om U Godheid uit te daag

met eie ken van kwaad? Wat 'n vraag!

Wanneer, Heer, gaan ek leer:

Die ken van kwaad kan nie die kwaad keer.

Alleen die ken van U kan my verstand vernu.

Sotlik die krap en soek, die bronne deurploeg,

in my soeke om die weet, te vind:

Ek oorleef nie deur 'n eie ken en weet;

Alleen deur vertrouwe op U onbeperkte weet, U bloedsweet,

my ken: U sal my nooit vergeet.

9 Mei

Manna

(Mat.6:25-34)

Manna vir die mens,
uit God se onuitputlike spens.
Vir veertig jaar kom die mens so klaar,
‘n Grote wonder, voorwaar.
Wat sê jy dan van die voëls?
Vir sesduisend jaar,
sonder ploeg en oes kom hulle klaar,
deur God se voorsiening,
‘n wonder, tot ons geloofsbediening.

Manna vir die voëls,
U het dit tog so bedoel,
om hulle, U voersiening te laat voel.
Waarom sal jy wat plant en oes,
jou geloof verwoes,
deur nie te kyk en glo,
hoe Hy vir jou sorg van bo.
Skoonheid van die blom.
Weet jy waar dit vandaan kom?
God het jou,blommetjie, geklee;
kan ‘n mens hiermee
meeding?

Nie eers 'n koning nie;
geklee en uitgevat,
met wat nooit God se skoonheid kan bevat.

Waarom dan wroeg en vrees?
Vat tog uit God se spens, uit Sy oorfloed van sorg.

Wees tog nie besorg.
Vertrou op Hom,
vanwaar al jou hulp kom.
Soek eers net Hom,
dan sal jou oorfloed kom.
Moenie vrees – jy is nie wees.

10 Mei

Staan stil son

(Jos.10:12, Jes.38:8)

Misterie van tyd,
net vir die aardse stryd.
By God geen inperking meer,
Hy is van alles Heer;
ook tyd kan Hy regeer in Sy tydlose Goddelikheid.

Is my tyd by Hom, eenwording met Hom,
hier en nou,
in Sy tydloosheid?
Staan tyd dan vir my stil,
word dit nie van my lewenstyd afgeskil?
Kan ek ook die ewigheid bekom,
In my eenwording met Hom?
Word Tyd by die Tydlose nooit verspil,
al tik die oorlosie dit nou hier af?
----Nooit by God wat als vermag.
In jou bid,oordink en loof,
word God se tydloosheid tog verhoog,
tot 'n vlak bo mensetyd,
net deel van die tydlose Godheid.
Moenie my tyd hier verleng, my Heer,
trek tog die tyd nou by U,
af van my lewensspan, deur U beplan.
Verhaas so Heer, die ewigheid by U Goddelikheid.
Of staan tyd toe tog stil, wanneer ek in U ewige wil,
stil word by U, U my opneem by U?
In U tydloosheid, my so deel laat word?
Of sal U my lewe by U, krediteer,
sonder menslike beperking of beheer?
Sal U, o Heer, my ewigheid verleng,
met tyd saam met U hier deurgebreng?

11 Mei

Rusdag

Afgebakende tyd.

een uit sewe.

**Vir rus in Sy teenwoordigheid,
te bedink Sy seën deur Sy Seun.**

12 Mei

Geseënde

Geseënde van God,
jy wat weet van jou ewige lot,
deur God gebrei en voorberei,
tot die salige wete gelei:
Jy is nog nie genoegsaam voorberei,
om self in te perk,
binne die grense van eie beperk.
Al voel jy bang omdat jy self nie kan,
weet dit is die begin van die groot besin.
Dank God vir die wete: die eise is te groot,
dit wil my oor die afgrond stoot.
Dan kan jy in vrede rus,
soos 'n kind in sy moeder se arms gesus.
Geseënd voorwaar;
Hy het Hom as God geopenbaar,
toe jy as kind word wederbaar,
in jou selfverloëning, Hom ontvang.
Slegs in berusting in Sy wil,
Gelowig, wanneer jy wil verskil;
oorgegee, self opgegee, in berou, net op Hom vertrou.

13 Mei

Skaapherder

(Ps.23)

Dankie vir my--
skaapgestalte,
vir my domheid en nie weet,
soos 'n skaap wat gou vergeet,
van my afhanklikheid, amper geesteskrankheid.

Ek weet nie waarheen Heer,
as U my, die skaap, nie keer,

en lei en versorg,
my God, my ewige Borg.

U gee my weiveld Heer,
waar ek rus en my bekeer.

Niks kom ek dan kort,
van niks ingekort.

Ruim het U voorsien,
'n Herder wat Sy skape dien.

Dankie God en Heer,
dat U my lewe so beheer.

Lei tog op die laaste skof,
voor ek word weer aardse stof.

Bring my tuis, o Heer,
nog vir die laaste keer,
om ewig by U te rus, altyd net van U bewus.

14 Mei

Klein Wêreldjie

Jy, gedeelde sel, ingeperk,
in jou moeder se binnewerk.
Tot jy verruim die wêreld verken,
in moedersarm vasgeklem.
Later begin jy self ontdek:
Die aarde is 'n grootte plek.

Jou huis verruim,
tot plekke verby die verste kruin.

Jy leer van vlieg.
Oor God se aarde moet jy bieg:
“Die plek is groot,
veel groter as die moederskoot”

Tog kom die insig,
toe jou sig beperk deur katarak,
jou vertel van 'n nuwe lewensvlak;
Jou verruiming word, beperk, omgekeer.
So word jou lewensruimte weer,
al kleiner, ja, my Heer.
Hoe minder ek in my beweging word,
hoe minder is U mag ingekort.
So word my bewegings min,
tot 'n aftreehuis my omkring.
tot ek met skuifelstap, my onvermoë ken,
my ruimte ingeperk,
dalk tot 'n kamer beperk,
wat tog nog groter ruimte bied,
as die graf wat spoedig wag,
en ek weer word 'n enkelsel,
waar net God nog tel.

15 Mei

Ou Lyf

Tagtig jaar het jy my gedien,
in my behoeftes voorsien;
ek kon sien, hoor, dink en doen
jou selfs met God's wil versoen.

Ek kon jou sien groei,
deur al die fases my met jou bemoei.

Die opbou en versterk,
tot by my menseperk.

Nou, na soveel jaar, merk ek ook
die aftakeling wat al sterker verloop.

Hoe meer ek probeer keer,
hoe minder is my verweer,
teen dit wat moet gebeur
in my genes reeds goedgekeur.

Ek hoor jou protes,
as ek weerstand bied teen die proses-
jou druk en rek,
tot ek sien hoe dele van jou vrek,
hoe jy opgee, oorgee,
net stil ingee,
my die gevolge met pyn weergee.

Tog wil ek jou dank,
vir jou gewilligheid bedank.
my so lank gedra, verdra, herstel,
waarlik ek kan my seëninge tel.

Spoedig is alles oor,
bly nog net die sing in die hemelkoor.
sonder lyf of vleis-
net nog gees en nie meer vlees.

16 Mei

Gedaan

Is gedaan anders as gedoen?

Is gedaan, iets soos opgebruik

Is gedoen iets afgehandel, voltooi, reg en mooi? , uitgeput,

leeg, sonder krag, leeggeput, lewenssat?

Waar staan jy vandag,

tussen gedoen of leeggeput?

Word Sy krag waarlik in swakheid volbring,

is dit waar ware lewe binnedring?

Spring dan op van vreug,

daar is vir jou nog 'n deug.

Voel hoe Hy deur jou spoel

met krag van 'n nuwe lewensdoel.

Ontspan in Hom,

gee oor en rus,

Weldra seën Hy jou met nuwe lewenslus

of ewige rus.

17 Mei

Kruis

(Kop)

My sonde,

(Hand) wat U aan die kruis ontbloot. **(Hand)**

U genade is tog so groot.

Hoe kon U,

my vergeef,

toe U senuwees

trillend beef-

toe die geroeste spyker.....U senuwede splinter?

Hoe het U genade gevind.....om U nie deur haat te laat bind,

om vry te spreek.....te vergeef,

(Voet)

(Voet)

Toe U my pad bepaal,
sou ek ook nog 'n maal,
soos U moes word,
om onreg in te gort,
deur in liefde te vergewe,
en so die hel te laat bewe.

.....

Die sonde van die haat,
verwoes alles deur die kwaad,
gevang—deur haat verkrag.
God verlos my uit die sondenag.

Help my Heer,
deur liefde heen, hul te vergeef wat my laat ween.

18 Mei

Rusdag

Vir my .

Ek is so bly.

Van die werklas bevry.

19 Mei

“Victim”

(Lukas 10:25 Barmhartige Samaritaan)

Waar die self uitloop,
kan God se liefde inloop.

Jy kan nie jou vrede verdien,
Deur self liefde te probeer doen nie.

Oppas vir Ek;
Liefde is net **in** God,
uit God,
deur God,
die **bly in** God.

Slegs in die rol van die “victim” in die verhaal van die Barmhartige Samaritaan begin jy iets van liefde verstaan. Dit wil sê in afhanklikheid, in eie nikswees, in die toelaat van genade, kom jou naaste tot by jou, word julle een.

20 Mei

Katarsis

Katarsis van my siel.

Dank God,

vir die Hemelriël.

skoongewas

deur die doopsplas.

Dood, weggewas,

toe ek in Hom,

word Sy eiendom.

Toe satansgreep,

om my breek.

Ek opstaan uit die donker hel,

om Hom, my God, te vertel,

van my dank en eer,

aan Hom my liewe Heer.

21 Mei

Gekom

Dit het gekom, die deurbraak in Hom.

Ek het gesterf,

in die doopwater heil verwerf.

Uit die dood opgestaan met Hom,

gered uit die heidendom.

Alle sondebande gebreek,

kan ek nou van die hel vergeet.

In Hom verlos,gered, geseën,

vir ewig onbeweën.

Meer nog; met 'n helder Lig,

verlos uit die sondesug.

Weer gebore, deur Hom verkore;

een met die Lig,

nou nie meer 'n vergesig.

Geen meer gedreun,

van satansleuen,

net die hemelsang,

saam met die, na wie ons verlang.

Een met U, my God, my Heer,

satan kan my nie meer keer.

Dank God! Dank God! Dank God!

22 Mei

Abraham

(Rom. 4 en 5)

Geloof brug die sondekloof.

Realm van God,

buite-om die wetsgebod.

Menskrag kan niks vermag.

Mense roep:” Geen hoop; “

Sy woord bring geloof in nood.

Hy gee lewe,

waar die mensehart nie meer bewe.

Hy bring tot stand,

ver bo die mensverstand.

Geloof kom uit genade,

as mensverstand wil verlei tot die kwade.

Vrygespreek omdat hy glo,

kern van genade van Bo.

Jesus, uit die dood gewek,

ons vry te spreek van aardse drek.

Vrede tussen God en ons,

alleen deur Jesus, die godsmens.

Dus die sin van lyding,

ons eenword met Sy doodsbevryding.

Die toets sal liefde wees,

uitgestort deur Sy Gees.

23 Mei

Allerlei

In jou oorgawe,
ontsnap jy die dood se loopgrawe

Hoe meer jy self probeer,
hoe meer sal jy die lewe ontbeer,
Tot jy sterf aan self,
en so die hemel vererf

Deur Eva soek die mens insig
om hom so bo God te rig.
Net God ken alles.
In Hom kan ook ons die waarheid ken,
sonder Hom net die hel verken.

Verstand probeer deurbreek na die ruimte bo God.
Hieruit kom die verskriklike sondelot,
van bekommernis en vrees.
Alleen in geloof, die verloëning van die self,
kan jy in God se vrede begin delf.

Waarheid is Goddelik.
Bedink dit bo satan se leuengees.
Die mens se val kom deur die leuen,
Jesus se waarheid is die enigste seën.
Toets altyd die waarheid,
dit bring klaarheid,

Bedink respek,
Selfs vir die gek,
Onthou wat Jesus doen, om jou met Hom te versoen.

Maak dit nooit goedkoop,
Gooi nooit die skat voor die swyne,
Genade en liefde is kosbaar,
Duur vir ons gekoop.

Dankie vir die belofte van ster en maan,
dat daar weldra 'n groter Lig opgaan.

Sterf aan self en loer so oor die hemelgewelf
Al wil satan my gedagtes wegruk van die hemelse geluk.

Dankie vir my lewe,
U van God gegewe

Die nuwe dag wat breek,
'n Nuwe geleentheid uit die beek.
Skoon, helder en rein,
Sonder enige liggaamspyn.

Hoe meer geloof jy het,
Hoe minder hoef jy self te leef.

Kom, O God van lewe
in elkeen van my strewe.

24 Mei

Dag en Nag

Sondenag, donker nag van die dood,

maak jou los ou sondeloot.

Strek jou uit na die lewensdag,

waar Hy by die eindstreep wag,

met die ewige prys wat Hy vernag.

Los wat waardeloos was,

ken Hom wat lewe wek uit as.

Gee alles prys,

Sy lewe sal in jou verrys.

Moenie self probeer,

die wet gaan jou omkeer.

Hou vas aan Hom,

deur Wie jou redding kom.

Bly maar net glo,

weet jou krag kom van bo.

25 Mei

Rusdag

Ses dae moet jy werk

Die sewende dag moet jy rus.

Moenie rus sonder werk.

Het jy sewe dae gewerk?

26 Mei

Alles vertikaal

Jakob, Israel, **vertikaal** met God verbind,
olie op die klip by Betlehemkrip.
Gesalf, geseën, vir altyd met Hom een.

Ook

Duiwelskind, **horisontaal** met ander verbind.

En so deur satan verslind,
Met leuens aan hom verbind.

Probleem

Hoe kan ons die twee bind?
Wie sal so ons wonde verbind?
Ons van die hel vrywaar
Ons vir ewig bewaar?

Oplossing

Daar is net Een:
Uitgestrek oor dit alles heen.
Horisontaal- vertikaal verbind
hemel en hel saamgebind,
op die kruis voor Hy verhuis.
Met elke asemtuig moet Hy Homself opdruk
van voete af, deurboorde senudraad!
My God dankie vir U daad.
Soos U opbeur,
druk U die balk hemelwaarts,
nader na God toe;

So word horisontaal wederbaar tot vertikaal.

Nou

Ek slaap dalk nog in die oonaghut,
maar is reeds ewig in U beskut,
geskut vir U my God.

27 Mei

Paulus se gebed

(Efesiërs 3)

Aan Paulus is geopenbaar,
die geheimenis van God se wederbaar.

Vir ons, die heidene,
deel te word van die besnydene.

Nie deur vlees en bloed,
maar deur 'n nuwe gemoed.

Dank aan jou, Paulus.

Weet dit gewis:

God is nog steeds besig,

jou gebed in Sy sig,

soos jy ons voor Hom oplik.

Dank my God, aan U die eer,
dat ons saam met Jode, U kan eer,

deur U Gees in Jesus,

ingebring

tot in die binnekring.

Dankie Paulus, vir jou vra,
dat geloof en liefde ons dra,

Wat alles van U, God se mag,

in ons vermag.

Veral U liefde Heer,

gee dat ons dit nooit keer;

Om U Gees toe te laat,

U liefdevrug op te lig,

uit te giet,

dit nooit te verbied.

Dankie, dankie Heer,

ja waarlik, nog 'n keer.

28 Mei

Tyd van Onsekerheid

Sal ek oorstap of nog bly,
vir 'n rukkie my nog hier verbly?
Here, U ken my vrees,
om alleen te wees,
wanneer ek deur die doodsvallei,
stap sonder U by my.
U ken my bekommernis,
om vrou hier alleen te los.
Sal U tog voorsien my Heer;
dat hierdie liefde my nie van U keer.
Bly tog my hoogste doel,
dat my liefde vir U nooit verkoel.
Dankie dat ek haar kan los,
in U hande- vir ewig verlos.
Tot ek haar weer sien,
my bruid, so mooi deur U bedien.
Dankie dat geen doodskadu,
U voetspoor voor my versluier nie.
Dankie vir die smal pad,
dankie dat U my hand vat,
om ewig by U te wees,
Nooit weer te vrees,
Nooit weer wees te wees.

29 Mei

Ken jy God?

(Efes. 1:17)

Waarom vrees jy die groot oorstap?
Is dit omdat jy Hom nie ken?
God gee tog wysheid om Hom te ken:

Weet jy Hy is liefde,
vol genade en ontferming,
heilig, goed en reg,
ook vir Sy aardse kneg.?
Ken jy Sy skoonheid,
Sy lig,
Sy lieflike gesig?
Weet jy alles behoort aan Hom,
ook jy, oppad na die ewigdom?
Weet jy dat Hy alles weet,
ook van jou lydingsweet?
Weet jy dat Hy pyn ken,
soos toe Hy Jesus se wens moes ontken,
toe Hy Sy Seun so sien ly,
vir jou en my?
Weet jy Hy is goed,
dat Hy jou ewig behoed?
Weet jy Hy verlang na jou,
om jou naby Hom te hou?

Dan word vrees, uitgewis deur Gees,
verdwyn die aarde, verloor dit waarde.

Dankie God en Heer,
U het my val gekeer.

30 Mei

Van toe tot nou
(oorsprong van ons liefde vir Israel)
(Efes. 1: 11 tot 21)

Toe

Helsekind, onbesnede heiden,
sonder Christus bestem vir lyding.
Geen burger van Israel,
oppad na die ewige hel,
waar God vir mens niks tel.
Sonder hoop aan die sonde verkoop.

Nou

Een met Christus Jesus,
in Sy bloed gesus,
nie meer van sonde bewus.
Deur Sy liggaam gebore,
nou met Israel uitverkore.
Vrede met Israel en God,
deur Jesus bloed, wat 'n lot!
Een met God en Jood,
eengemaak deur Jesus dood.
Toegang tot ons Vader.
Altyd mag ons tot Hom nader.
Nie meer bywoner, verlos tot hemelinwoner.
Klein korrel sand, deur Sy hand, ingemessel in hemelland.

31 Mei

Winkende hande

Van: Winkende hande,
van hulle vêr te lande.

Reeds oorgestap,
van voltooide lewenspad.

Aan my: Bykans klaar gekap,
omvorm, voltooi, ja, selfs gelap.
Fokuspunt nie meer horisontaal,
geswenk na vertikaal.

‘n Helder Lig,

tot in my sig.

Alles hier verdof, verklein,
word so rein,so skoon, so sag,
in U Almag, Liefde en Krag.
Tot die winkende hande gryp,
en ontsnap uit aardse vasgryp.

1 Junie

Rusdag

Winterdag,

korte dag, lange nag.

Lange rus,

bedink die Woord-

gaan daarmee akkoord.

2 Junie

Oggendlied

(**Beek:** Sedert 804 'n pleknaam uit Oudnederlands. Bekend as Bechi.
Komende van 'Beek, uit Gelderland'. Dit kom van Proto-Germaans
Bakja- wat stromende water, beteken)

Dankie vir U liefde,

wat my dring

om te begin.

Om te voltooi

die dagtaak so mooi.

Dankie vir U roep,

vir U wonderlike besoek,

dat U my maak

vir U

so sonder kraak.

Tot hierdie kruik breek,

die aardse lewe hom wreek;

die goue draad breek,

Ek, opgeneem word by U- in die beek

van die Ewige Waterbreek.

3 Junie

Van Pit tot Vrug

Sommiges van ons moet spit,
terwyl ander weer mag pit,
die saad in die grond terugsit.

Ander moet versorg,
Sy groei gewaarborg.

Uitverkorenes mag sien,
die vrug van baie se dien.

Steek jy jou hand uit na die vrug?

Gedenk jy lank terug?

Toe iemand spit en plant en ploeg,
in grond deurdrenk van swoeg?

Maak nie saak hoe jy dien,
weet net dit is Hy wat altyd voorsien.

Onbewus van self,
open die hemelgewelf,

vir eer aan Hom,

Hy wat van die hemel kom.

4 Junie

Klanke uit die hel

(*sensitief vir wêreldse geraas*)

Wat maak die klank so hard?
Dalk die hoor deur 'n verharde hart.
 'n Hart soos klip,
 vol wraak en bitterheid,
 oor gewaande onreg
 wat jou aanhoudend versleg.
Solank jy weier om te vergeef,
sal doodsonde jou hart omkleef,
die laaste goed uit jou wring.
Alleen Sy genade kan redding bring.
 Waarom het jy vergeet,
en wil jy niks van jou eie oortreding weet?
 Waarom vergeet jy so gou
 van Sy genadetrou?
 Waarom wil jy ewig sterf
 die hel verwerf? -
 om te haat en te verniel,
verwoesting van 'n ander se siel.
 Hy het jou lief,
 vir jou is Sy hart geklief,
 met Sy liefdesdaad,
toe Hy jou deur genade aanraak.
 Kan jy dit nie onthou,
 en so in Sy liefde voortbou,
 deur ander te vergeef?
Net te hoor die soete hemelklank
 wat jou omgeef -
 stilte wat in vrede leef.

5 Junie

Hier is ek

Hier is ek, Here,
aan U oorgegewe.

Om U wil te doen,
en so met U te versoen.
Tog nie my doen Heer,
U verdienste kry die eer.

O Heilige Gees,
kom in my vlees,
deur my siel,
die self te verniel.

Kom in die misterie van die hart,
verdryf so alle smart,
in die vreugde van verlossing,
sonder verdienstelike bekostiging.

Alles net U toedoen, Heer,
altyd om my helse val te keer,

my lieflike Heer.

6 Junie

Nederige Jesus

(1 Korintiërs 1: 18 tot 25)

Nederige Jesus:

Nie geleerd of ryk of sondewys,

net gekruisig en verguis,

verneder, kaalgestroop,

sonder mensehoop!

Geen mens wou Hom so ken,

deur mense slegs misken.

Alleen in Sy gebrokenheid, verag,

deur mense ontmag.

Deur spykers gebind,

nogtans bly Hy goedgesind.

Van krag gestroop,

bloeiend tot in die dood.

O, perfekte beeld van liefde-

My Geliefde.

Dankie 'n duisend maal,

vir ons die wenstreep behaal.

Alleen in glo in wat U doen,

word ons met U versoen.

Niks van onself meer oor,

wanneer ons wil sing in hemelkoor.

Gestroop van self en eie wil,

alleen in eie sterf, kan ons U heil verwerf.

7 Junie

Van belof tot geloof

(Gal.3)

Here, U het so baie belof.

Hoe kan ek kom van U belof tot my geloof?

Hoe kan ek dit my eie maak?

Dit is tog my lewenstaak;

my bestemming te bepaal

vir die hier en hiernamaal.

Geloof is 'n genadegawe van God

'n present- nie gebod.

Wat breek dan U belofte oop,

my te bring by ewige hoop?

Waarheid net waarheid- ewige klaarheid.

Dit wat die vader van die leuen

by Adam en Eva, vervreem, steel, wegneem.

In plaas van geloof kom toe vrees.

Net Waarheid maak ons vry,

vir ewig bly.

Net die waarheid van ons Heer,

wat ons uit die Evangelie leer.

Dit bring U Gees, sonder vrees, in ons menswees;

Liefde, vrede en vreugde, is nou ons deel.

Satan kan dit nooit weer steel.

8 Junie

Rusdag

Kan jy een dag onthou

van die laaste week

se trou aan jou?

9 Junie

Van Getalle

Veertig jaar van God vergeet,
Hy gee jou oor aan menseleed.
Heilige Geesgetal, vyftig maal 'n tal.
Vyftig maal veertig jaar,
maak tweeduisend voorwaar.
Van Jesus sterf tot nou,
sal tweeduisend drie en dertig bou.
Neem nou weg die laaste sewe jaar,
dan het die aarde verjaar,
in die jaar tweeduisend ses en twintig.
Kan jy hou tot vyf en tagtig,
dan wag jy vir Hom Almagtig.
Sestig jaar na Jerusalem is herbaar (1967),
maak die lewensspan vir jou hier klaar.

10 Junie

Een Sel

Oog van 'n naald,
'n ruimte so smal,so spesifiek bepaald,
amper soos 'n geboortekanaal.
Kan 'n dier so groot soos 'n kameel,
deur die oog beweeg in sy geheel,
en so gebore word?
Dalk nie in jou denkraam,
maar tog kan dit gebeur deur 'n besondere kraam.

Ek wil jou vertel van so'n wonder, min oorvertel:
van ons God,groter as 'n kameel,
oneindig goed bedeel met mag, krag en wysheid onbeperk,
groter as wat jy kan bedink, jy so ingeperk.
Om die mens te kon red, die mens wat self god wou wees,
in sy domheid so onbevrees,
moes die God 'n mens word, vanuit sy hemelfort.

Meer nog, Hy moes krimp,
Sy grootheid aflê, Homself neerlê.
Hy moes word net een vrouesel bevrug deur die Heilige Geessel.
So kon Hy gebore word deur die nouheid van die onmoontlikheid,
om my en jou grootheidswaan te kom maak ongedaan,
ons hel te laat taan.

Vir ons strewe na grootheid,
moes Hy word totale broosheid.

11 Junie

Van niks tot alles

(van alles tot niks: Boodskap van die Bybel)

Mens met alles in die Paradys,
wou nog meer en hoër rys.
Waarom wou jy God wees,
waarom so hoog vlieg, onbevrees?
Vir jou straf moes jy als verloor,
selfs jou eie lewe word uitgemoor.

God is goed, oneindig goed.
In Sy genade kom Hy jou behoed,
deur 'n plan te maak,
en jou nie te versaak.
Hy wat alles is,
het jou net te veel gemis.
Daarom sou Hy Sy Goddelikheid gee,
om jou sondeniks weer uit te wis.
Hy sou soos sondemens word,
om jou weer met heiligheid te omgord,
wanneer Hy vir jou sondes boet,
en die hel in jou plek ontmoet.

So word Sy niksword,
Weer jou ietsword;
het Hy jou kom herstel,
om as hemelwese te tel.

Om ons op te lig, uit hierdie donker gestig,
wat hulle wêreld noem, ander woord vir helverdoem.
Vir 80 jaar se stryd en leed, voor Hy ons van als laat vergeet.

12 Junie

Stippelvalk

Waarom word jou bene nooit verkalk?

Hoe kan jy aanhou sweef,

sonder 'n oomblik se beef?

Hoe weet jy waar die lugstroom is
terwyl ons onder dwaal, so onbeslis?

Hoe lyk dit daar van bo,
turend op die mens se onvermoë?

Sien jy die mens se leed,
dit wat hy so graag wil vergeet?

Sien jy soms sy traanoog blink,
asof hy vir jou wil wink,

jy wat in die lug rond rinkink?

Kan jy die mens se uitroep hoor,
wanneer hulle sing in 'n koor,

van Hom nog hoër as jy?

Eendag sal hulle nog by jou verbygly,

na 'n woonplek hoër as jy.

Stippelvalk, daarvan weet jy min.

Dit gaan alles oor Wie ons bemin.

13 Junie

Praat van Kreatiwiteit

(Rom.4:17)

Hoe kon U, o God?

Hoe is dit moontlik?

Hoe kon U 'n voël bedink,

'n brein, in'n kopbeen sink?

Hoe kon U 'n boom beplan,

die mens in die natuur laat ontspan?

In die mens 'n siel gee,

om te dink, te voel en te wil?

Hoe is dit moontlik Heer,

Dat U kon bedink wat nie bestaan?

met die Woord wat by U staan.

Hoe het U lewe voorsien,

dit bedink, dit U laat dien?

Hoe Here, is U so goed,

om vrede te gee in my sondegemoed?

U is God, Onverklaarbaar, Alwys, Alwetend,

Ewig, Goed, vol Genade, Skepper van my heel gemoed,

U wat lewend maak,

Selfs U Kind nooit versaak.

14 Junie

Vryheid

(Rom. 7)

Glo is om jou uit te strek na Bo.

Vasgryp in verlede is om jou doodsheid te herlewe,
magtige satanswapen om jou in die hel vas te pen.

Maak soos Jesus deur Paulus sê:

Moet jou nie laat vang,

deur satan se bang,

sy leuengesang,

oor die verkeerdheid van jou verlede,

toe jy nie vir sonde bewe.

Toe verkeerd deel was van jou lewe,

voor jy die waarheid kon vat,

dat jou siel nie die wet hoef te bevat.

Dat jy dood is vir sonde,

en nou lewe vir Jesus,

sondeongebonde.

Vry van die wet,

in Jesus ontsnap uit die sondenet.

In Hom opgestaan:

Nuwe bruid vir Nuwe Bruidegom.

15 Junie

Rusdag

Het jy iets geleer,

Het jy die week jou bekeer,

of ploeter jy voort

soos jy nie hoort?

16 Junie

Altyd onthou

Skuldbrief van my sonde,
maak my helgebonde.
Vasgespyker aan die kruis,
sal Sy bloed my sonde verguis.
Druppel bloed- vir druppel bloed,
sal Jesus elke sonde met Sy bloed vergoed
my helse val verhoed.

Nou kan ek nugter en wakker,
waag om satan te ontmoet, die ou rakker,
waar hy op die paaie wag,
om my met versoeking te ontmag.
Ek weet ek is vir die sonde dood,
om te lewe vir God, so Groot.
In Sy kruisliefde kan ek waag,
om die wêreld nie te behaag.
Ek as skuldeiser, vroëer skuldenaar,
met net een vereiste:
Ander vry te spreek, sowaar

17 Junie

Smal pad agter Jesus aan

Hoe kan Ek U rug sien,
wanneer ek myself dien?
Hoe kan ek U sien,
in die spieël van eie-ekdien?
Waarom kan ek nie U voetspoor volg,
en U vertrou vir alle sorg?

Genade Heer, U weet ek is een wat stadig leer.

Dankie dat U my nie bo my krag,
toets met vertrou op U mag.

Dankie vir U geduld,
met my selfsugskuld.

Dankie dat U my wys in U alleen
is die volooiing van die aardse reis.

U gee aan U kind,
in sy slaap wat ander nooit kan vind.
Alleen in sy selfverloëning word U telkens die Erekening.

So kan die mens volbrag,
ja, die onmoontlike vermag.

Dankie vir die vrede Heer,
Vir die rus in, na U te keer.
Dankie vir die voltooiing van die taak,
wat U belowe en aan my bemaak,
lank nadat ek nie meer hier is,
sal U die werk voortsit- gewis.

Doen dan jou werk vandag vir Hom, rus in Hom, Hy wat spoedig kom.

18 Junie

Doen

(2 Pet.1:3-15, Gal. 5: 16-22, Rom. 12:1-8, Fil. 4:2-9)

Waarom altyd leer,sonder om jou te bekeer,
van passiewe leer?

Jy moet tog begin doen,
daarsonder bly jy onversoen.

Hy gee Sy Geesgedagtes,gedagtenis,vergiffenis,
nuwe lewe deur Sy Gees.

Jy moet net toelaat, onbevrees,
en doen, gelei deur Sy Gees;

In alles deur geloof aan Hom verbind,
vry van selfdoen en wetsgesind.

Wat moet nog gebeur voordat jy kragtig vorentoe beur?

Wat gaan jou wakkerskud, vir doen soos Hy beskik?

Is jy die golf van ongeloof,
Of sal jy doelgerig uit die bootjie klim,
en gelowig die groot stap met Hom begin?

Jou oog gerig op Hom,
vanwaar jou heil en krag kom.

Kom nou mens, **doen** Sy wens.

Onthou: Doen alleen kan nooit versoen,
alleen Hy kan Sy liefde deur jou doen,
as bewys dat Hy jou met Hom versoen.

“Mag U, my so aanraak dat ek so die sonde sal versaak.”

Sal U nuwe bane in my brein maak,
wat die sonde sal versaak,
wat sal doen tot U eer, met liefde my op U en ander keer.

Sit op die helm van verlossing, bedink mooi, waar en reg.

Laat dit jou lei, weg van sleg.

Doen vandag - moenie vir môre wag!

19 Junie

Dood – so mooi

Dink jy die lewe is mooi,
wanneer sonde die mens lei tot verdoeming,
tot helse smart, sonder God se versoening?
Dood is wel mooi, as ons word met God getooi.
Alles sleg word verderf, moet 'n dood sterf.

Nuwe lewe kom uit nuutgebore,
vir die wat sterf aan self,
in hulle verbondenheid met Hom

Wie aan die kruis omkom.

Om te boet met Sy bloed
vir my besmette gemoed.

Alleen wanneer jy Jesus volg,
in Sy dood word Hy jou Borg.

Nie net vir die lewe hier en nou,
maar ook ewig behou.

In sterf kom lewe-ewige vrede.

Dank God vir Jesusdood.

Hy, my hemelpoort

20 Junie

Van Nag tot Dag

Nag:

Sondenag---wat ewig wag,
Vir die sondemens--- so onbegrens.
Oneindige nag---tevergeefs gewag vir dag.
Gefolter, gepynig ---moet ewig ly.

Dag:

Tog kom daar die dag---verby die sondenag.
Hoe is dit moontlik--- liewe Heer?
Hoe kan dit wees---vir my die hemelwees,
afgesny van goed---waar ek ewig moes boet?

Nuwe Dag:

Toe ek weet---ek hoef nie meer vir wet te sweet,
toe ek kon glo--- genade kom van Bo,
toe ek kon begin sterf---en nie meer vir die sonde beef,
toe Hy in my begin leef---ek agter Hom aan beweeg.

Dankie

Dankie, dankie, dankie Heer---weer en weer 'n keer,
vir U liefde Heer---U het my val gekeer,
vir U vergifnis--- het dit amper, amper gemis.
Nou bly nog net die vreugdewag--- op die Hemel so sag;
in U arms toegevou---ewig sonder berou.
Dankie Heer wat in my woon,---
om ewig aan U hulde te betoon.

21 Junie

Efesiërs 4

Disharmonie van onreg,
ja, Jy, aan sonde verkneg,
Skeur Sy liggaam uitmekaar,
met die leuen onder mekaar.

Vermy kwaadword,
sluit die dag in Sy vredefort.

Werk hard, o luie,
moenie so aankruie.

Laat jou mond nooit vuil taal spreek,
waarom Sy band met jou verbreek?

Moet nooit Sy Gees bedroef,
waarom so Sy eienaarskap troef?

Vermy die kwaad,
moet niks slegs aanraak.

Vergewe jou broer,
God is ook oor jou ontroer.

22 Junie

Rusdag

Vir sommige die begindag.

Wat maak dit saak?

Solank jy jou arbeid staak

en Hom grootmaak in jou taak.

23 Junie

Partikel van Weet

Klein partikel van weet,
geneem uit die onmeetlike Allesweet.

Weet, hiervan kan jy maar vergeet.

Hoe kleiner die deel,
hoe groter die verbeel,
van mag en wysheid,
al is daarby die grysheid.

Hoe trek jy die verband,
tussen korrel sand
en die onmeetlike strand?

Net jy mag jou verbeel,
jy kan hiervan wees 'n deel.

Soek in jou broer se oog die splint,
terwyl die balk jouself verblind.

24 Junie

Van sterf en leef

(2 Kor. 5: 14 en 15)

Liefde wat dring,

kan jy **dit** besing?

Waar kom dit vandaan?

Plaas insig dit op die lewensbaan?

Een wat sterf,

laat almal sterf.

Wie is die Een,

wat my van self vervreem?

Het Hy ook opgestaan,

vir my ewige bestaan?

Ek sterf-----Ek leef,

in Hom vergeef.

Sy liefde aan my geopenbaar,

liefde deur geloof gebaar.

25 Junie

Hartmens

Ruk die hart uit,
gee dit weg,
al voel dit sleg,
leeg en van niks beleg.

Hart van denke, voel en wil,
ingeruil vir 'n selfwees nul.
Tot die leegheid van die self,
in die pyn van kruisig delf-----
Onlogies, natuurlik bedink,
word gebore 'n nuwe kind,
'n nuwe hart, 'n nuwe gees,
nie meer blind,
vir ewig aan U verbind.
Geheel vernU
tot die beeld van U.

26 Junie

Gees, siel en liggaam

Dankie vir die wonderlike tyd
in U Goddelike teenwoordigheid.

Dankie Gees van God
ewige lewe laat U bot.
Wees U 'n oop kanaal,
wat al die sleg uit my haal.

Sal U, o Gees, my siel,
my denke voel en wil,
vernuwe om U ontwil.

Dring my liggaamskrag
tot uitvoermag.

Mag die tyd van nou,
verewig word sonder berou.

Tyd, O Tyd, O Tyd,
salige sekerheid.

27 Junie

Oggendlied

Hy, die Een wat waak,
sal jou soggens bly maak.

Versterk deur krag,
geput uit Sy mag.

Hoop versterk,
vir altyd vir Hom gemerk.

Verlos van sondedood,
onthef van ewige nood.

Bly, verbly my Heer,
in U gekeer.

Nooit satan te verheer,
Jesus het my ingekeer.

28 Junie

Spreuke 3: 1 tot 6

O Heer, ek wil U eer,
U wysheid so hoog,
rig my verstand omhoog.

Na 'n hoër kyk,
van U heerlikheid.

Gee my liefde en trou,
om U altyd te onthou,
en ewig te vertrou.

Niks van dwaasheid se eie kan,
wysheid oortref die hoe daarvan.

Moenie vergeet,
dan sal jy altyd weet.

Hou vas wat jy ontvang,
moenie vrees vir nie kan.

Hy is God en Hy is trou,
soos jy Hom vertrou.

Wysheid kan joune wees,
jy kan so anders wees,
nie meer wees- nie meer vrees.

29 Junie

Rusdag

Versterk jou krag,

indien jy op Hom wag

Gedenk sy ryke seën,

moenie oor verspeelde kanse ween

30 Junie

Gee Here

(Spreuke 12)

Dat ek nie met my mond,

ander sal verwond.

Plaas 'n wag voor my mond,
en maak so my en ander gesond.

Open my ore vir raat,

sodat ek nie ander skaad.

Laat my hande woel in grond,

maak stil my mond.

My emosies onder beheer,

nooit sal opvlam tot onbeheer.

Dat wanneer ek lieg,

ek altyd weer sal bieg.

Hou my kennis bedek,

sodat ander nie dink ek is gek,

ek nie alles uitblaker,

bietjie kennis bêre vir later.

Maak my fluks,

so skuld ek niks.

1 Julie

Spreuke 22:3

Probleme onafwendbaar,
uit sondeval voorspelbaar.

Wyses sien dit kom,
vlug voor hul omkom.

Die dwaas ploeter aan,
sy oë op die grond geslaan.

So loop hy hom vas,
geleentheid verpas

2 Julie

Om god te wees

Oerverdorwenheid,

menslike swakheid.

Selfbestuur, selfbeheer,

onafhanklik van U o Heer.

Hoogmoed, bestem tot vernedering,

indien eie begeertes nie verdring.

Hoe sal die mens gekruisig wees,

indien hy nie van self genees.

Nederigheid gelyk aan selfverloëning,

onttroon die eiegodkoning.

Klein soos 'n mosterdsaad,

of dun soos 'n garingdraad,

gebuk, gebuig, verklein,

tot Goddelik rein,

vir agter die skeidingsgordyn.

Om U op te lig,

tot U lig my verlig,

tot Goddelike sig.

3 Julie

Lokomotief

Spoorbane van lering
deur Jesus gegee tot inkering.
Koersbepaald tot in die ewigheid,
vir die mensmasjien tot nuwigheid.
Remme van wette ontkoppel,
gereed om voort te wikkel.
Opgestel vir stoom. -wagtend.- leweloos.
O, Ruach, hoe lank nog wag
vir U Goddelike krag?
Uiteindelik beweging tot onstuitbare mag,
al verder weg uit die
helse nag
oppad na die ewige dag.

4 Julie

Liefde

(Joh. 14:23)

Here, het ek U lief?

Here asseblief.

Neem ek U Woord ter harte,
terwille van al my smarte?

Wag ek op U,

soos niemand anders nie?

Roer my hart by aanskoue van U smart.

Ruk dit my diep in die hart?

Verlang ek na U heil,

diep in my ongepeil?

Ruk my binneste van verwagting,

vir U spoedige opwagting?

Toets my hart, O Heer,

weer en weer en weer 'n keer.

Dankie Heer, Dankie Heer.

5 Julie

Rusdag

**Ses dae het U my gedra,
al my kla verdra,
geluister na my geween,
en tog wil U my vandag seën.**

6 Julie

Mens

Oer verbondenheidswese,
eens aan God alleen verbind.

Tot liefdessperm en eiersel bind;
van orgasme tot organisme,
kind aan moederskoot vasgebind.

Selfs met naelstringknip,
sal die moederband nooit ontglip.

Lewenslank verbind aan kind.

Tot die groot sinvolheid --
verbind word verbondenheid,
tussen God en mens--

Deur Genade

uit die spens van onbegrens.

7 Julie

Alles Nuut
(ook 'n lens vir die oog0

Die sleg is afgesny,
blindheid is vermy.

Alles nuut, skoon en rein,
o, hemelse refrein.

Ook die dowwe oog,
deur sondeskuld verdroog.

Die dowwe kol,
vir ewig uitgehol.

Vervang met 'n nuwe lens,
vir nuutsien onbegrens.

Ook so my hart,
Sonder sondesmart,
nuutgemaak,
volgens U smaak.

Skoon en rein,
sonder enige pyn.

Dankie Here God,
Vir 'n nuwe gebod.

8 Julie

Gees en Siel

(engee 2019 sodomie)

Waarom, pastor, het jy dit gedoen,

my gedagtes te vorm,

my ewig te verdoem?

Paradigma aangeleer,

Sy Geeswerking te keer.

Blok die vloei na siel,

my Achilles hiel,

wat Geesgeloof blokkeer,

my lewe te beheer.

Waarom pastor?

Het jy nie geweet,

dat Sy bloedsweet,

Sy Gees bring tot my weet,

my weet en voel,

so deur jou omgewoel,

geblokkeer,

my van die hemel weg te weer?

9 Julie

Om Goed te ken

Grense van ken,

deur God vasgepen.

Paradyskennis van goed en mooi,

in menslike gedagtes vasgesooi.

Wee die eiewilligheid,

deur soeke na sondigheid.

Ken van Goed was nie genoeg,

ken van sleg is die menslike weg.

O mens, waarom so dom,

verruil jy paradys vir heidendom?

In jou sug soos God te wees,

kies jy die weg van vlees.

Dood in jou gees,

tot Hy sal kom,

om jou te genees.

Dankie God, dat U ons gedagtes lig

tot 'n hemelse vergesig.

10 Julie

Skuld

Wil jy **nou** dit hê,
al kan jy dit nie **nou** betaling bylê?

Verpand jou arbeid,
voor jy begin.

Gods Woord sê: “Moenie
jou medemens skuld nie,
behalwe om lief te hê.”

So skuld ek jou my broer,
sonder om betaling aan te roer.
Vir ewig in skuld gedompel,
al wil ek in teenstand mompel.

Hy het my skuld betaal,
vir ewig die angel uitgehaal.
So skuld ek jou vergiffenis,
al kos dit my niks.
Net Sy liefde betaal ,
alle skuld deur my behaal.

11 Julie

Ou Natuur

Verbrand in helse vuur,
toe Hy die hel verduur,
in my plek,
verwerf genade onbeperk.

Dank God en Heer,
dat U my omkeer,
om saam met U te leef,
En nooit weer vir die hel te beef.

12 Julie

Rusdag

Salige dag.

Het na jou verlang,

toe ek deur die week ploeg, so bang,

luisterend na die swanesang.

13 Julie

Paradigma van die Dood

Wat in my ou lewe opstoot.

Vermink, verwoes, gedood,

saam met Jesus in Sy dood.

Verwoeste ou lewe,

deur mensedrif gedrewe.

Opgestaan, weergebore,

vir Jesuslewe beskore.

Verlos van die ou natuur,

opgestaan met nuwe vuur.

Aangesteek deur U Gees,

verwoester van my vlees.

Vir U doel gered, geseën,

sodat ek nooit weer hoef te ween.

Ewige dank my God,

my ewige salige lot.

Nou leef U in my,

volkome van die self bevry.

Die self vir ewig onderwerp,

Want U het my genadig opgemerk.

O Gees wat in my woon,

om vir ewig satan te hoon.

14 Julie

Besnydenis

Dank o, Heilige Gees,

U in my hart wil wees.

U wat in my kom woon,
vanuit God se hemeltroon.

U wat my hart besny,
maak my vir altyd vry.

Uit wat was sleg,
bevestig Jesusbloed my ewige reg.

Geloof- en nie doen,
maak my met God versoen.

Dankie God en Heer,
my hart is omgekeer.

Nou behoort ek aan U,
vir ewig in U skaduwu.

My enigste Hoop,
vir die lewensverloop.

In U gesterf,
so die ewigheid verwerf.

Deur Jesus bloed,
in God se sig vergoed.

In Hom gesterf en opgestaan,
nooit weer te vermaan.

Dank my God en Heer, ewig na U ingekeer.

15 Julie

God vir ons

U ontgoddeliking,
straf vir my vergoddeliking.

U Golgota,
vir my Evata.

U babageboorte,
vir my selfgrootte.

U naaktheid,
vir my volmaaktheid.

U Sterwe,
vir my lewe.

O God, my ewige dank,
vir hierdie reddingsklank.

16 Julie

Wedergeboorte

Is dit vir my, o Heer,
wedergeboorteseer?

Word jy gekruisig,
sonder lewensuitsig?

Wanneer jy sterf,
is jy dan dood aan die self?
Indien jy weer gebore word,
versterk die verlossingsfort?

Heer, asseblief,
nie weer die eie sondepad.
Sal U in my tog gebore word,
opgewek uit die selfverword,
bring U goedheid my in,
verlos van my sondesin.

17 Julie

Gebed

Wonderlike tyd,
in U teenwoordigheid.

Gebuk, gebuig,
om vir U te getuig:
U is so groot en goed,
U bou my moed,
om wanneer ek verrys,
U in my lewe te prys.

Help my Heer,
om U te eer,
O, Goddelike Heer.

O, ewig Lig,
om U op te lig,
tot U geheel my verlig,
vir ander se insig,
in 'n ewige vergesig.
Tot die Lig ook in
hulle binneste dring,
en hulle U lig,
in ander aanstig.

Dankie dat U ons koers bepaal,
dankie nog een maal,
vir U sukses in ons behaal.

Dankie dat U deur my vloei,
U liefde in my gloei,
tot Lig en Lewe, van U gegewe.

18 Julie

Kersfees

Hy het gekom,
sodat ek nie sou omkom,
maar die hel sou ontkom.
Hy is tot kind verklein,
tog bly Hy hemelrein.
Op die aarde neergewerp,
sonder om Homself te behelp.
Sy afhanklikheid,
vir my ontvanklikheid.
Deur Sy bloed gewas,
van my sonde ontlas.
Sy kinderlike vernedering,
bring my tot inkering.
Dankie, Heer my God,
vir U groot aanbod.
Ek aanvaar dit Heer,
aan my gebied- nog 'n keer.

19 Julie

Rusdag

Vasdag van werkdag

wat is jou klag

wou jy meer vermag

in jou onmag?

20 Julie

Geloof

Hoe kan ek glo,
wyl verstandelik beurend na bo?

Hoe kan logika wen,
sonder dat dit geloof afrem?

Hoe maak ek die sprong in,

Sy wagtende arms in?

Hoe kom ek tot lewe,
vanuit die aardse strewe?

Hoe?

Verwoes my sekuriteit,
dompel my in lydenstyd.

Breek my lewenskrag.

Verwoes my eie mag.

Maak my klein.

Verwoes my lewensgrein.

Totdat:

ek vasgryp,

sonder 'n magstryd,

aan totale afhanklikheid.

Verloën, verkrag die eie ek,
vir tuiskoms in die heilige plek.

21 Julie

Lof aan satan
(Oppedra aan Darwin e.a)

God se eerste skepping;
deur wysheid en begryping.

Gekaap deur satan,
vir verleiding van Adam.
“ Jy kan jou eie god wees,
jy hoef Hom nie te vrees.”

Van Adam tot Babel,
bly satan die mens toetakel.

Steeds bly sy leuen,
verleidelik om op te steun.
“ Jy kan God wees deur te weet,
en alles te kan ontleed.”

Postmodern gebore uit onontferming,
gebore uit die leuen van **ek wil weet**,
en liewers van God vergeet.

Verdoem bestem tot hel,
waar jy jou sondes sal kan tel,
vir ewig ononderbreek,
omdat jy van God vergeet.

Menseheld verhef tot god,
vir lof en eer, so bot.

jou sot.

22 Julie

Liggaam

Blyplek-Speelplek,

vir die eie ek.

Oornaghut of geriefhut,

lekkend of in luuksheid.

Afgerond en gesond,

Of vol kwale, onafgerond.

Hoe lank nog Heer,

voordat U alles omkeer,

die aardse woning ploeg,

die grond in,

en ons word moeg geswoeg?

Vanwaar ek woon,

voordat ek opstyg na U troon.

Is tagtig jaar genoeg,

om hierdie liggaam in te ploeg?

Dank God dat die ek,

gees en siel, vir ewig is bedek,

met 'n bloedkol onbevlek.

Dankie Ereking, vir U ewige inwoning.

23 Julie

Kruis

Dwarslat van selfverloëning,
kruisig die wêreldbekroning.

Houtpaal, vertikaal bepaal,
reeds wysend na die vreugdemaal.

Hy wat dit verbind,
aan Sy voete wil ek neersink.

Aan die voet van die paal,
staan my sonde vasgenael.

Terwyl ek deur my trane kyk,
sypel bloed uit die byna lyk.

Voor my oë verdwyn die klag,
deur satan teen my ingebag.

Hoe kan ek U dank,
vir die verlossingsklank:

“ Dit is volbring,

ingebing,

in My binnekring”

24 Julie

Een Kans

Een lewe, net een kans;
hoe sal jy die ewigheid verskans?
Sal jy sinvol, hoopvol sterf,
of huil oor jou kanse, so bederf?
Sal jy in vrede Sy hand vat,
Of met bewing satan tegemoet stap?

Daar is nog tyd.
Koop dit uit.
Gebruik elke kans,
om jou ewigheid te verskans.
Hy is die geheim,
pen nou af jou kleim.
Gee oor, vertrou Hom,
voor die einde skielik kom.

**Jy kan nog kies,
sonder 'n ewige verlies.**
Kies tog reg,
moenie vir ewig versleg.
Ek vra jou kom tog in,
voor satan weer 'n leuen versin.

25 Julie

Sondeput

In sondeput geval,
die wanhoop maak my mal.

Sondeslyk,
oorweldig my menslikheid.

Geen staanplek meer,
slegs wegsink sonder meer.

Verstik in slik.

Net voor ek ondergaan,
kom Hy in my plek staan.

Opgelig, op Sy skouers verhoog,
sonder mensepoog.

Turend oor die gatsrand,
na die Beloofde Land.

Terwyl Hy in die slyk verstik,
ek klouend aan hemelse geluk.

Hy vertrap onder voete van sonde,
bygevoeg by Sy wonde.

Verstik, water sluk, asem weggeruk--

Kruip ek lewend oor gatsrand,
sonder begrip van mensverstand.

Wonderwerk: Hy leef, Hy wag my in, herleef!

Om Hom ewig aan te kleef.

Sien ek reeds Sy ewige stand,

Met uitgestrekte hand,

in Hemelland.

Ewige Lewe,

My God, My God, U is die lewe.

26 Julie

Rusdag

Jy mag maar rus vandag.

Onthou net iets van Hom vandag,

S\soos Hy jou seën

deur die week heen.

27 Julie

Gebedsrus

Terwyl ek aan U voete rus,
met die heerlike wete,
dat ek vergewe is.

U sagte hand op my,
verseker my.

Mag ek so stil sit,
sonder om aarde toe te versit?

Een dag weet ek wel,
sal dit wees op U bevel:

**“Bly hier by My,
aan My voete neergevlei”.**

Nog ‘n maal,
ewig iemand in Sy kraal.
Jy het die skaal gehaal.

28 Julie

Markus 4:18

Verstikking bring dood,
asemnood is soos hongersnood.

Asem bring lewe,
ons van God gegewe.

Wat verstik die lewe in my,
maak dat ek geen asem kry?

U Woord vol wysheid,
verklaar hierdie doodsheid:

Rykdom en sorg van die lewe,
ontneem ons lewensvrede.

Rykdom en kommer bring verstikking,
alles menslike beskikking.

Dit is so belangrik,
Here maak my hart ontvanklik

vir U asem van lewe,

Onverganklik.

29 Julie

Genade

Deur God geheilig,

om ons te beveilig.

Grootste van Sy seën,

ons geskenk deur Sy Seun.

Waarom Satan,

kaap jy die heiligheid,

subtiel vermom as medemenslikheid?

Soos altyd ook soos nou,

bring dit ons ewige rou.

Open ons oë Heer,

Kom leer ons nog 'n keer:

Genade van die Humanis,

is slegter as duiwemis.

30 Julie

Van mens tot God

Singapore, menslike rigsnoer,
ontdaan van werklikheid,
van menslike gebrokenheid.

Hermanus, monument van onafhanklikheid,
te midde van Goddelike skeppingsalmagtigheid,
'n bietjie van God, en baie van mens,
Vermeng tot onherkenbaarheid.

Ermelo, menslike mislukking,
gereed vir opheffing.
Mens het gefaal,
om Goddelikheid uit te straal.

In die mens se nikswees,
kan God weer iets wees.
In menslike swakheid,
ontdek ons God as werklikheid.

31 Julie

Oorgeplant

Jy met die bar-hart,
soek jy ook na 'n Barnard?

Oorversadigde self

vervang.....

met 'n gedraaide wang.

Klein genoeg gekrimp;

Mini kameel.

vroeër beskimp

toe klein gekrimp,

vir die oog van 'n naald.

Salig bepaald.

Van sot tot yod tot god-

My God!

1 Augustus

Wet van Omgekeerdheid

Vervloek, o, menslike logika,
verwoes deur Goddelike dinamika.

Toe jy, Eva, God wou wees,
jouself probeer genees.

Het God jou verdoem,
om jou later te kan versoen.

In jou strewe na Goddelikheid,
verdoem jy jou tot sterflikheid.

Alleen in selfverloëning,
kry jy deel aan Godkoning.

Wet van omgekeerdheid staan vas,
jou ewige las:

In jou wou koningwees,
is jy verdoem tot dooie gees.

Toe jy wou heers,
kom jy tot laaste wees.

Toe jy strewe na bedien,
het Hy bepaal dat jy sal dien.

Toe jy ryk wou wees,
moes jy arm word van gees.

Toe jy hier wou lewe,
moes jy voor die dood bewe.

Toe jy in self verbly,
moes jy leer van ewig ly.

In baie moes jy ervaar,
jy het eintlik niks gebaar.

In jou lewenslengte,
het jy ontdek jou beperkte denke.

Sondelot sonder God,
geen ewige salige lot.

2 Augustus

Rusdag

Kan jy die laaste dag onthou

wat jou knieë voor Hom vou

jy gebroke neerkniel

deur die lewe verniel?

3 Augustus

Gebed 2

Neuronbaan

wat in die brein ontstaan.

Gevorm deur herhaling,
dikwels sonder verklaring.

Neuronbaan

Gevorm deur kommunikasies,
met die Heilige van alle nasies.

Vertikaal bepaal,

na 'n duisendmaal.

Neuronbaan

Gebedgedrewe,
om omhoog te swewe,
verhef uit aardse bestaan,
'n ewige hemelweg gebaan.

4 Augustus

Gebed 3

Wonderlike tyd,
in U teenwoordigheid.

Gebuk, gebuig,
om van U te getuig:
U is so groot en goed,
U bou my moed,
om wanneer ek verrys,
U in my lewe te prys.

Help my Heer,
om U te eer,
O, Goddelike Heer.

O, ewig Lig,
om U op te lig,
Tot U geheel my verlig,
tot ander se insig,
'n ewige vergesig.
Tot die Lig ook in
hulle binneste indring,
en hulle U lig,
in ander aanstig.

Dankie dat U ons koers bepaal,
dankie nog een maal,
vir U sukses in ons behaal.

Dankie dat U deur my vloei,
U liefde in my gloei,
tot Lig en Lewe, van U gegewe.

5 Augustus

Comrades van die Lewe

Wedloop teen tyd,
beloning, ewige saligheid.

Dik stroom kom in,
kruipende, steunende skuifeling,
oor die eindstreep huilend,
blydskap sonder end.

Tot die skoot knal,
die laaste maal.

Geen kanse meer;
het tyd uitgeloop, my Heer?

Verby:

Nooit 'n kans vir weerprobeer.
Satan juigend aan die anderkant,
siele aan sy kant geplant.

Ewig aan die heil ontruk,
gedoem tot duiwelse geluk.

Breë stroom bou steeds op,
ewig deur satan gefop.

Kanse verspeel, misluk,
gedoem tot ewige ongeluk.

O, Wee!

My God gee: Tog nog tyd.

6 Augustus

Houthuisie

Houthuisie

Bidplek, soekplek, rusplek.

Gekonfronteer

Godplek, sinplek, herstelplek.

Omgekeer

Vergewe, herlewe, oorgegewe

Houthuis, grafhuis, hemelhuis

Dankie vir die houthuis.

7 Augustus

Ewige Sekerheid

Vasgebind, vasgemaak,
uit jou doodslaap hier ontwaak.

Ingebring,
tot Koning S`n.

In sterfte alles afgerond,
op hierdie wêreldrond.
Nooit kan satan weer,
jou uit die hemel keer.

Ingesluit, vasgemaak,
vir Sy ewige oormmaak.
geruk uit die kake van die draak.

My God! My God!

My ewige salige lot.

8 Augustus

Kenot

(verhaal van die mens)

Ken en Genot,

was my god.

Noem dit Kenot.

So het Eva geval,

in die lokval--

Ken maak jou soos God!

Hierin is die menslike genot.

Adam meegesleur,

so ook die menslike keur.

Tot die Lig van die Hemelse vergesig,

kenot verlig tot geloofsinsig.

9 Augustus

Rusdag

Is jy ook moeg

deur die lewe geploeg?

Hy gee vandag lewe- Ewige vrede .

Ontspan in Hom

tot Hy vir jou kom.

10 Augustus

Yster

“Yster slyp yster.

So slyp die een mens die

persoon van die ander”

(Spreuke 27:17)

Yster slyp yster,
sonder jou raak ek die pad byster.

Jy kap aan my pleister,
tot die witpleister afval en my verbyster,
tot die rou baksteen blyk,
ontbloot, gebleik.

Moet jy my altyd so ontbloot,
my diepste sielenood,

so ontbloot?

11 Augustus

Dien en Bedien

(Dankie Genade - Anna)

Hy het op aarde bedien,
so het almal Hom gesien,
tot aan die einde gedien.

Soos 'n slaaf,
nederig deur die kruishout geskaaf.

Hy het opgestaan,
van alle helse bande ontdaan.
Verhoog tot in die Vaderhuis,
so kom Hy tuis.

Nou is Hy die Koning weer,
so lank terug my Heer!
Nie meer mense bedien,
opgehef tot elke oog Hom sien:

Koning, Grote God, ons ewige, ewige Lot.

12 Augustus

Ingebore

Na die geboorte-----die sondegeval,
gered deur inkeer veral.

Toe die geboorte—die wedergeboorte!
ingebore deur die skeidingsgordyn,
van Sy helse pyn.

Tot in die Vader se teenwoordigheid.

Gewas deur die bloed----
die bloed van die Lam.

Deur die skreeu: “ Dit is volbring!”

Ingebring is Sy binnekring.

Eens, net eens die Godsgeboorte,
deur die ongeskeurde maagdevlies.

Ingebore in die aardse,
met hemelse verlies.

Gekeur---Gekies,
deur Sy hemelse verlies,
vir ons ewige uitverkies.

Goddank.

13 Augustus

Sekuriteit

(Mat. 6:33)

Slaggate in paaie so oud,

of

ewige paaie van goud.

Eskomligte wat faal,

of

hemelse Lig wat jou ewig bestraal.

Damme verdroog,

of

water wat nooit uitloog.

Geld deur inflasie verwoes,

of

skatte in die hemel ongeoes.

Soeke na ideale omstandigheid,

of

soeke na hemelse sekerheid.

Aardse afgod van sekuriteit,

of

hemelse sekerheid.

Hy wat kies vir nou,

sal dit sekerlik berou.

14 Augustus

Selfgod

Ontwaak jy vir Jesus,
staan jy op vir Hom,
om Hom te dien en eer,
God vir ewig te vereer?

Of staan jy op vir self,
om in die dieper self te delf,
om afgod te plesier,
gefokus op die hier?

Verwoes, o mens jou ewigheid,
gedoem tot helse koninkryk.

Ewig gestraf,
deur God verag.

15 Augustus

Klein Tydjie

Sondenatuur afgesny,
vir die hemelvreugde voorberei.

In U gesterf,
einde van die aardse swerf.

In U opgestaan,
geloods op die hemelbaan.

*Net 'n klein tydjie,
my Here, net 'n klein tydjie.*

Lank terug reeds belowe,
deur 'n grootouer ingetoë,
toe die boodskap is gebring,
op 'n sabbat in 'n familiekring.

In die geheue ingeëts,
sewentig jaar terug, die verwagting geskets.

Spoedig word die hoop, aanskoue

Ewig vir die hemel behoue.

(Al wat onthou kan word van huisgodsdienste,

te Huns (plaas in Namibië),

70 jaar gelede, deur oupa Petrus: *Net 'n klein tydjie.- Joh. 14,15)*

16 Augustus

Rusdag

**Sestig jaar werk,
tien jaar vir die hemel versterk.
Ook hier geld die reël
Eers werk dan rus.**

17 Augustus

Boekgeskryf

Wat was die doel,
wat het U daarmee bedoel?
Was dit bloot katarsis van my siel,
om oor te loop en uit te lek,
voor U my gee my ewige plek?

Was dit nooit bedoel,
om die hel af te koel,
deur siele te red,
uit die helse plek?

Was dit nooit U wil,
om ander se ontwil?

Was dit net tussen ons,
al het ander soms,
geluister en gehoor,
nie bedoelend vir hul oor?

Mag God gee klarigheid,
maak in my dood die stryd.

Laat U wil geskied,
al verstaan ek nie wat U gebied.

Gee my rus en vrede Heer,
as ek my lewe na u keer.

U wil O God is goed en sag,
voor ek oorstap uit die nag.

18 Augustus

Spreuke 8:13

Hoogmoed, o mens
volgens satan se wens.

Gevoed uit sy spens.

Hovaardigheid,
jou neerbuigende meerwaardigheid.

Weet o, mens wat sleg is,

God beloon wat reg is.

Vier dinge is vir Hom 'n gruwel:

Om oor sleg te jubel,
hoogmoed en hovaardigheid,
'n slegte lewensingesteldheid.

Om Hom te dien is wysheid,

dit begin by alle kuisheid.

Luister wyse mens,
waarom moet jy jou lewe verwens?

Daar is nog hoop,

daar is nog tyd,

om reg te maak vir ewigheid.

19 Augustus

Julie 1989

(Vir die advokaat)

Onthou jy nog,
die begin van jou Lewenstog,
Julie van nege en tagtig,
by 'n jeugkamp- waaragtig,
toe jou lewe het begin,
sommer so tussenin?
Een kamp so lotsbepalend,
vir ewige redding bepalend.
Onthou jy nog jou vrede,
jou vreugde en gebede?
Wat het geword van jou getuienis,
bly dit nog steeds jou lewensnis,
jou lus- jou verbintenis?

Welkom reeds terwyl ons wag,
en jou uiteindelijke koms verwag.
Verwagtend hou ons jou tog dop,
juigend oor hoe jy satan fop.—

*Van: familie reeds oorgestap,
rustend is Sy Vaderskap.*

20 Augustus

Boetie

Is jy, my boetie, geestesgesond,
of is jy lid van 'n ander bond?

Wie is jou koning,
God of jou eie vertoning?

Gee jy nie om?

Is jy so dom?

Wat moet nog gebeur,
voordat jy na God terugkeer?

21 Augustus

(besondere dag)

Gebed vir?

Dalk het jy nie geweet,

of dalk net vergeet:

Jesus het jou lief,

onthou dit asseblief.

Moenie dat sonde jou ploeg,

satan sê nooit: 'Dis genoeg'.

Jesus het vir als geboet,

jy moet net die sonde groet.

Hy wil jou **soo** graag hê,

al wat jy moet sê:

Ek glo U Heer,

ek wil my lewe omkeer,

my gee vir U eer.

Ek glo U bloed,

was ook my sonde weg-vergoed.

Dankie, dankie Heer! U het my val gekeer.

22 Augustus

Sodomie

Anti-sodomis,

vir wie dit nog sonde is.

Verguis, deur wêreld uitgewan,

soos net satan kan.

Deel van die Goddelike groep,

duidelik deur God geroep.

Bestem tot heiligheid,

vir hierdie sondige tyd.

“Gaan uit onder hulle uit”

Moenie soos ‘n uil,

sit op ‘n kluit.

Kies waar jy wil wees,

sonder vrees.

Wetend God is jou reg,

jy is geen sondekneg.

Juig oor jou behoedenis,

God sal jou nooit uitwis,

soos die sodomis.

23 Augustus

Rusdag

Ewige rus,

sag in U vrede gesus.

Dankie vir hierdie dag:

Herinnering aan wat wag.

24 Augustus

Openbaar

(Gal. 1:12 en 16)

Open en baar

Open die Evangelie

Baar die Lewe

Die hart moet oop

om te ontvang,

die Evangelie sonder dwang:

Dit wat wederbaar,

elke sondebeswaar.

Soos Eva's skande ontbloot,

deur die sonde – ewig verstoot,

in sonde ingebaar,

sonder hoop voorwaar.

Tot Hy wederbaar

Hom vir ons geopenbaar,

deur die opening in my gees,

nie deur vlees,

Geestelik in U ingebaar.

Nuutgebore, skoon en rein,

Sonder enige sondepyn

Net met vreugde groot,

Soos U, U aan ons ontbloot,

Onwrikbaar geopenbaar

kant en klaar.

25 Augustus

Here,

(Sig deur my venster: lug, bome en wolke)

Gee my die woorde,
vir geestelike akkoorde.

U weet wat in my roer,
die wete van U wonder wat my ontroer.

Die wolke, lug, die boom,
wat oor my troon.

Dankie vir U, O Gees,
U maak die lewe 'n fees.

U verskeidenheid,
van Goddelike skeppingsvaardigheid,
wisselende aanskoulikheid.

Dankie vir die stil van sielshonger,
al bly die woorde steeds krommer.

U lees my hart,
U weet van my smart,
oor my onvermoë Heer,
U ten volle in woorde te eer.

Elke dag is daar iets,
Wat my siel 'opfix:'
Die helder bloue lug,
die spierwitte wolkgesig,
die blink van die blaar,
ritselend aanmekaar.
So is U, O Gees, soos wind,
onsienbaar goedgesind.

Die ligte siddering,
soos U my gees deurdring.

26 Augustus

Doringbos

Doringtak in vlees gehak,

vergeefs gebid vir onttak.

Ek, soekend na plesier,

U lyding vir my bestem, hier.

Wanneer sal U my hoor

en in my lyding my verhoor?

In my swakheid toeberei,

vir U goedheid voorberei.

Hier is ek nou,

vir U om op te bou,

te gebruik en te besiel.

So dans ek die lewensriël

27 Augustus

Wederwaterdoop

U laat my op water loop,
sonder om af te sak in die dood.

Telkens gryp U my hand,
en hou my so aan U verpand.

Net een keer laat U toe,
die wegsak in die water, ondertoe.

Tot ek sterf aan self,
in die onderwater delf.
My longe vul met water,
vir my geboorte later.

Tot U my weer optrek Heer,
my vul met U, o Heer.
Met U Gees in longe ingepomp,
vir ewig afgerond;
gedood, gewas, bekeer,
uit die dood beHeer,
met U Gees my Heer.

Dankie, dankU, Heer.

Weer en weer en weer 'n keer.

28 Augustus

Genadebrood

(Joh. 6:4-14)

Genadebrood, genadetyd,
plek van ewige heerlikheid,

gaan verby,

tot net oorbly- ek en jy.

Geen genade-oorskot,

vir verdere oppot.

Soos Israel in die woestyn,
slegs vir vandag se hongerpyn.

Geleentheid kom en gaan.

Luister as Hy jou vermaan.

Heerlikste brood en vis.

Moet tog nie **die** maal mis.

Genadebrood vermeerder, nou en hier,

vir jou ewige plesier.

Neem die brood tog aan,

satan ewig verslaan.

29 Augustus

Dank U

Dankie vir nog 'n dag,
vir nuwe krag.
na die donker nag,
U lig deurbreek die donker
van die sondepronker
U tree vir my in,
voor Goddelike Hemeling.
Met U verdienste Heer,
het U my sondeval gekeer.
Blye helder Lig,
vreugde van U aangesig.

30 Augustus

Rusdag

**Gee tog terug die krag,
uitgeloop, deur die week verkrag
Alleen in U Gees, o Heer,
word U lewenswater teruggekeer.**

31 Augustus

Van hoor en sien en praat

‘n Wag voor jou mond,

hou jou lewe gesond.

Weerhou jou van kla,

alewig jou lot te bevra.

Danks, pas by jou.

Dit hou jou uit die rou.

O, slegte mens,

wat is jou lewenswens?

Gaan dit oor die hier en nou,

of wil jy die ewigheid behou?

Rig jou oog op Hom,

vanwaar jou voorspoed kom.

Wanneer Hy jou toets, jubel in Sy bemoeienis.

1 September

Lydingsbestaan

Deelgenoot in lyding,
so werk U my bevryding.

Is ons beter as U Heer?

Waarom dan ons smarte keer?

Vir ons redding het U gesterf,
so die ewige lewe verwerf.

In ons eenword met Hom ,
sal ons nooit die lyding ontkom .

Dankie Heer en God

vir die eer,

om U te volg my God,

een te word met U

vir ewig vernu.

2 September

Arend

Jy sweef op die wind,

Godsgoedgesind.

Die Ruach van Gods Gees,

beweeg so naby jou vlees.

Opgelig, gedra swewend,

geen eie krag; vlerke bewend,

weet jy wat ons seek:

God dra ons tog uit enige hoek.

Sy Geesteskrag druk ons op,

wanneer ons die lewenseise dop,

en aardwaarts flop.

3 September

Die Lyding (Tetralogie 1)

Joh. 19: 23-30

Toe U die Asem uitblaas,
was ek nie meer helle-aas
Toe U uitroep: "Dis volbring",
het my hart 'n nuwe lied gesing.
Toe U die suurwyn proe-
toe dors U lippe bars-
toe die suur-
soos vlamme brand-
het U my uit die hel verplaas,
my langs U geplaas.
Toe U kleed word uitgeloot,
het die voorhangsel God ontbloot.
Toe die voorhangsel skeur,
het geboorte my die lewe ingebeer,
deur die maagdevlies van die voorhangsel deur.
Om van die skeiding tussen U en my,
my ewig te bevry.
Hoe kan ek U dank,
die ewigheid lank?
My God en Heer, U't my val gekeer.

4 September

Die Dood (Tetralogie 2)

(Joh. 19:31-34)

Bloeding uit Sy sy,
vir jou redding en vir my.

Geen been gebreek,
die swaard sou Hom deursteeke.

Bloed en water,
vir die mensdom se redding later.

Aan U voete Heer,
was U my teer
skoon met U bloed,
omdat U vir almal boet,
slegs as ek kniel,
bewus dat sonde my verniel.

Ek het niks om U te bied,
U wat die lewe gebied.

Ek aanvaar dit Heer,
U verlossing , Heer, O, Heer,
Keer op keer.

5 September

Die Begrafnis (Tetralogie 3)

(Joh. 19: 38-40)

Het jy, Josef van Arimathea
toe jy Sy liggaam kry,
toe jy teer Sy liggaam ontvang,
jou skuld bely?
Geweet jy is nie meer bang?
Het jy Nikodemus,
dissipel van die duisternis,
met jou reukolie,
kon vergoed vir Sy verlore glorie?
Toe julle die verminking aanskou,
kon julle nog Sy deernis onthou?
Bloed net waar jul kyk,
kon jul ons Heer so bekyk?
Kon julle die wonde toedruk,
kon dit jul geluk,
om weer mensvorm te gee,
terwyl julle die trane afvee?
Het julle hande gebewe,
toe Sy heiligheid julle omgewe?
Het julle onthou,
was julle getrou,
soos Hy te doen,
sonder om te verdoem,
soos Hy het vergewe
om ons te gee die lewe?
Hoe was dit my broers,
Toe jul Sy liggaam moes hanteer,
So oneindig beseer?
Verdoemenis vir altyd gekeer.

6 September

Die Opstanding (Tetralogie 4)

(Joh. 20:11-18)

Maria, geseënde vrou,

so getrou,

uitgesonder vir rou.

Maar ook om Hom te sien,

te glo en Hom te dien.

Al wou hul jou nie glo,

het jy geweet: Hy is van Bo.

Want jy het gesien, gevat, gehoor;

Hy het die dood vermoor.

Eerste evangelis,

bring jy jou getuienis:

Van hoe Hy lyk,

opgewek uit die doodse slyk.

Het jy geweet, vrou van Magdala,

dat jou geliefde Heer,

jou sou vereer,

deur jou liefdeseer,

om te keer,

oor jou opgestane Heer?

7 September

Rusdag

Son staan stil,

moenie gil;

Jou werksweek verleng na agt,

alles te kon volbragt

8 September

Van outoriteit en sien

U gee outoriteit,
vir ons lewenstyd,
wanneer ons in U bly,
soos 'n groen vy.

Vrug kan ons wees,
een met U, O Heilige Gees.

Ons sal doen soos U , selfs meer as U,
om U doel te doen ,
met U te versoen.

Help ons soos U te sien,
nie met oog,
maar liefdedien.

Ontsluit ons geesoog,
wanneer ons soos U poog,
om met deernis te dien,
U liefde te laat sien.

Vervleg bo mensverstand,
sien mens met hartverpand.

Gebore uit gehoor,
alleen vir die deur U bekoor,wanneer U ons gebed verhoor.

9 September

Genade

Swanger wolke van genade,
omgewe die aarde:
Wagtend, roepend, kloppend, dringend
vir 'n moeë siel-
wat kom,
dansend uit die vergeefse lewensriël,
wat met sy laaste eie krag,
probeer die lewensdoel volbrag;
plaas van die sleutel draai,
sodat Gees sy lewe verfraai,
met Sy binnekom,
in die lewenshuis verwelkom.

Waarom sal jy moeë siel,
voortgaan met jou lewensriël?
Die dans om die self,
oppas vir afval van die lewensgewelf.
Al in die rondte,
tot jy neerslaan van bloedklonte,
die lewensaar verstop,
dit sonder God.

Daar is nog tyd.
Kyk op na Hom,
open jou lewensbron.
Ontvang Sy genadereën,
tot 'n ewige seën.

10 September

Engel

Engel uit die hel,
op satans bevel.

Om my te teister met kritiek,
dit is voorwaar nie 'n piekniek.

Nooit is iets reg,
altyd moet dit weg,
tevergeefse geveg.

My God, hoe lank nog?

Help tog,
asseblief.

Keer tog die vredesdief.

11 September

Die Einde

(25 April 2019)

Alles word gereduseer,
vereng, verklein, ongekompliseer.

Lewensfasette word uitgeskud,
elementêrste bly geskut.

Die lewe spoed ten einde,
joune en myne.

Koorsagtig word gegryp,
Na sin- voor alles doodryp.

Slegs die sinvolste bly,
sommiges sal dit al hier verkry.

Die visie word nou vertikaal,
deurlopend maal na maal.

Tot die oog vêrstaar,
in permanensie onverklaar.

Wat sal jy tog weet,
jy wat die Lewe wil vergeet?

Alles in jou uitgeruim,
tog bly die al maar net skyn.

Dalk verstar jou blik---
Oombliklik, as dit jou geluk.

12 September

Iets nuut

Altyd iets nuut,
die lewe maak so sy debuut.
Gebore, geleer en afgerond,
vir volwasse oggendstond.
So vergaar jy- skep sekuriteit,
om eendag af te tree-voor jou tyd.
Om sinneloos te kan vroetel,
met dinge sonder ewigheidstitel.

Kom tog o, nuwe tyd!

Die wêreld vervaag,
soos die ewigheid nader waag.

Jou gedagtes vul,
met dinge wat satan kul,
sy leuens nie langer glo,
soos jy jou oë rig na bo.

Die nuwe tyd!

O, ewige saligheid!

13 September

Sonde-oog

O, sonde-oog,
wat is jou betoog?
“ Ja, alles is sleg,
Ja, jy is reg”
Van vroeg al
stap die mens die sondedal.
Maar jy, wie is jy?
jy wat met sonde-oog kyk,
en almal om jou verklaar tot doderyk-
van verdoemenis,
jy wat ook jou doel mis.
Hoe meer jy sonde ken,
hoe meer jy dit verken,
hoe meer jy die sondepad loop,
sien jy ander se sondewanhoop.
Waarom nie die sonde-oog,
uitruk vir die genade, hemelhoog?
Sodat jy in liefde sien,
hoe God ook jou bedien,
met vergiffenis almeer,
Hy die getroue Heer.
In jou vergiffenis ,
ontkom jy verdoemenis.
Jou helse sonde-oog,
sien dan God se genadeboog,
vir jou en ander,
so word jy gedurig skrande.

14 September

Rusdag

Onthou jy iets

van enige dag,

wat God op jou pad brag

van die laaste week ,

hoe Hy jou in Sy genade week?

15 September

Vir Anna Maria

Vrou met die blinde man,
wie God dien so al jy kan.

God het jou geseën,
om swaar op Hom te leun,
toe jy die pyn moes smaak,
toe jy val sonder genade-aanraak,
met pyn wat jou wou malmaak.

Toe jul ou voertuigie bots,
maar God jul lewens verlos.

Toe jy en blinde man,
ongeskonde uit die wrak verlos,
om ander te voed met geestelike kos.

Al wou satan jul verniel,
kan hy nooit keer dat jul voor God kom kniel.

Gespaar vir nog 'n dag,
spoedig einde van die lydensnag.

Hoeveel pyn nog Heer, voordat U alles omkeer?

16 September

Vir die sieke

Dikwels is ons siekte en pyn,
soos die drink van suurwyn;
toe jy drink uit die kelk van vergiffenis,
vergeet jy die pyn van bitternis.

Onvergifnis byt soos 'n slang,
met gif wat jou verlam.

Jou liggaam, siel en gees,
vergiftig tot die dood jou vang.

Al oplossing uit die gemors,
Is die afhaal van die harde kors;
die kors van bitter onvergifnis,
bedek die kwaad wat binne is.

Probeer tog by aardse kuur,
die waarheid wat ewig duur.

Hoe kan jy vergifnis smaak,
as die duiwel jou nog aanraak?

Gooi hom uit, maak jou vry,
vergewe, bid, bely.

Tot jy skoon van onvergifnis vas,
van alle onreg skoon gewas.

Gesond, gered, vol hoop,
Van al jou sondeskuld gestroop.

17 September

Geesdoop

Gedoop deur die water,
'n heenwysing na later.
Wanneer Hy sou doop,
met Sy Gees, die wederdoop.

Eers gewas van buite met water,

Met Gees van binne, gelate.

Ja, die doopwater.

Altyd die doopwater!

Dan die opstaan uit die dood- water,

gevol met Sy lewendgees,

om nooit weer sonde te vrees.

Geeslonge gevul met waterdamp,

Genade ingestamp.

Jou vlees verander in gees,

tot jy in die wolke is,

by Hom wat ewig is.

So word jy deur die wolk gedoop,

tot jy vir ewig bly hoop,

na jou aardse lewensloop.

Jou vlees gewas,

jou gees die dood verpas.

18 September

Menslike Afgod

Die Here is my lewe!

Gee Hy waarlik vir jou vrede?

Is dit Hy of wat Hy doen,
waarmee jy jou lot versoen?

Kan jy sê: 'Ek soek Hom,
ek wag op Hom?'

Of soek jy Hom vermom,
vir jou eie rykdom,

eer en wil,

al mag dit van Syne verskil?

Gaan dit oor Hom, Sy heiligdom,

Sy eer en wil,

al mag dit van joune verskil?

Wie is jou god,

jyself of God?

Gebruik jy Hom,

o mens, so dom?

Dink jy Hy is dom,

om Hom te laat misbruik, deur jou wangebruik.

19 September

Wolke

Sewentig jaar terug
lê ek op my rug;
turend na die wolke,
al my drome malende kolke.

Nou is dit weer so.
Maar nou kyk ek na Bo.
Sien ek Hom al meer,
soos Hy die wolke omkeer-

kry Hy gestalte deur die hemelwater.

Tot Hy self verskyn---

'n bietjie later.

Dalk hoor jy die heimweë.

Luister weer !

tot jy deel in die verrukking

van Sy beskikking.

spoedig van oog tot Oog.

Bo die hemelboog.

20 September

Water
(Voëlvlug deur die Bybel)

Skoongebad deur water,
rein soos goud se klater.
Ingeplons in nuwe lewe,
salige ewige vrede.

Eers deur skeiding van hemelgewelf,
die aarde uit water gedelf.
Nuwe lewe deur water heen,
vir die mens tot ewige seën.

Toe die waterdoop,
toe Israel deur die water loop.
Toe die wolkbeskerming,
teken van God's ontferming.

In die woestyn,
water wat lewe gee soos wyn,
tot Hy, die Lewendwater, kom,
soos 'n mens vermom,
om alle dors te les,
so die sonde te verpes.

Dan die ingaan in die Beloofde Land,
deur die water van sand tot sand.

Weer die teken van afwas,
van alles wat in die verlede was.
Gedoop in water – afgewas,
Van die ou-ou sondelas

Tot Hy kom deur die breek van water-
veel, veel later.

Tot Hy die wolk deurbreek,
gedoop tot in die hemelbeek.

Sal daar uit die tempel water vloei,
ons ewige lewensboei,
om jou en my te beloon,
Met 'n ewige lewensboom,
deur Hom bekroon met vrug
voor Sy heilige aangesig?

Dan die ewige nagmaal;
die doop na binne- met Jesus bloed,
Hy wat ons siele voed.

Sal Ek en jy ,
dit alles probeer vermy,
in ons klein wêreldjie bly,
arm verby?

Droog soos stof,
Vir die hel uitgetof.

21 September

Rusdag

Rusdag, voorspel tot die groot dag

van rus in Hom,

van wie jy kom

vir ewig weer in Hom te wees,

onbevrees.

22 September

**Voetewas
(Johannes 13)**

Vooroor gebuig,
om Sy liefde aan my te betuig.
Met Heilige Hande,
my voete van skande,
skoon te was,
op Sy knieë--- was en was en was.
Afgedroog, gereinig Heer,
nog 'n keer.
In geboë dienslewering,
liefde wat my siel deurdring.
Toe het Hy reeds geweet,
vir my sal Hy nog bloed sweet.
Eers 'n doringkroon,
voor sy vadertroon.
Voete met eie bloed gewas,
ek kan nie wag om na Hom te verkas.
Hy, gapende wond,
ek, ewig gesond.
Veel meer nog sou Hy trotseer,
sodat ek nie pyn hoef te verduur.
Hy sou verwerp word, verag, verlaat,
deur almal gesmaad,
om my nooit te verlaat.
Hy sou sterf en
Hy sou leef,
Om my vir ewig toe te weef,
in genade, liefde en trou,
Sodat ek my oorgawe nooit sal berou.

23 September

Die Oorstap

Vervulling van verwagting,
na pynlike afwagting.

Die oorstap na U,
vrede en rus wat in my opstu.

Die sekuriteit van sekerheid,
deur geloof in U ewigheid.

Reeds nou die belewenis,
van vergewenis.

Die strate van goud,
laat my koud,
in die wete van U behoud.

Waar my gedagtes faal
sal U Gees my kom haal,
om net oor te gee,

en U te laat wees,
die Meester van my gees.

Die skat ontvang,
al was ek daarvoor bang,
dat ek sal mis,

die Hande wat ewig is.

Dankie Heer en God,
my ewige salige lot.

24 September

Wat sien jy?

Wat sien jy, ou man,
met oë wat net-net kan,
daar in die verte,
waar jy tuur?

Is dit vuur of kuur,
Wat jy moet verduur?

Wat dink jy, ou man,
wat jou mond skeef laat hang,
met 'n skelm lag,
die plooië laat versag?

Watter vreugde ervaar jy, ou man,
oor 'n herinnering diep in jou gevang?

Is dit oor tye lank terug?

Is dit oor vreugdes met 'n sug?

Is dit oor verspeelde kanses,
toe gewandel het op hoë kranse?

Wat ruk jou terug,
met 'n diepe sug?

Is dit die pyn van hier en nou,
Of is dit maar net die ewige rou,
oor net wat jy sal weet,
al het die ander lank vergeet?

Wat hou jou nog hier,
na twintig maal vier?

Of sien jy reeds deur aardse klank,
en stank,
met dank,
die Erekoning- in jou, Sy woning?

25 September

Verslaafde

(Na aanleiding van 'n persoon wat op 'n parkbankie sit, rook en bier drink.)

Dankie Heilige Gees,
vir U oorwinning oor my vlees.

U bevry,
toe verslawing my laat ly.

U hoor my kreet.

Sondebande gebreek,
Verlossing Heer en God,

van my helse lot,
van begeer en lus,
van satans dodekus.

Dank vir U stem Heer,

U wat my val keer,
my oplik tot by U,
uit die helse graf vernu.

Dankie vir ewig Heer,

Dankie nog 'n keer.

Lewenservaring geput,

Om vir ander te beskik.

Vir die top en dal,

Sedert die oerknal,

Toe U geskep het Heer, Alles tot U eer.

26 September

Waar?

Waar is hy?

Waar is sy?

Hul was nog hier-

toe skielik is hul weg,

vir die agtergeblewenes regtig sleg.

Die wat agterbly soek rond,

rond en bont.

Oral word gesoek,

tevergeefs geroep.

Net stilte waar hul was,

niks agtergelaat toe hul verkas.

Party grafte is oop,

ander net 'n leë sloot.

Wat gaan ons doen,

geen groet, geen soen?

Party wat weet,

sê ons moet van hul vergeet,

hul kom nie terug,

hul het ontvlug.

Nog net hel en pyn,

vir ons wat nie verdwyn.

27 September

Van hoor en sien

(Joh. 9:39 tot Joh. 10)

Die mens kan kies,
wat hy vir sien verkies.

Sy keuse is nul,
wanneer hy gehoor wil kul.

Die mens beheer sy sien.
Gehoor is om om God te dien.

Eva sien dis mooi,
sonde opgetooi.

Kan 'n mens homself red
deur te let op pret?
God wek geloof deur hoor,
fynluister vir die engelekoor.

Vir jou is waar om te sien,
God kies hoor om Hom te dien.

Hoor jy Sy roep,
diep uit Sy gemoed:
“Kom agter My aan”
Hoor Hom jou vermaan,
om aan jou sig te sterf,
die lewe te verwerf.

Is jy blind?
Weet jy het Hom gevind.

28 September

Rusdag

Hoe lank nog?

Hoeveel weke nog?

Hoeveel rusdae is voor?

Kom tog Heer, voor tyd my vermoor.

29 September

Doengeloof

(Gal. 6:2)

Wys my jou geloof.

Tog sien ek niks wat jy doen,

al het jy so baie beloop,

behalwe 'n ander se voete te soen.

Waarom nie liefwer was,

en so jou ongeloof verpas?

Dra ander se las.

Doen so die liefde,

jy sondebelaaste.

Voel hoe jou sondelas,

sondermeer ontlaas.

Terwyl jy vasgryp in geloof,

en nie net meer beloop,

maar doengeloof

30 September

Geloof

(Joh. 9 en 10)

Die mens wil' **sien'**,
sy redding self verdien,
wil glo deur self te sien,
te voel, te vat, te weet,
wat God beskik vir die
wat self vergeet.

God kies vir glo' **te hoor'**,
Hy is immers hiervoor vermoor.

Hy is die woord,
jy kan deur' hoor' aan Hom behoort,

Nie deur wet en sien,
kan jy Hom vir ewig dien,
deur afhanklike luister,
hoor jy Sy fluister,
ontglip jy die ewige duister.

1 Oktober

25 Desember

Dankie Here Koning,
vir U aardse inwoning,

vir U koms,

vir ons almal Heer,

al was dit net eenkeer.

Eenkeer was genoeg ,

om my vir ewig te ontwroeg,

van alle sonde ,

deur U wonde.

Dank vir U, o Babaheer,

dat U my sondeval kom keer.

Dank, dank,dank,

gereinig van alle sondestank.

Dankie vir die saamwees Heer,

vandag om U te eer.

2 Oktober

Weggeruk

Spoedig sal ons verkas,
vir sommiges die ewigheid verpas.

Is jou toekoms 'n houtkas,
of kry jy 'n ewige vrypas?

Die tyd is nou,
om te bepaal of jy sal rou,
in jou benou.

En of jy sal juig,
Ewig vir Hom sal getuig.

Kies reg, o sleg,
jy kan nog in,
by die groot begin,
daar binne-in,
waar Hy woon,
en vir ewig jou heil betoon

3 Oktober

24 Uur Genade

U het die mens gemaak,
satan het hom kom mismaak.

U het lank terug geweet,
vir die mens sal U nog bloedsweet.

Dankie my God en Heer,
dat U my helse val keer.

Dankie vir hoop en vertrou,
dat U my laat geloof behou.

U sterke Hand,
my ewige pand,
deurboorde hand,
my ewige dank.

Laat U son nooit ondergaan,
ewige lof aan U Naam.

‘n Nuwe stem, ‘n nuwe lied,
elke volk sal U dit aanbied.

4 Oktober

Van Drie tot Vier

Uitgebreide Goddelikheid:

U was Drie

nou maak U dit Vier

Misterie van geheimenis,

U laat ons niks mis.

‘n Nuwe lid word ingevoeg,

deur kindskap bygevoeg.

Tot ‘n nuwe Eenheid Heer,

het U ons val gekeer.

U kinders duur gekoop,

U maak die hemel oop.

Geestelike eenwording,

Godskerk is ons begronding.

Deur liefde saamgebind,

elkeen deur U Gees gevind.

Boeties en sussies vir ons Heer,

so het Hy ons vereer.

‘n Nuwe kind vir God,

wat ‘n salige ewige lot,

dat U deur my spoel,

alles vir my goed bedoel.

Dankie dat U spoel my ook was,

tot lewe gewek uit dooie as.

5 Oktober

Rusdag

Die jaar is reeds laat in die nag;

is reeds uitgeput van alle krag.

Dankie Heer dat U voorsien:

Krag om ander te dien.

6 Oktober

Gebed vir Vandag

My Vader:

Seën tog vandag.

Gee tog U krag,

uit U almag,

dag na dag.

Voordat die ewige nag,

vir ons wag.

O Grote Brandwag-

van my siel.

7 Oktober

Aardse Vreemdeling

Hemelboorling

ingebring

met genade toegespin.

In Jesus opgewek,

verlos van aardse drek.

Weg dan aardse drif,

reeds vir die hemel uitgesif.

Vrede van God,

grondslag van elke gebod.

Hoe kan ek U nie dank,

die hele dag lank,

vir die nuwe leef wat U geef?

Ja, satanis moet met reg beef,

nooit word sy sondes vergeef.

Bestem vir die hel,

waar elke sonde tel.

Jy het immers gekies,

jou vir God vervies.

Waarom is jy dan so dom,

Om vir ewig die hemel te ontkom?

U skep met woorde,

Wonderlike akkoorde,

in my, geloof van omhoog,

toegang tot die hemelboog.

Nou nog ver soos by 'n ster,

spoedig Heer, by U, my Heer.

8 Oktober

Geheimenis

(Kol.1)

Eens het Hy Sy Seun sien ly,

tot Sy lewe was verby,

geskeur uit die Vaderhart,

met baie smart.

Vir jou en my

te bevry.

Ook jy weet hoe dit voel,

as die lewe jou hart omwoel.

Ook jy ken die leed

om 'n kind in die dood

nooit te vergeet.

Dalk is jy gekies vir leed,

hoe sal ons ooit weet.

Solank jy die hoop behou,

en vir ewig op Hom vertrou,

om jou gesin te verenig,

al word jou siel nou gestenig.

9 Oktober

Gekruisig

Gekruisig, maar nie dood,
soos ons Heiland aan die kruis ontbloot.

Vasgekap, ingeperk, immobiel,
so is dit met jou my siel;
gekruisig maar nie dood,
alleen deur God, mens, en self verstoot.

In selfverloën is die pyn,
in selfverloën geen drink van wyn,
van seek na selfgenot.

Alles net gefokus op my God.

Self is nou immobiel,
slegs God beweeg die lewenswiel.

Sy Gees dring ons tot goed,
wanneer die self word ingeboet,

van eie dink en doen en sê,

tot Sy Gees word in jou belê,

Met geloof kan jy liefde doen,

Want jy is nou met Hom versoen.

Genadig kom tog die sterf,

die einde van die helse swerf.

10 Oktober

Dors

Was daar ooit so 'n dors?

Het Hy ooit Sy dors verklaar,

soos op die eindtyd,

toe Hy uitroep:

Ek is dors ?

Sy liggaam leeggebloei,

deur koors verskroei.

Die hande wat genees en seën,

nou slegs beweën.

Dit sal nie weer beweeg,

met spykers vasgekap,

Voete wat nie kan beweeg,

Vasgekap,

Met bloed wat spuit tot drup,

tot die laaste helse werk geluk,

en Hy moes uitroep:

Dis volbring,

Nooit hoef Ek weer van pyn te wring.

Dit was vir jou en my,

om ons te bevry,

vir ewig Syne te wees, onbevrees.

1 Oktober

Sinvinding

Sotlik, leeg en kaal,
oor en oor, 'n duisendmaal,
speel die tv. advertensie,
so vol pretensie,
simpel en verspot,
oor al die aardse genot.
Uitgedruk as 'n leë dop,
hou satan aan die mense fop,
met genot, verspote sot,
as antwoord vir beswaardes,
met valse waardes.

Om daarin sin te vind,
jou lewe daarom te bind.
Wanneer sal jy kan sien,
dat satan jou nie verdien?

Daar is net Een wat sin kan bied,

Hy wat die lewe gebied.

In Hom is vreugde en plesier,

Ja waarlik, selfs sonder 'n bier en lier

Hy sal vir ewig voorsien, vir hulle wat Hom dien.

.12 Oktober

Rusdag

Weke vlieg soos dae.

Tog raak jy uitgeput,

soos uitklim uit 'n put,

te diep vir eie krag.

Net God kan dit vir jou vermag.

13 Oktober

Adam en Eva

(Mat. 6: 31 tot 33

1 Tim. 6:5 tot 10)

Kon doen wat hulle wou,
kon eet, brou en bou,
solank hulle op God vertrou.

Hulle het alles besit;

buiten een vrug.

So word begeerte aangestig.

Deur 'n leuen verlei,

vir die hel toeberei.

Sedertdien probeer die mens besit,

om homself te kan aanbid.

Alles is net vir gebruik,
alleen so kan jy sonde stuit.

Tot jy oorstap

in jou ewige skat.

Alleen dan kan jy besit,

waarvoor jy bid.

Dan word Godsdien 'n wins,

selfgenoegdheid allermens,

tevrede met jou lot,

tot alles volkome word in God.

14 Oktober

Woord

U, die skeppingswoord,

o, Reddingswoord,

ewige Woord.

Woord van God,

vir ons uitgestort.

Woord, heilige akkoord,

Wat wek en roep,

tot ons mensegroep.

U is lewe,

ons van God gegewe.

Misterie van hoor,

U Woord bekoor.

Tot U woord sou weerklink,

in my siel rinkingk,

tot lewe wek,

my vir altyd opwek.

Al die eer aan U,

suksesvol vir my siel gebie.

Vir ewig behoort aan U.

15 Oktober

Geheimenis

(Kol.1)

Eens het Hy Sy Seun sien ly,

tot Sy lewe was verby,

geskeur uit die Vaderhart,

met baie smart.

Vir jou en my

te bevry.

Ook jy weet hoe dit voel,

as die lewe jou hart omwoel.

Ook jy ken die leed

om 'n kind in die dood

nooit te vergeet.

Dalk is jy gekies vir leed,

hoe sal ons ooit weet.

Solank jy die hoop behou,

en vir ewig op Hom vertrou,

om jou gesin te verenig,

al word jou siel nou gestenig.

16 Oktober

Arbeider

Hy doen sy werk,
nederig en ingeperk.

Hy besit so min,
net werkstrots kon hy ontgin.

Bots jy met sy gesag,
wil jy toon jou mag?

Omdat jy dink jy's ryk,
verwerp jy sy koninkryk.

Beledig hom en onderwerp,
met jou meerderwaardigheid onbeperk.

Hom verwerp.

Tot jy sy pyn sien,
toe jy nie sy siel ontsien.

Toe sit jy intern verskeur,
toe jy moet bieg voor jou Heer:

“My God ek het verbrou.

Herstel tog my binnebou.

Seën hom Heer”.

17 Oktober

Nagmaal

Dankie dat U my genees;

My vlees en gees,

met U bloed en vlees,

aan die kruis---

tot U verrys.

Tot my genesing,

deur brood en wyn,

neem U weg al my pyn.

Wonderwerk!

U het my versterk,

herstel, genees,

tot U diens,

my gees en vlees.

18 Oktober

Wavering, Hesitating, Doubting

(James 1:6)

Weifel en twyfel,
golwende geskuifel, gewEIFel.
Vernietiger van geloof,
van alles wat Hy beloof.
Denke laat die doodsreuk styg,
vra vir Eva wat haar eie troon bestyg.
Haar Godsvertroue beproef,
met eie denke getroef,
toe sy met satan wou redeneer,
en haar geloof so verweer.
Sy ontdek 'n eie ek,
wat 'n gek.
Altyd weer die ou patroon;
Denke wat God onttroon.
Waarom nie net vertrou,
en altyd van God onthou?

19 Oktober

Rusdag

Kom, kom tog gou,

my kragte het opgehou.

Ek het jou nodig.

kom rusdag, versterk soos ek benodig

20 Oktober

Helper

Wanneer kry die werk klaar?

Altyd weer 'n vraende hand,

na jou uitgestrek,

Altyd is jy byderhand,

om te gee en te dien,

met dit wat Hy voorsien.

Jou bekwaamheid is geskenk,

van Hom wat jou goeie wil gedenk.

Om te dien en te help,

onbevoegdes te lei tot selfbehulp.

Dankie nog 'n keer,

dat jy oor ons die storm afweer,

met hulp en raat,

sonder om kwaad te praat.

Mag jy nog lank sterk bly,

om ander van laste te bevry.

21 Oktober

Woord en Lewe

Woorde het lewe, van God gegewe.

Dit maak die sondaar bang,
wanneer hy dink aan sy eie swanesang.

Deur woorde is die mens geskep,
vanuit stof opgewek.

Deur Eva's woord het die mens gesterf,
sy sondelas verwerf.

Toe sy sê:

Gee my van dit,
wat die Godsbeeld in my versit,
myself op die troontjie plaas,
eiewillig my eie baas.

Tog breek die Woord weer deur,
toe die Geeslewe opbeur,
in jou hoor en doen,
soos Hy jou met Hom versoen.

So sal jy eendag hoor,
van die engele koor:

Die Woord! Die Woord! Die Woord.

22 Oktober

Die lewe

Die lewe is vasgevang,
tussen geboorte en swanesang.

In hierdie slagveldruimte
word **toekoms** ingekrimp,
tot kleinerwordende ruimte.

Ouderdom verwoes,
alle ruimte ongeoes.
Seniliteit verwoes geheue,
En wis so uit die **verlede**.

Hede word die lewe,
al is dit sonder vrede.

Die lewenstermyn
is maar 'n korte samesyn.

Die sotheid van lewe
word alleen deurbreek met ewigheidsvrede.

Die deurbreek van die doodsgrens,
word lewe onbegrens.

23 Oktober

Naeloop van die Lewe

Kom sak by die wegspingblok.

Kom kniel by God.

Verloën wat agter is,
wend jou tot Hom met belydenis.

Alleen die wat die resies begin,
mag die wenstreep ontgin.

Alleen hy wat selfverloënend kniel,
word met God se Gees besiel.

Keer jou rug op wat agter is,
moenie die ou lewe mis.

Strek jou uit na voor,
waar die engele sing in 'n koor.

Die resies is geen plek,
vir die wêreldgesinde gek.

Laat Sy Gees jou asem wees,
wat jou laat volhou sonder vrees.

Tot Sy arms jou omvou
met die woorde:

“My kind jy was getrou”.

24 Oktober

'n Vriend wat struikel

O stad, is jy grootgenoeg,
om my sondes weg te ploeg?

Sodat niemand sal weet,
wat ek so hard probeer vergeet;
Van sotheid deur my begaan,
met meer as een donkermaan.

Sal jy al my skuld toevou,
al my berou?

Ek wil in jou kom vergeet,
van al my sondeleed.

Vir my word jy soos Heer,
wat al my sonde omkeer.

Waar ek skaam my kop laat sak,
het U verlossing my opgeknep.

Gee my tog die genade,
om self te kan vergeet,
wat jy alles van my weet.

Nou is alles verby;

Die stryd klaar gestry-

25 Oktober

Ouderdom

Daar is nie omkeer,
oppad na ouderdom.

Hierteen het ons geen verweer.

Ons enigste troos:
“Nader aan U, o Heer”.

Gee tog dat niks my sal keer,
in my ouderdomsverweer.

Al maak dit hoe seer,
bly U tog in beheer.

Dankie Heer!

Amen.

26 Oktober

Rusdag

Kan jy van Maandag onthou,

hoe Hy Sy Woord ontvou,

vir jou versterking,

jou te lig uit jou beperking?

27 Oktober

Die Prys

Altyd is dit die prys;
word 'n gelowige lewe vereis.

Jesus het dit begin,
ook vir hierdie lewe in my binne-in.

Ook ek moet sterf, die prys,
vir elke gelowige wat verrys,
om sy eie lewe te verwerf.

Hoe meer ek my lewe gee,
hoe meer siele neem ek mee,

die ewigheid in,
om aan Hom die lof te bring.

Vir Adam was dit straf.
Ook ons hoor die satansblaf,
tot Hy die dood omkeer,
vir lewe by Hom - my Heer.

Dankie Heer.

28 Oktober

God en Mens

Altyd die teenstelling:

Die mens wil God,
en maak homself so verspot.

Sy ewige straf is in die teenstelling:

“Soos die mens soek na self,
verloor hy self.”

Alleen in sy dood is lewe,
wanneer God hom omgewe.

Ewige straf, ou mens,
verborge in jou strewenswens.

Alleen in seflverloëning,
is verwoesting van die eiekoning.

In jou leed en pyn,
altyd weer die ewige refrein:

“In jou dood, o mens,
bereik God Sy ewige wens.”

Sodat Hy alleen kan wees:

Ewige God, Hemelwese, Onbevrees, Godbewese.

29 Oktober

Dood en Bloed

Waaroor gaan die lewe?

Waarin is volkome vrede?

In aanvaarding van dood en bloed.

Alleen dit gee lewensmoed.

Van Adam af is ons gedoem,

die lewe aflê,

om met Hom te versoen.

Verloën die self, die doodskruis dra,

dit is wat Hy van ons vra.

Hoe is dood sonder bloed?

die uitpols van die lewensgloed.

Tot alles stil word en koud,

stollingslewensbloed.

Alleen in die pyn van dood en bloed,

kom Jesus ons tegemoet,

Om ons in te dra,

soos Hy gely het, sonder kla.

30 Oktober

**Geboorte van 'n Nasie
(Israel)**

Gevorm deur sperm en eiersel,

jy o, Israel.

In die oerbegin,

toe jy Kanaän binnedring.

Moes jy lag, Sarai,

toe jy hoor van God se krag,

in jou ouderdom volbrag-

Isak gebore uit die lag.

So word jy, Israel, begin,

diep in die moederskoot ingebring.

Gevorm en gereed gemaak.

Dit was waarlik God se saak.

Toe die geboorte haas begin,

en jy die wêreld wil indring.

Gevorm as volk in die sak,

van Egipte nog toegelak,

tot opeens die sak skeur,

jy gebore word deur die dooiemeer.

Afgebind uit die slawestring,

afgeknip ingebring.

Water gekloof sodat jy,

droogvoet kon begin,

Eers die woestyn in,

voor jy Sy belofte binnedring.

31 Oktober

My Broer

‘n Leeftyd van dien,

om vir ander te voorsien.

Altyd bereid, altyd oplek,

om die tafel vir familie te dek.

Groot en sterk,

hartjie klein en ingeperk.

Maar ook so ruim,

vir hulpbehoewenes ontruim.

Altyd weer die kinders,

moet nooit van hulle skinder.

Absoluut lojaal,

in sy diepste wese so bepaal.

Vlymskerp intellek,

oppas dat jy nie sy gramskap wek.

Soos sy pa; altyd liefde sonder vra.

Soos sy ma; altyd dienend sonder kla.

Kinderlik gelowig, het God altyd broodnodig.

Vir altyd in Godstrou ingebind,

vir die ewigheid gevind.

Die lewenstryd kon ons nie onderkry,

net te veel liefde in ‘n ry,

vir jou en my.

Dankie broer en vriend.

Mag ons liefde nooit ontbind

1 November

Rusdag

Soms is 'n rusdag te min

om oor ses dae te besin.

Dan val jou boom net uit,

amper soos 'n uil wat val van 'n kluit.

2 November

Van Hel tot Lewe

(Geloof kom deur gehoor en gehoor deur die Woord van God)

Rom.10:17 1953 vertaling.

Jesus sê:

“Ek klop al so lank.

Waarom hoor jy nie die klank?

Ek het my als gegee.

Waarom gaan jy met satan mee?

Luister tog vandag,

voor jou ewige nag.

Ek klop!

Maak oop jou hartsdeur.

Ek wil so graag daar inbeur,

om jou te red, My kind”.

Of satan sê:

“Welkom hier,

by al die plesier,

wat ek, satan, jou het beloof,

toe ek jou van die hemel beroof.

Om jou te maak my kind.

Om jou vir ewig aan die hel te bind.

Toe het ek jou bedrieg,

aanhoudend vir jou gelieg.

Nou na jou dood:

Voel jy die hittegloed,

stol dit jou bloed,

met vrees en angs?

Voel jy die brand van vuur,

soos die hel met jou liggaam tier?

Voel jy jou liggaam orals brand?

Sonder water, die lewenswater is verpand?

Die helse dors, geen water in sig,

net die hel wat jou so ontstig.

Nog erger; die vuur van binne waar jou gewete brand,

oor sondes so baie soos die seesand.

Niks wat jou nou kan verlos,

jy is ewig in die hel ge-pos.

Tog:

Tog is daar vandag nog hoop:

Maak los die sondeknoop.

Bely jou sondes nou,

En weet Hy is verlossend trou.

Sê net:

Ek is jammer Heer.

Hier is my lewe Heer.

Ek laat U in,

in my binne-in.

Om U te dien en eer, vir ewig my Vader-Heer.

3 November

Hoop en Vreugde

Hooplose mens,
sonder enige goeie wens.
Waarom blok jy Sy genade?
Jou hooploosheid blyk,
uit jou vreugdelose kyk,
omdat alles vir jou so hooploos lyk.

Jy selfde mens,
kan so maklik leef volgens Sy wens.
Sy kruis het alles gedoen,
om ons met Hom te versoen.
Vandaar ons hoop ,
selfs as die lewe leegloop,
van vreugde hier en nou-
Ons vreugde is op Hom gebou.
Selfs deur pyn en smart,
kan ons die onsienlike sien;
Ons hoop, deur Hom verdien.
Ontbloot dus Sy genade,
in jou hoopvolle dade,
van Woord en Klank van Hoop-
Dit mag dalk net vir ander lewe koop.

4 November

Covitt 19

Gedurende Maart 2020 het 'n pandemie die wêreld getref. Ook Suid-Afrika was vasgevang in 'n sogenaamde 'Lockdown'. Tans, 8 Mei 2020, is die toestand effens verlig maar ons mag nog nie kuier, oor die grens van die provinsie beweeg, of kerk toe gaan nie. Die volgende gedig het in hierdie tydperk ontstaan:

Begeerte

Begeerte-bron van alle sleg,
vlug tog van my weg.
Om te begeer is selfbemin,
met min van God daarin.
Alles gaan oor ek,
mense het daarin geen plek.
Ondersoek jou wens,
is dit vir die maagspens?
Of die drang,
wellustige swanesang.
Of is dit geldgenot,
sonder God?
Of jou onafhanklikheid,
sonder flyt,
of verantwoordelikheid wat pleit?
Is dit gerief,
al word jy daardeur 'n dief?

Of mag jy genade vind,
jou weer aan God vasbind,
na Hom verlang,
so wat jy kan?
Is Hy jou begeerte hier,
om Hom vir ewig te vier?
Soek jy na selfverguising,
voor jou ewige verhuising?

5 November

Lewensvraag

Elke onbevugte sel,
word uitgeskei op Sy bevel,
met bloed vergesel.
Tot eindag lewe word gewek,
deur sperm van 'n ander plek.
Roubloed is nou nie meer
nodig om die dood te keer.
Lewe is geplaas
om selvorming te verhaas.
Lewe word net gewek
op 'n sekere plek.

Was daardie lewe reeds gewees,
nog voor die sel word vlees?
Is lewe die hartklop
wat moedersbloed deur die sel laat galop?
Is lewe in 'n gees,
iewers gewees,
voor jy word vlees?
Is die eerste lewe asemhaal,
tot jy dit die laaste maal herhaal?
Of is lewe Gees,
wat intree by die verloëning van die vlees?
Kom lewe deur geboorte,
deur die waterbreek?
Sien die baba lig,
soos 'n Vergesig,
Op **die** Lig
Ken jy die antwoord, Godsman?
Sal jy my vertel daarvan?

6 November

Altyd is daar die toetse

Dit wat ons wil vermy,
vanweë die pyn daardeur verkry.

Wat is jou grootste toets,
waarvoor wil jy altyd koets?

Is dit om iets te wees,
vernedering te vrees?

Vir my die pyn van vergifnis-

my selfbeeld nis.

Veral as dit vra,

my gewete aan te kla,

en ek worstel om vry te spreek,

wanneer ek vir seker weet,

ek moet die minste wees.

Alleen liefde buite myself,

uit Sy hemelskate gedelf,

is my enigste hoop,

deur hierdie lewensloop.

Sterkte vir jou stryd.

Hopelik sal ons kan vasbyt.

7 November

Oggendgebed

(Kol. 4:17 en 1 Tim.1:12)

Dankie vir U Woord.

Lei U my daardeur voort,

tot by die hemelpoort.

Waar U my inwag,

sonder enige aanklag.

Om my welkom te heet,

die wêreld te vergeet.

Dankie vir die dag,

vir versameling van krag,

deur die rus van die nag.

Rig my aandag,

op die taak wat wag.

Om dit te kan voltooi,

my in die hemelkleed te tooi.

U gee my die krag,

U wat my betroubaar ag.

8 November

Rusdag

Dag en maand loop uit.

Nou bly nog net vasbyt.

Tog gee Hy nog rus

Om ons toe te rus.

9 November

Be-Ant-Woord

(Driekragwoord)

‘Be,’ sê daar was gevra.

‘Ant’, sê daar is geantwoord.

‘Woord’, spreek van Hom, die Woord,

die Woord van God.

Hy bepaal ons lot.

Woord wat vryspeek,

opborrelend van God.

In die spreek van Woord,

bring U ons voort.

Moenie deur woorde satan dien,

En so met pyn en smart,

die hel verdien.

Maak nie saak wat satan jou vertel,

weet hy praat vanuit die hel.

Daar is net Een Waarheidswoord,

komende van God af voort.

10 November

My Hoop

(1 Tim. 1:17)

Here van die onmeetlike,
tydlose Heerlike,
vol Goedheid en Reinheid,
U met oneindige Krag en Mag.
Ewige Koning – bevestig met kroning,
Onverganklik - nooit kranklik,
Enigste-God-Onsienlik.

Bring aan Hom die eer,
die ewige Heer.

Bring alle heerlikheid,
tot in alle ewigheid.

**My Hoop en Hulp,
In U is ek toegeskulp.**

11 November

By U o Heer

Heilig, rein, onbevlek,
geen plek vir sondedrek.

Hoe kan ek my vuil,
vir reinheid ruil?

U het die plan gemaak,
my sondevuil beraad

In vlekkelose wit,

by U te sit,

kan nie deur myself,

U alleen kan my sonde omdelf.

God se plan kan werk,

om Sy Gees in my te versterk.

Tot net Hy bly leef,

en sonde my nie meer aankleef,

ek nie meer leef,

Hy my omgeef,

en in my woon,

my liggaamsdop onttroon.

Alleen in my sterf, kan ek Hom vererf, ewig verwerf.

12 November

Altyd die Eet

*Die mond, die sondebron,
so kon ons nie die hel ontkom.*

Eva het gepluk, geëet,
en so van God vergeet.

Hoeveel sonde word gedoen,
deur kos te oordoen?

Kan vas die sonde keer,
dit uitwis voor dit weer gebeur?

Kan 'n mens se goeddoen vergoed,
vir sonde waarvoor hy moet boet?

Nee! 'n duisendmaal nee!

Redding word deur die mond gegee;

toe ons kon eet van brood en wyn,

as herinnering aan Sy pyn;

ons deur geloof een met Hom word.

Sy liggaam eet, Sy bloed drink,

word die ewige lewe vir ons ingeskink.

So word evamens se val gekeer.

Ons kan Sy offer eet,

en so van ons hel vergeet.

Kom mens, jy mag dit weet;

Kom in en eet.

13 November

Lyding

Voorsmaak van die sondedood,
my lewenslot in lewensnood.

Sonde profeteer my straf,
ek sal uitgewan word soos kaf.

In my kan net een liefde bly;
Self,- of God wat in my gedy.

Jesus, Seun van God,
Wat 'n lot dat U moes sterf en ly,

Alles net vir my.

U het my gered.

My redding deur U gebed,
deur U bloedsweet heen,
en die geweën om U, die Seun.

O, sondeval van eie god te wees,
sonder enige Heilige vrees.

My boete betaal,
by die kruis en avondmaal.

Dankie Jesus talle maal.

14 November

Paasfees 2020

(Eks.12, Lukas 22:7,Kol.1:15)

Ongesuurde brood en suurwyn,

alles vir ons sondepyn.

Sal ons dit dan nie gedenk,

terwyl U ons die geleentheid skenk?

Hisoptak met lamsbloed deurweek,

moes heil aan die kruiskosyne kweek,

om die doodsengel te keer,

wat straat op en af paradeer.

Elke Israeliet verlos,

het 'n eerstelinglewe gekos.

Sal ons dan nie U bloed,

met dankbaarheid begroet?

Wanneer hisoprooi, ons lippe smaak,

soos toe die hisop U gekraakte lippe raak,

sonder dat U vra vir wraak.

O, dorre siel ontvang tog nou

die lewenswater wat ewig hou.

Is dit, soos vir U, die laaste maal,

voordat U ons kom haal?

Dankie Vader vir U Geskenk,

ons wil dit dankbaar bly gedenk.

15 November

Rusdag

Van U, my God, met krag

toebedeel vir hierdie dag.

Was my skoon en rein,

laat dit wees my lewensrefrein.

16 November

Withonddag

Watter hond sal wen?

Dalk sal jy die antwoord ken.

‘n Wit en swart hond veg,

een word verkneg.

Die stryd duur voort,

tot ons staan by die hemelpoort.

Wie het oorwin?

Die uitslag van elke geveg,

Word deur net een ding besleg.

Ken jy die antwoord,

uit die Woord?

Dit wat wen word tog uitgeken:

Voed die withond deur die Woord,

Vergeet van wellus en moord.

Hou die swarthonde op sy plek,

Geen voeding deur sleg en eie ek.

Vir wat en wie gee jy kos: Om jou siel te verlos of op te mors?

17 November

Mondelings

Hoe kan ek met onrein mond,
biiter gal uit stof en grond,
U heiligheid besing?

Slegs Heilige Fonteinwater,
lewend ,louter, klater,
vloei uit U Gees,
In my siel en vlees,
om lof aan U te wees.
O, Heilige Gees.

U laat die gedagtes borrel,
Sonder menslike korrel,
beredeneer of doen,
word ons met U versoen.
Waaruit alles goed nou kom,
ons ewig van die hel ontkom.
Heiligde woorde,
opklinkende hemelse akkoorde.

Ontdaan van oorkleed,
handoek om Sy heup gemeet.

Dienend buig en voetewas,
dit was Sy ware las.

Ook ons moet deur water gaan,
ons weg deur geboorte baan,
om met 'n lap gedroog te word,
lewend omgord.

Ook ons was deur die waterdoop,
die sonde word ontknoop,
om na die waterdoop,
in droë klere word vasgeknoop;
die bruilofskleed volmaak.

Hoe wys is U, O God?
Dankie vir ons ewige, salige lot.
Deur U vir ons gewys,
daarvoor wil ons U ewig prys;
dat U dit vir 'n mense-oog,
Heilig lig omhoog.

18 November

‘n Vriend

(10 Februarie 2020)

Waar kom jy vandaan,
jy, wat weer so spoedig gaan?

Stil in my hart gekruip
sonder my eie wilsbesluit,
om deel van my hart te word-
al was jou verblyf so kort.

Saam deur pyn en leed.
Hoe sal ek jou ooit vergeet?

Tog weet ons dit is reg,
sonder eie prioriteite wat verkneg.
So baie voor jou reeds gegaan,
sommige in die ewige doodsbestaan.
Gesterf, net vir ons wat nog leef.
Eendag spoedig weer met hul verweef.

Dank God, jy lewe nog,
al gaan jy elders op jou lewenstog.
In gedagtes bly jy nog hier,
kan ek jou teenwoordigheid nog vier.

In my gemoed het jy ‘n plek,
al moet jy nou van hier vertrek.

Ons paaie sal weer kruis,
al is dit in Sy huis.

19 November

2020

Oë wat faal,
dalk 2020 die laaste maal.

Ons visies verdof,
deur katarakke ingeplof.

Tog bly die hoop,
dat ons oë sal oop,
met 'n 2020 kyk,

Verby die lyk,
tot in die vêrkyk

Sonder horisontale verstarring,
aangebring deur geestelike verwarring.

Net die oog op Hom.

Vêrgesig.

Voor ons oog verstar,
genadig geruk uit die hande van die satansnar.

20 November

Klanke uit die hel
(sensitief vir wêreldse geraas)

Wat maak die klank so hard?
Alleen die hoor deur 'n verharde hart.
 'n Hart soos klip,
 vol wraak en bitterheid,
 oor gewaande onreg
 wat jou aanhoudend versleg.
Solank jy weier om te vergeef,
sal doodsonde jou hart omkleef,
 die laaste goed uit jou wring.
Alleen Sy genade kan redding bring.
 Waarom het jy vergeet,
en wil jy niks van jou eie oortreding weet?
 Waarom vergeet jy so gou
 van Sy genadetrou?
Waarom wil jy ewig sterf
 die hel verwerf-
 om te haat en te verniel
 'n ander se siel?
 Hy het jou lief,
vir jou is Sy hart geklief,
 met Sy liefdesdaad,
toe Hy jou deur genade aanraak.
 Kan jy dit nie onthou,
en so in Sy liefde voortbou,
 deur ander te vergeef?
Net te hoor die soete hemelklank
 wat jou omgeef-
 stilte wat in vrede leef.

21 November

Van Sal en Het

Die **sal** het **het** geword.

Hoop het gekom en gegaan.

Die sekerheid is dat ek bestaan,
as bewys dat Sy liefde nooit vergaan.

Vir so baie gebid en vra,

in die hoop dat Sy liefde sal dra.

Toe die bereiking van soveel meer,
as wat ek ooit kon begeer.

Die les van hoop so goed geleer,

in die wete dat niks Sy seën kan keer.

Waarom sal ek dan nog bang,

Hy het my vir Sy ewigheid gevang.

Vrede en rus in die hoop,

van alle onsekerheid gesloop.

Ek het tog reeds gesterf,

die ewigheid in Hom verwerf.

22 November

Rusdag

**Elke dag jaag die nag
verdryf die donker se krag,
met nuwe uitdagings wat wag.**

**Dankie vir die onderbou
van genade in my ingebou.**

23 November

Tydloos

Is God ook God van tyd,
of word Hy ook deur tyd uitgebuit?
Word Hy beperk deur iets of niets?
Is Hy dan tydloos in 'n tyd so boos?
Beleef hy in die verlede die toekoms en die hede?

Is Hy profeties ongebind,
nie deur menslike beperkings ingebind?

Kan Hy vandag, gister beleef,
dit wat in ons geheue leef?

Kan Hy môre vandag beleef,
en so bo mensedenke sweef?

Waarom God probeer beperk,
en Hom in jou wêreld intrek?

Wat weet jy van tyd,
jy, afgegrens in beperktheid?
Alleen in geloof kan jy begryp,
Sonder die insig van menslike wysheid:

God is groot, oneindig groot!

24 November

Geloof en Begrip

Geloof kom nie deur begrip.

Begrip kom deur geloof;

juis daarom wil ek U loof.

Wanneer ek U glo o, Heer,

wil U my onbegrip keer.

Geloof, o blinde sprong,

in Sy arms in, verborge in Hom;

in Sy genade en voorsiening in:

Teen alle redenasies en intellektuele interpretasies.

Misterie van geloof,

sonder insig en betoog,

slegs deur die dood van self-

die ek uitgedelf,

my totale werp op Hom,

vanwaar alle wysheid kom.

Is dit dan insig Heer, het U so my val kom keer,

die ewal van self god te wees?

25 November

Laeprofielmens

Ge oefen in afhanklikheid,
Getoets sedert die begin;
moes so die hele lewe deurbring.

Altyd die hoë eis,
altyd die onvermoë ingeprys.

Altyd vir U ingryping Heer,
om my val te keer.

Hoe kan ek U dank?

Alleen met oorgawe,
my lewe lank.

Toe kom die groot deurbreek,
toe U van my sonde vergeet;
my doop in U genade,
my deur water wonderbaar,
vir U gewas, skoon gewederbaar.

Nou is daar net nog hoop,
en stille vashou aan U wederdoop.

Tot U op wolke kom,
om my vir ewig te verlos vir Hom,

my God en Heer,

alles tot Sy eer.

26 November

Helse smart en lyding

U liggaam trillend van brandpyn,
van kroon tot toon.
U siel verward, verwond
vasgekap in hout en grond.
Grootste leed in U Gees,
toe U uitroep: “Waarom is Ek wees?”
Van God verlate, deur mens verwerp,
in alles in die hel gewerp.

Hoe sal ek dit ooit verstaan,
toe u my die weg tot lewe baan?
Al wat ek het, gee ek U,
vir ‘n lewe vernu.
Ek lê myself op die hout,
op die altaar sonder selfbehoud.
Al wat ek het, gee ek U, my Heer,
U het my helse val gekeer.

Dankie God-Vader,
vir U geliefde Seun,
toe U oor Sy lot moes ween.
Gedring deur liefde Heer,
om my van die hel te keer.
Dankie Heer!
Dankie Heer!
Dankie nog ‘n keer!

27 November

Kolossense 1: 3 tot 8

Eers was daar 'n mens,
toe 'n wens;
gewek deur die Evangelie,
gehoor tot Sy glorie,
toe daar 'n spreker kom,
om ons te vertel van Hom.
So word gewek liefde en geloof,
dit trek ons siele omhoog,
waar ons hoop,
bewaar word in die lewe, vir ons gekoop.
Genade het my siel,
deur gehoor, die hel verniel.
So bring Sy Woord,
die lewe voort.
Ook vir ander wat aan Hom behoort.
Tot die volle maat,
van die heidendom inraak

28 November

1 Korintiërs 1: 18 tot 25

Nederige Jesus:

Nie geleerd, ryk of sonde wys,

net gekruisig en verguis,

verneder, kaalgestroop,

sonder mense hoop!

Geen mens wou Hom so ken,

deur mense slegs misken.

Alleen in Sy gebrokenheid, verag,

deur mense ontmag.

Deur spykers gebind,

nogtans bly Hy goedgesind.

Van krag gestroop,

bloeiend tot in die dood.

O, perfekte beeld van liefde-

My Geliefde.

Dankie 'n duisend maal,

vir ons die wenstreep behaal.

Alleen in glo in wat U doen,

word ons met U versoen.

Niks van onself meer oor,

wanneer ons wil sing in die hemelkoor.

Gestroop van self en eie wil,

alleen in eie sterf,

kan ons U heil verwerf

29 November

Rusdag

**Nog 'n week verby,
nog steeds van die sonde vry.**

**Deur U genade Heer,
my val gekeer,
my vir U omgekeer.**

30 November

Sondeval

Jy was bedoel as hulp,
tog het jy jou doel verpulp,
toe jy die skakel word,
om Adam met die hel te omgord;
toe jy hom moes help,
het jy hom met die hel vergeld.

Waarom was jy so gewillig,
Adam, om te verloën die Lig,
van God se aangesig?

Toe jy stil luister,
na satan se gefluister,
en jy jou laat oorreed,
om van die sondevrug te eet;
die vrug van selfverheffing,
om satanskuld te vereffen,
deur jouself te offer,
jou ou satansinploffer.

In jou selfverheerliking, gepoog
self te lig omhoog.

Waarom?

1 Desember

Vir H en J

Wat kan ek doen
om jul met God te versoen?
Julle wat alles weet van Hom;
kerkgegaan, gekatkiseer- waarom so dom?
Waarom sal jul die ewigheid ruil,
vir die helse vuil?
Is die aardse genot,
meer werd as die hemel by God?
Wat kan ek nog bid,
voor ek van hier versit,
dit ewig te laat word,
met Jesus te omgord?
Ek bid, smee en huil by jul,
laat satan jul nie verkul.
Ek gaan spoedig heen,
met 'n geweën,
oor jul, so van God vervreem.

Asseblief,

Here help!

Red hul tog-

Amen!

2 Desember

Hond

Tessa, was haar naam
nooit het haar liefde beskaam.

Op die bult bly ons saam,
sy, 'n katjaër van faam.

Altyd bly en opgewek,
altyd bereid om jou te lek.

Sy was so mooi,
karaktervol getooi.
Sy was net hier vir ander se plesier,
die mooie dier.

Tot jou ou ruggie na agt jaar knak,
jou mooie pootjies uitsak.
Nooit sal ons jou, ou waghondjie, weer hoor,
al roep ons almal in 'n koor:
'Ai, jy het ons so bekoor.'

Jy het ons voorgegaan,
verseker op die regte baan.
Nou wil ons jou liefde nog 'n rukkie doen,
tot ook ons word met jou versoen.

3 Desember

Vooruitsien

Raak jy ook haastig,
as jy hul beskuldig,
hul wat voor jou lewe,
hul oorstep is tog 'n gegewe,
asof jy hul wegwens,
o, ongeduldige mens?

Trippel jy van ongeduld, om voor in die tou te kom,
gereed vir die oorstep na Hom?

Verlang jy meer na die aan die anderkant,
as na die aan die lewensduskant?

Dan het jy die era betree,
van die baie sterkes wat nie meegee,
voor hul word weggegee.

Welkom in die tagtigs,
die speelplek van die kragtiges-
nie meer in vlees en bloed,
maar in die wese van die gemoed.

Nog net een voor jou in die tou,
“maak tog asseblief gou”.
Alles is reeds hier voltooi,
reeds met die hemelkleed getooi.
Hy staan gereed met uitgestrekte hand:
“Kom kind, erf jou beloofde land”.-

Dank Vader, Heer en God
Vir die hemelse genot.

**Los alles van die hier en nou-
Hy kom vir jou –so gou....**

4 Desember

Lang-Covid-Slagoffer

U het hom toegerus met grade plus,
hom ook geskoei en gebrei,
deur lewenslesse voorberei.

U het hom uitgestort,
sy self ingekort-

Hom so vir U taak voorberei.

Tog vind U dit nog nodig Heer,
in te gryp en hom te leer,
weer en weer en nog 'n keer,
tot hy volkome ingekeer,
omgekeer, by U die pas makeer.

Tot U hom beter toegerus,
verder op die lewenspad bestuur,

Met: “ Voorwaarts mars”,-
al gaan dit soms bars.

Dankie God en Heer;
ons plaas hom weer, nog 'n keer,
in U hande Heer.

5 Desember

Psalm 23: Skaap

Skaap, so sonder begrip,
wat weet jy, wat jou so verbly?

Jy weet tog niks
van dit waaroor die mense kwel.
Jou wete is net wie jou herder is-
so loop jy die kwade mis.

Mens, was jy maar 'n skaap,
afhanklik, sonder begrip van kwaad,
mediteer, terwyl die geeskos verteer;
soos die skaap in die weiveld rus-
eers vreet en dan verteer.

Vreet jy jou dik, o mens
tot 'n oorvol kennispens
van God se Woord, opgepot,
sonder meditasie-wag net vir die vrot?

Beperkte mens met een pens,
oortref deur domme vierpensskaap-
het hy jou goddelike wysheid gekaap?
Skaap, is dit waarom jy so rustig lê en rus
in die Heer se genade gesus?

Kom leer van die skaap, voor jy ewig gaan slaap.

6 Desember

Rusdag

**Al meer die groter nood
aan rus na die week se brood,
verdien met sweet en bloed,
geput uit Sy ewige goed**

7 Desember

4 September 1961

My kind, wat kan ek vir jou wens?

Nooit 'n leë pens,

'n bankrekening oorlopens vol,

Sy goedheid ingeprop

nooit Sy voorsiening toegestop

'n gesin wat die Here dien,

omdat Hy altyd voorsien.

My kind, Ma dink aan jou,

Selfs as die verre toekoms jou omvou.

4 September 2021

Dankie Ma, elke wens vervul,

al het die lewe my soms gekul.

Nou begin die afdraendpad,

soms word ek lewenssat.

Ek weet Hy wil dat ek leef,

al moet ek soms vir die uitdagings beef.

“My God wees my tot hulp,

In U liefdeshande toegeskulp.

Wees met my gesin, O Heer,

Ek bid U weer soos so baie keer; Dankie Heer, my Wonderheer.”

8 Desember

Hoëveld Juweel 2021

Dalk vandag, bietjie harder soek,
soos 'n hand onder 'n donker doek,
vir verlore glorie,
lank terug se storie.

Tog sal jy die juweel kry,
maak jou soektog net vry en bly.

Jy moet weet waarna om te soek,
Nie 'n koek, boek of gekloek;
dit wat waarde gee,
in jou herinnerings ingevee.
Haal hul uit, onder die lap uit.
Sien hoe mooi is hul behou,
toe jy hul van nader beskou.

So ontdek jy dan weer Douglasdam,
soos 'n paddastoel die kroon van die swam,
of die stadsaal se visdam,
die standbeeld by die kerk,
Franken se Stoommolen, meel onbeperk
Die kerke sonder bordele,
die skoon lug, 'n vergesig,
die gelowige saamtrekke,
die eenheid in die Gees.
Ja, die juweel van die Hoëveld,
deur God vir ons bewaar, sonder enige mensbeswaar,
in ons geheue ingebaar.

Noudat jy self bykans herinnering is,
troetel vir oulaas die belewenis.

9 Desember

Die Prys

Die prys is reeds betaal,
wanneer sal jy jou geskenk kom haal?

Jesus het in jou plek gely,
om jou sondelas te bevry.

Kom tog gou, o mens,
kom geniet uit Sy ewige spens.

Hy het dit vir jou berei,
om jou vir ewig aan Hom toe te wy.
Kom skaap, kom op die groen gras wei.

Kom, voor alles is verby.
Kom vat die geskenk so groot en ruim,
om jou gees te verruim.

Moet tog nie meer versuim.

Hy wag met ope arms vir jou,
ou pronkerige sondepou.

Stop op jou sondelewe vertrou.

Kyk Hy kom gou,

vir jou,

nou.

Ja, nou is die tyd,
voor jy wegsink in vergetelheid.

10 Desember

Bloedkind van Teleurstelling

My seun, my seun,

jy bly my seun.

Al is daar pyn in my hart,

al soek ek troos vir smart.

Wie is ek?

Hoe sal **ek** jou meet,

as Hy al my sonde vergeet?

Hoeveel keer moes Hy,

my van skuld las bevry?

Nooit was ek te sleg,

het Hy aanhou vir my siel geveg.

Altyd bly ek Sy seun,

selfs onder die sondelas se kreun.

So bly jy my kind,

vir ewig aan my vasgebind.

11 Desember

Realiteit

Bedrieglike sintuiglikheid -
lank geglo dis werklikheid.
Verbloem in prag, kleur en klank -
verskuilde werklikheid,
herkenbaar in oorgang van ob- na sub-jek,
is daar rusplek vir die ek;
Word vlees...gees,
Word plek... dimensie.
Word tyd... onbepaaldheid.
Word werklikheid ontbloom,
met permanensie geseën.
Vir die sielsoog,
word fluweelsag van die blom,
omgedop in skoonheid wat nou kom.
Word pyn, leed en vrees
iets wat lank terug was gewees.
Word die permanensie van sielsvreug,
waarheen mens beweeg.

12 Desember

Tandarts

Dokter van die tande,
niemand vat die werk uit u hande.
‘n Vaardige wat voor konings kan staan,
se wysheid het nooit getaan.
Altyd voor met weet,
al moes hy in die proses sweet.
Uitnemende presiesheid,
vir tandewysheid.
Altyd voor in die kenniskoor,
al moes hy hier en daar ‘n tand vermoor.
Dankie dokter-vriend,
jy het my tande goed gediend.
Net een probleem bly nog staan;
my lewe gaan voor my tande taan.
Tande is al wat van my gaan bly bestaan.

13 Desember

Rusdag

Geseënde dag der dae

na ses dae se harde slae.

Tog het U dit so beskik

vir my oorlewing ingedruk.

14 Desember

Waarom

My God, waarom so oud?

Was dit nie dalk 'n fout?

Reeds tagtig jaar gespaar,

en wat het die lewe toe tog gebaar?

Dis die verkeerde vraag voorwaar;

net Hy kan skep en gee en baar,

ook in my, 'n sondaar voorwaar.

Met die leer van Sy goed,

Kry ek nuwe moed-op my vraag;

Genadetyd wat U behaag.

Vir my wat stadig leer,

so in myself gekeer.

Bietjie, bietjie het U ontbloot,

vir my die simpel idioot:

Genadetyd

voor die wêreld jou uitsmyt.

U is liefde en genade,

Ek, slegs neerslag van U behae.

Hier is ek, my God, vir U,

my deur die doodsvallei te stu.

Reeds sien ek U lig,

wat 'n vreugdesig.

15 Desember

Doop

Skoongewas in die doop van die nag,

toe reën bring 'n nuutgewasde dag.

Die lig van die dag

verdryf die duister van die nag.

Soos U Gees inskyn in my vlees,

U stempel op my gees.

Soos die plante juigend kopoptel,

wil ek my ook voor U stel,

en ander van U vertel,

U geur versprei,

ander se harte verbly.

Nuutgebore, soos die dag,

schoongewas deur U krag,

vandag.

16 Desember

Estergees

Mooie Esterkind,

Hadassa was jou naam gewees.

Weeskind, oom Morrie het jou grootgemaak,

jou nooit, nooit versaak.

Al was julle bannelinge, nooit deur God vergeet,

Hy wat alles van jul weet.

Mooie mens, uitverkies vir die Purimfees;

Gerig deur God se Gees:

Nederige vrou, altyd aan jou Borg getrou

altyd kon Hy jou vertrou.

Gehoorsame kind, God het jou gevind,

jou gekies vir 'n tyd soos nou.

Jy mag voor die Koning staan,

Soos dit jou betaam.

Nederig sonder selfverherheffing,

gesëen met vrouewysheid.

Jy was so baie soos ons Heer

Wie telkens vir ons die onheil afweer.

Moderne Hadassa, jy met jou Estergees,

Bly op koers, sonder vrees.

17 Desember

Jan Frederik

Ek vra so min,
net 'n takkie vir 'n begin,
'n Nessie om my kleintjies in te bemin.
Gee jy om dat ek 'n wurmpie vang?
Soms so groot hul maak my bang.
Jy weet hoe ek jou vertrou,
wanneer ek so om jou voete hou.
Waar jy krap in die grond,
staan ek bont,
hier en daar 'n wurm te kry,
dit maak my so bly.
Dan kan ek hul ook deel
met die kleintjies- soms is hul te veel.
Verder dien ek jou met plesier,
as jy my dophou as ek bad,
my vlerke aanmekaar klap-
Weer en weer en weer,
net dieper duik elke keer.
So bly ons saam op jou erf
tot ons die ewige heil verwerf.

18 Desember

Vir 'n pastorvriend

(Covid-oorlewende)

Jy is kosbaar,

vir ons deur God gespaar.

Gekom, gegaan en weer na ons jou weg gebaan.

Ons dank Hom vir jou,

behoue aan ons toevertrou.

Waarom moes jy so ly?

Tog het God Hom oor jou verbly.

Terwyl ons Hom vertrou,

het Hy jou weer opgebou,

tot 'n nuwe verhouding met Hom,

vanwaar ons redding kom.

Welkom terug my vriend.

Neem jou taak weer op,

Sy oog hou jou dop.

Ons dank Hom saam met jou,

en wil jou weer aan Hom toevertrou.

Dank God en Heer,

U het die doodsengel afgeweer,

ons vriend weer herstel,

om ander siekes op te tel.

Dankie, dankie Heer, dankie nog 'n keer.

19 Desember

Liewe Ma en Pa

Waarom was julle so goed vir my?

Ek sou graag julle harte wou verbly.

Wanneer het jul besef,

jul verwagtings is bederf?

Vir my net 'n oorlewingstryd,

ja, 'n moeilike tyd.

Tog het jul liefde nooit getaan,

Ek was die senter van jul bestaan.

Graag sou ek jul wou bedank,

al is dit nou net 'n holle klank,

weerklinkend in die ruimte,

niemand ontvang die klank.

Wie weet, eendag spoedig nou,

kan ek jul weer voor oë kry.

Soveel skuld ek jul;

“Dankie” is nou net 'n nul.

Kyk in my hart, O God,

sien daar U groot gebod.

U weet die liefde in my woel,

die teerste gevoel.

Sal U dit oordra, Heer? Verbly hul harte hierdie keer.

20 Desember

Rusdag

Ewige dag van rus

Reeds in die vooruitsig

Kom U, o Heer,

ek sal U met my oorstap eer.

21 Desember

Dankbaarheid

(Spreuke 14: 22: 'n Goeie mens laat 'n erfenis na vir sy kleinkinders)

Dankie ouPa en ouMa,
vir die erfenis oorgedra-
van herinnering,
wat 'n mooie ding.
Al gee jul selfs uit gebrek,
bespot so die suinige vrek.
Liefde was die groot geskenk,
wat ek nou nog bly gedenk.
Opgeoffer vir my gerief,
sal my ondank bly deurklief.
Hoe graag sou ek nog eenmaal
dank wou sê vir wat u behaal en betaal.

Dankie ook, aan U Heer,
herinneringe geskenk, so teer.
Niks Heer kan U liefde wen,
vir my in die hemel afgepen.
Elke dag U heiligheid te aanskou,
hoe U liefde ontvou.
Dan word herinnering van mens vervaag
deur 'n uitsien-- die toekoms in te waag.
Dankie vir herinnering wat ek het,
U hulp op elke plek.
U is die ou, die toekoms en ook die nou.
U is al wat tel,
ja, die Grote El.

22 Desember

Voëltjie

Was ek maar soos jy,

altd vrolik en bly.

In jou breintjie gegrafeer

soms tien inhoude, soms meer.

Tog is hul genoeg,

te keer dat die lewe jou ploeg,

soos met ons, die mens,

wat verkies nie te put uit Sy spens.

Altd probeer selfgenoegsaam wees,

dommer as 'n bees.

Kennis word in Sy Woord verklank-

oppas vir die brein se doodstank,

van selfbedank,

vir wat self kon doen,

valslik met God te probeer versoen.

23 Desember

Afghanistan-2022

Afghaankind, mooie meisiekind,
styf teen jou moeder vasgedruk,
terwyl jou pa met jou koper heul.

Jou te verkoop,
vir meer geld neul.

Die trane wat oor jou wange rol,
kosbare pêrels deur God getel.

Elke pêrel ruk my hart,
tot in diepe smart.

Wyl ek hulpeloos kyk,
was jy maar 'n lyk;

jou gees by God,

aan Hom toegeslaan die hoogste bod.

Kind, jy sal in my gedagtes bly,
tot God jou eendag bevry.

24 Desember

Voëltjiegeloof

Hat ek maar die geloof,
van 'n voëltjie – U te loof.

Soek en jul sal vind,
maak my soos 'n voëltjiekind:

Gelowig te soek en te weet,
U voorsien sonder my sweet.

Voëltjie, soek gelowig kos,

hy weet U is op U pos;

U sal voorsien en vir hom gee,

hy sal nie op die grond val,

(hoeveel keer hoor jy dit al?)

sonder God se wil.

Probeer jy Sy wil kul?

Hy het jou nog meer lief,

as hy wat die lug deurklief.

Van jou is elke haar getel,

die Woord het dit vertel.

Laat staan jou vrees;

Laat Hy jou God wees.

25 Desember

Net Hy

Geen aardse plesier,
geen mooie natuur,
kan my uit U hande ruk,
U het hierdie blom vir U gepluk.
Sondedeurdrenkte aarde,
het vir my geen waarde.
Al dreig die sondevloed,
my te laat vergeet van U bloed-
mag God dit verhoed!
As ek weens sonde ly,
weet ek U is steeds naby.
Al tik die sonde voort,
U genade open die hemelpoort.
Jesus, U alleen kan my bevry,
U maak my vir ewig bly.
Dankie God en Heer,
ja, nog 'n keer.

26 Desember

Mispa (‘n Ogie hou oor)

Gen. 31:49:

***“Dit is Mispa want die Here hou ‘n oog oor ons
Wanneer ons mekaar nie meer kan sien nie.”***

Dankie, vriend en maat,
my broer wat my nou verlaat.

Al sal ek jou nie weer sien,
in my hart jou tog nog bedien.

Soos so vele Woensdae,
as ons na mekaar uitreik met vrae.

Altyd was Sy Gees getrou,
het Hy ons in Sy liefde gehou.

So het Hy ons geleer,
om die baie ken te beheer.

Tog was dit altyd goed,
mekaar so te kon ontmoet.

Ek mis jou reeds, my goeie vriend.

Indien ons dan nie weer hier sien,
anderkant sal ons mekaar bedien;
met vrede, liefde en plesier.

Nooit weer te skei,
net ewig in Sy liefde te bly.

Mispa! Dan vir jou. Ek sal jou altyd onthou

27 Desember

Laaste Rusdag

So kry ook hierdie jaar klaar.

Twee en vyftig rusdae baar

'n voorsmaak voorwaar,

van 'n hemel reeds voorberei-

Kant en klaar.

28 Desember

Auschwitz 1943

(14 jarige dogter met gebreekte lip na klap van bewaarderes, een uur voor haar teregstelling deur 'n inspuiting in haar hart)

Mooie meisiekind

het jy jou God gevind?

Is dit waarom jou siel juig,

die hoeke van jou mond ombuig?

Jou kroon is afgeskeur, afgeskeer

deur satansvriend, wie dink daar is geen keer

dat jy sy boosheid nie kon afweer.

Hy het nie jou kleed gesien

deur Jesus bloed gekleur,

verwit.

Jy is reeds in Sy besit.

Spoedig sal die haakspeldknoop,

vervang word met Sy goue hoop.

Wanneer jy jou ou ogies weer oopmaak

kyk op in die goue straat.

Jy sal Hom sien sit op Sy troon,

met 'n kroon

vir jou reggesit.



29 Desember

Blye Dag

(5 April 1962-----5 April 2022)

Blye dag

60 jaar vandag.

Toe ek jou ontmoet-

herinnering so soet.

Mooie meisiekind,

God het jou vir my gevind.

My eensaamheid deurbreek.

Nooit sal ek jou vergeet-

Genade Hart

Genade vir my smarthart.

Het jou so lief,

my hartedief.

Dankie, dankie Heer

Meer as wat ek ooit kon begeer.

30 Desember

Ateïs

Kom uit die duisternis.

Ook jy het eens lig gesien,
toe gekies satan te dien.

Moet ek jou lief,
jou sieledief,

Jy, wat my Verlosser haat,
en soek na die kwaad?

Wat het ek met jou gemeen,
jy van God vervreem?

Jy, wat satan seën

Jy, wat Jesus verag,

Hom tot leuenaar maak,

sê Hy lieg

en in Sy gesig spuug,

omdat jy nie glo in Sy saak?

Moet ek sleg voel,

as ek koud teenoor jou voel,

jy met jou titel en al,

in die hel sien val?

Dankie jy is so koud,

Haatlik in jou verhewenheid,

In jou neersien op my eenvoudigheid.

31 Desember

Vryheid

Ermelo:

Agter mure vasgekluiser,

alles word duister.

My siel versmoor,

het ek hom hier vermoor?

Gee tog lig,

'n vergesig,

Heer, laat my asemhaal ,

voor U my kom haal.

Scottburgh:

Goddank vir Scott se dorp,

ingeperktheid opgeskort.

Die see so ruim en wyd,

red my siel van benoudheid.

Maak my tog vry in U o Heer,

my hart van verweer gekeer,

my gees verruim in U,

in U ewigheid vernu.
